b16298780
c.1

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300005018324
Universiteit Vrystaat

# ‘N NARRATIEWE BENADERING TOT DIE PASTORALE BEHOEFTES VAN GETRAUMATISEERDE JONG KINDERS (7-12) IN ‘N INFORMELE NEDERSETTING (PLAKKERSKAMP)

MICHAEL ANTONIE FERREIRA

# ‘N NARRATIEWE BENADERING TOT DIE PASTORALE BEHOEFTES VAN GETRAUMATISEERDE JONG KINDERS (7-12) IN ‘N INFORMELE NEDERSETTING (PLAKKERSKAMP)

MICHAEL ANTONIE FERREIRA

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes

vir die graad

Magister Theologiae Praxis

(Gespesialiseerde Pastoraat)

in die Fakulteit Teologie

(Departement Praktiese Teologie)

aan die

Universiteit van die Vrystaat.

**Studieleier: Dr. Dawid Kuyler**

NOVEMBER 2012

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN
1 3 OCT 2013
UV SASOL BIBLIOTEEK

# Opgedra aan:

**My ouers (Wyle Niek en Ina Ferreira)**

**My vrou (San-Mari)**

**My kinders (Retske en Vian)**

# WAARDERING EN ERKENNING

Die Here Jesus Christus wat my geseën het met gesondheid, lewenskragte en verstand en my in staat gestel het om hierdie studie so goed as moontlik te doen asof vir Hom (Kol. 3:23). Ek dank Hom vir wonderwerke en gebedsverhoring tydens hierdie studie en vir wonderlike geleenthede wat Hy vir my oopgemaak en gegee het.

My kollegas en die Kerkraad wat my in staat gestel het om hierdie studies te kan doen en tyd daarvoor te kan inruim tussen my ander verpligtinge deur. Dankie vir my kollegas se begrip en geduld. Dankie vir die kerkraad vir finansiële steun wat hierdie studies moontlik gemaak het. Dankie vir alle lidmate wat belang gestel het en my gedurende hierdie twee jaar in gebed gedra het. Dankie aan die kantoordames vir julle geduld met my en vir Adri wat met die druk- en bindwerk gehelp het.

My studieleier, Dr. Dawid Kuyler, wat op sy rustige manier my met onskatbare raad en wysheid gehelp het en telkens baie vinnig terugvoer gegee het as ek dele van hierdie verhandeling aan hom voorgelê het. Dankie ook vir die positiewe terugvoer wat as motivering gedien het om die verhandeling te kon afhandel. In die geheel baie dankie aan die ander dosente van die Departement Praktiese Teologie wat betrokke was by die studies en altyd bereid was om raad te gee en navrae te beantwoord, nl. Proff. Kobus Schoeman, Jan-Albert Van den Berg en Dr. Johan Nel (ook vir die ekstra praktiese blootstelling) asook mev. Annelize Dreyer (Departementele sekretaresse).

Mev Marthie van den Berg wat die proefleeswerk met toegewydheid en baie liefde onder groot druk gedoen het, nadat sy al meer as 'n jaar gelede aangebied het om dit te doen.

Almal wat meegewerk het en gehelp het en bereid was om tyd af te staan vir onderhoude. Dankie ook aan alle vriende en familie wat op verskillende maniere my en ons gesin bygestaan, gemotiveer en ondersteun het en vir ons gebid het.

My ouers wat my altyd met alle studies en projekte wat ek aangepak het ondersteun het op alle maniere wat hulle moontlik kon. Ek dank hulle vir hulle liefde en ondersteuning en sou graag ook hierdie studies met hulle wou deel, maar ek weet hulle geniet die ewige lewe in die volheid daarvan in die teenwoordigheid van die Here.

My dierbare vrou, San-Mari, wat my gehelp het met van die navorsing en heelwat kennis en begrip, aangesien sy as maatskaplike werker ook in hierdie gebied gewerk het en my in kontak kon bring met sekere van die bronne en ook vir my kon help met sekere van die kwantitatiewe navorsing. Ek dank haar ook vir haar liefde, geduld en deurlopende motivering en vir haar opofferings in die tye wat sy maar die huishouding alleen moes hanteer in my afwesigheid.

My kinders, Retske en Vian, vir hulle ondersteuning en geduld met 'n pa wat nie altyd beskikbaar was nie en soms weg was en ander kere nie voldoende aandag kon gee nie. Ek waardeer julle begrip en liefde.

# INHOUDSOPGAWE

**INLEIDING:** BL 6

PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING VAN DIE

RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING.

**HOOFSTUK 1:** BL 19

'N OORSIG VAN DIE LITERATUURSTUDIE RAKENDE DIE

ONDERWERP ASOOK SOORTGELYKE NAVORSING EN STUDIES.

**HOOFSTUK 2:** BL 40

DIE DEMOGRAFIE EN OMSTANDIGEHEDE IN DIÉ INFORMELE

NEDERSETTING, PRINCESS PLAKKERSKAMP.

**HOOFSTUK 3:** BL 56

OPSOMMING VAN DIE RESULTATE VAN DIE VRAELYSTE EN

ONDERHOUDE.

**HOOFSTUK 4:** BL 95

VERDUISTERDE TOEKOMSVERHALE AS GEVOLG VAN TRAUMA.

WAT IS DIE GEVOLGE DAARVAN? WAT IS DIE PAD VORENTOE?

**HOOFSTUK 5:** BL 110

'N SAMEVATTING VAN DIE PASTORALE BEHOEFTES VAN KINDERS

IN 'N INFORMELE NEDERSETTING AS GEVOLG VAN TRAUMA:

GEVOLGTREKKINGS, BEPERKINGS EN SLOT OPMERKINGS.

**BIBLIOGRAFIE** BL 121

## 1. INLEIDING:

Om in 'n informele nedersetting of "Township" te woon, bied baie uitdagings. Armoede en die gebrek aan basiese dienste is maar enkele van die uitdagings. Gebrek aan ondersteuningsdienste soos maatskaplike- en sielkundige dienste is 'n realiteit. Om 'n kind in 'n informele nedersetting te wees waar jy aan baie traumas bloot gestel word sonder dat jy gehelp word om die traumas te verwerk, plaas groot druk op kinders. Trauma se impak op 'n mens en in besonder op kinders kan nie onderskat word nie. "Children may have changed feelings about the future. They sometimes feel that 'bad things' will happen again and that they will not live very long, marry or have a career" (Lewis 1999:14). Hoe word hierdie traumatiese uitdagings aangespreek deur die kerk en die teologie?

Vanuit godsdienstige groeperings is daar op verskillende maniere gepoog om pastoraal antwoorde te bied vir die uitdagings van die lewe. Hierdie traumatiese ervarings moet deur middel van 'n pastorale benadering aangespreek word. Binne die veld van die pastoraat kan daar verskeie keuses gemaak word. Van die keuses wat ter sprake kom by die pastorale benadering en wat deur die eeue in die teologie en die kerk ontwikkel het, is onder andere die volgende moontlikhede:

**Kerugmatiese benadering:** Tradisioneel was die kerugmatiese gesprek die fokuspunt van pastoraat binne gevestigde kerke en tradisies. Dit beteken dat pastoraat ten nouste die verkondiging van die Woord aan die enkeling is en dit loop uit op die kerugmatiese moment: "So sê die, Here, Here" (Rossouw 1992:20). Tydens hierdie gesprek word God se soewereiniteit gehandhaaf en die mens se radikale verdorwenheid erken. Daar is egter geen aankopingspunt by die verdorwe mens nie en die verkondiging van verlossing uit genade is die kerugmatiese spits en is suiwer afhanklik van die werk van die Heilige Gees om mense lewend te maak (Rossouw 1992:20). In die lig hiervan sê Thurneysen in Rossouw (1992:22) dat pastoraat is: "... gebed om die Heilige Gees".

**Terapeutiese benadering:** Rossouw bespreek die grondlyne van 'n pastorale model van Gerben Heitink en dui die historiese ontwikkeling van die pastoraat aan deur gebruik te maak van verskillende literêre omgewings en ontwikkelings.

Die Duits-Switserse literatuur:

Eerste fase: Thurneysen en Asmussen.

"Hierdie fase word gekenmerk deur die kerugmatiese sielsorg van Thurneysen ..." (Rossouw 1983:9). Asmussen kongrueer hom deur die verkondiging van die Woord van God aan die enkeling.

Tweede fase: verbreding

Jentsch is veral die eksponent wat pastoraat definiëer as 'n relasionele verskynsel wat bestaan uit spesialisering, konkretisering en verkondiging. Volgens Heitink is hier wel sprake van 'n brugboupoging tussen teorie en praktyk.

Derde fase: nuwe ontwikkelinge

In hierdie fase, begin die Kliniese Pastorale Vorming (KPV) meer aanklank vind in die Duits-Switserse literatuur.

Die Amerikaanse literatuur

Eerste fase: A.T. Boisen

Boisen word juis beskou as die vader van die KPV en eksperimenteer reeds sedert 1925 met die model. Hy is veral ook bekend as vader van die "living human document" wat later deur Gerkin (1984) uitgebou word in 'n gelyknamige boek wat juis die pastorale versorging herdefiniëer in 'n hermeneutiese model.

> "More basic was Boisen's concern that the objectifications of theological language not lose touch in the minds of pastors with the concrete data of human experience. His fear was that the language of theology was being learned by seminarians and pastors without that connection being made. Only the careful and systematic study of the lives of persons struggling with the issues of the spiritual life in the concreteness of their relationship could, in Boisen's view, restore that connection. For Boisen this meant the study of 'living human documents" (Gerkin 1984:37).

Tweede fase: S. Hiltner

Een van die grootste pastorale teoloë in Amerika se pastoraat word veral gekenmerk deur die teorie/praktyk wisselwerking asook die erkenning dat die Sielkunde tot hulp kan wees vir die pastoraat asook die beginsel dat leer deur waarneming plaasvind vanuit die praktyk.

Derde fase: enkele ander stemme

Hier lewer Clinebell en andere kritiek teen Rogers en Hiltner se kliëntgesentreerde benadering, deur die relasiegesentreerde model van pastorale beraad bekend te stel wat beklemtoon dat die 'verhouding' - eerder as die 'kliënt' - die sleutel tot suksesvolle berading is.

Die Nederlandse literatuur

> "Heitink wys op die feit dat die lyn van die Calvinistiese tradisie van pastoraat as bediening van die Woord die Nederlandse literatuur oorheers. Tog is daar ook 'n tweede lyn van ontwikkeling wat reeds van vroeg af onderskeibaar is, nl. die klem op die psigologie en psigoterapie in die pastorale handelinge" (Rossouw 1983:11).

Hier is die hooflyne van die ontwikkeling in die Nederlandse literatuur:

Eerste fase (a): Pastoraat as Woordebediening. G. Brillenburg Wurth

Eerste fase (b): Klem op die psigologie en psigoterapie

Tweede fase (a): Die opkoms van die klinies-pastorale vorming

Tweede fase (b): Ander ontwikkelinge

**Hermeneutiese benadering-narratief:**

Louw (1999:22) praat van belangrike paradigmatiese skuiwe binne pastorale teorievorming:

Van 'n *individuele benadering* na 'n *kontekstuele benadering.* Die klem op outonomie het dus plek gemaak vir 'n klem op die netwerk van verbintenisse en strukture binne 'n sosiale en kulturele konteks. Hierdie skuif sal beteken dat die kerk as liggaam van Christus opnuut onder die soeklig sal kom en geëvalueer word aangaande die Bybelse opdrag om mekaar te versorg en mekaar se laste te dra (Bybelgenootskap 1983: Gal. 6:2).

'n Tweede verskuiwing is 'n paradigmatiese verskuiwing vanaf die *kousale benadering* van oorsaak en gevolg na 'n *hermeneutiese paradigma.* Dit beteken dat daar nie altyd verklarings vir probleme is nie, maar eerder die deurtrek van verbande met die oog op singewing en veral die sin en betekenis van die God-mens-verhouding. Metafore, simbole en die ontdekking van verbande en verhoudings speel bydraend in op singewing, verheldering en verstaan van situasies, probleme en besluite.

“‘n Derde verskuiwing is ‘n beweging *weg van die sogenaamde kerugmatiese verkondiging* na *vertolking en storievertelling*” (Louw 1999:23). Daar is ‘n aantal kontekste en sisteme wat verstaan en vertolk moet word, bv. Die mens; God; Die mens en sy wêreld; Die mens en God; Die mens en die evangelie en so meer. Hierdie is dus ‘n drastiese skuif in die rigting van ‘n narratiewe aanpak wat die verskillende verhale soos die Menseverhaal, die Godverhaal, die Evangelieverhaal en die “open-ended story” (Gerkin 1986:48) op mekaar laat inspeel en mekaar dus verklaar en interpreteer.

Wanneer ons van die narratiewe benadering praat, is dit nie ‘n naïewe omgaan met mekaar se verhale nie, maar soos in alle vorme van kommunikasie en interaksie, moet daar ‘n kritiese instelling teenoor die storieverteller en sy storie wees, want pastorale optrede gaan altyd oor verandering en ons moet daaraan vashou en dit glo.

‘n Vierde belangrike verskuiwing is die verskuiwing *weg van 'n eensydige professionele benadering* na die *onderlinge versorging van gelowiges*. Hierin moet die balans gevind word tussen die beoefening van ‘n wetenskaplike vak binne ‘n professionele spanverband, sonder dat dit eksklusief gereserveer word vir sekere predikante en in die proses weggeneem word van gelowiges wat nog steeds die Bybelse opdrag het om mekaar te versorg en mekaar te dien.

> “Die onderlinge pastoraat en die versorgende diens van vrywilligers is vir die voortsetting van die pastoraat van groot belang. Die basis van die pastorale bediening bly die koinonia: die onderlinge liefde tussen gelowiges” (Louw 1999:26).

Hierdie vierde verskuiwing binne die ontwikkeling van die pastoraat wil die fokus terugplaas op die plaaslike kerk wat ‘n pastorale gemeente moet wees. Die onderlinge liefdesgemeenskap moet dien as stimulasie vir onderlinge sorg en versorging.

Die diepste punt waarom die pastorale as wentel, is nie luistervaardighede, status van die pastor, kennis van die pastor of wat die pastor sê en hoeveel raad hy/sy gee nie, maar eerder wie die pastor is vir mense.

> “Dan kan die pastor se identiteit opnuut herformuleer word in terme van sy/haar bemiddelende en vertolkende funksie. Die pastor moet die evangelie so bemiddel dat God se teenwooordigheid via die geloof gekonkretiseer word” (Louw 1999:27).

Partykeer gebeur dit veral as die berader en pastor nie primêr probleemoplossend en direktief optree nie, maar eerder bemiddelend en fasiliterend optree, sodat die kliënt tot verhaal kan kom deur sy/haar verhaal te vertel en tydens die vertelling die liefde en aanvaarding van die pastor en berader kan aanvoel.

Muller (1996:1-5) bespreek die metode van die narratiewe benadering as die 'proses' waarin 'n persoon tot verhaal moet kom, letterlik deur weer nuwe krag te kry na noodgebeure. Ten tweede wys dit op die genesende aard van stories vertel en verhale deel wat kan lei tot 'n beter toekoms en 'n nuwe verhaal. Hy verwys ook na Don Browning se benadering tot die wetenskaplike proses waar daar van praktyk-teorie-praktyk beweeg moet word.

Die skrywer sal dié benadering in 'n groot mate wil volg, ten einde stories, literatuur, behoeftes en relevante hulpverlening met mekaar te laat trou, sodat 'n verantwoordbare praktiese raamwerk daar gestel kan word wat kerke en ander partye kan help om kinders in die breë, en getraumatiseerde kinders in die besonder, te help na 'n beter en gesonder toekoms.

> "Narrative therapy makes strong use of language to help the child. Narrative therapy is based on the concept of storying. Stories are told about how the child's problem has influenced their life and retold by creating an alternative story in which the problem does not dominate the child's life" (Geldard & Geldard 2008: 41).

Hier gaan dus gekyk word na 'n narratiewe benadering tot die pastorale behoeftes van getraumatiseerde jong kinders (7-12) in 'n Informele Nedersetting (plakkerskamp) met gereelde verwysings na 'townships', omdat gebrekkige literatuur rakende Informele Nedersettings in 'n Suid-Afrikaanse konteks, 'n breër relevante benadering noodsaak. Hoekom kinders? Is daar getraumatiseerde kinders en het getraumatiseerde kinders dan unieke pastorale behoeftes, en indien wel, is daar nie genoeg mense wat met getraumatiseerde kinders werk nie? Is daar mense wat met getraumatiseerde kinders in 'n Informele Nedersetting werk, en watter persoonlikheids-eienskappe en opleiding het hulle nodig? Is daar genoeg opgeleide werkers om die omvang van die probleem doeltreffend en suksesvol aan te spreek en 'n eksistensiële verskil te maak?

Die skrywer wil graag na die probleem van getraumatiseerde kinders in 'n Informele Nedersetting, spesifiek Princess, gaan kyk vanuit 'n narratiewe benadering in die

pastoraat; hoe die kerk, as liggaam van Christus, getraumatiseerde kinders kan bedien binne hul konteks.

Ons is baie bewus van die unieke omstandighede waarin ons in Suid-Afrika leef. SACLA (2004:1) het van hierdie omstandighede wat 'n negatiewe invloed op ons kan uitoefen, geïdentifiseer, nl. MIV/ Vigs; geweld; misdaad en korrupsie; armoede en werkloosheid; rassisme, seksisme en familie- en gesinsprobleme.

Ons is ook bewus daarvan dat sekere gemeenskappe meer beïnvloed word deur sekere van hierdie reuse en ander weer meer deur van die ander reuse. So byvoorbeeld is die voorkoms en effek van MIV/Vigs tans nog baie meer prominent in 'Townships' en informele nedersettings, maar seksisme en sekere familie- en gesinsprobleme is vir ons meer sinoniem met middel- en hoërklas gesinne. Tog is baie van hierdie aannames op mites en onakkurate informasie gebaseer. Later in hierdie studie word tog gesien dat gesinsgeweld en selfs seksisme ook 'n groot probleem in die Informele Nedersettings is.

Nieteenstaande die argumente oor verskillende voorkomste en invloede van samelewingsprobleme soos die SACLA-reuse, bly die feit dat alle traumatiese ervarings 'n invloed het op elke gemeenskap, en dit is ook feitelik korrek om te beredeneer dat die verskillende generasies in 'n gemeenskap traumas verskillend beleef en traumas ook verskillend hanteer. Sommiges sal soms die effek wat trauma op hulle het, en die impak daarvan, ontken, al is dit sigbaar deur verskillende vorme van destruktiewe, irrasionele of ontoepaslike gedrag wat daaruit voortspruit. Kinders is die kerk en die samelewing van vandag en môre en ons wil 'n helende gemeenskap vandag en môre hê. "Een van die erge nagevolge van 'n traumatiese belewenis is dat dit 'n mens se hele lewens- en Godsbeskouing skud en jou selfkonsep dikwels baie verander" (Retief 2004:26). Daarom sal die kerk en alle ander rolspelers wil voorkom dat kinders se lewens- en Godsbeskouing en selfkonsep geskud en benadeel word, want dan maak ons weer 'n 'verlore generasie' groot vir die toekoms.

Deur middel van 'n narratiewe inluistering vanuit 'n narratief in die Bybel en narratiewe in die gemeenskap; in die besonder die gemeenskap in 'n Informele Nedersetting, word daar gepoog om antwoorde op bogenoemde vrae in stories van Jesus en mense te vind. In "Die Terugkeer van die Verlore Seun" (2007) skets Henri Nouwen die bekende verhaal van Lukas 15 in die Bybel op 'n nuwe kreatiewe manier. Die verhaal word ge-

dekonstrueer en Nouwen (2007) verduidelik die invloed wat die gelyknamige skildery van Rembrandt op hom gehad het. Eintlik word die skildery gefragmenteer om die verhaal te dekonstrueer en in die proses word daar op narratiewe wyse geluister en gekyk na 'n ou bekende verhaal.

Hierdie storie word vertel deur Jesus (Bybelgenootskap 1983) en die probleemverhaal is die van 'n jongste seun wat die ondenkbare doen deur sy erfporsie op te eis, terwyl sy pa nog lewe. Die dominante storie lyk dus na die verhaal van 'n rebelse seun en die intriges daar rondom. White & Epston (1990:1-76) verduidelik die narratiewe proses en narratiewe terapie aan die hand van die storievertelling wat begin by die probleemverhaal, die dominante storie en beweeg dan na die invloed wat hierdie storie op verhoudings het (mapping). In Nouwen (2007:35-79) se interpretasie van die verhaal van die verlore seun aan die hand van die skildery van Rembrandt, word die trauma wat die seun ervaar op die plaas en die traumatiese impak wat die besluit om weg te gaan op hom, sy pa, sy ouer broer en sekerlik die pa se slawe en werkers het, juis uitgebeeld aan die hand van weggaan en terugbeweeg in en uit verhoudings. Dit is voor-die-hand-liggend dat die jongste broer se besluit 'n invloed het op sy verhouding met sy vader en sy oudste broer en tog miskien ook met werkers op die plaas. Verder verander die ouer seun en sy pa se verhouding, sowel as die twee broers se verhouding met mekaar.



Tradisioneel was dit maklik om te verklaar dat die probleem die rebelse jongste seun is, maar as ons van die veronderstelling uitgaan dat die probleem die probleem is en nie enige van die persone in die verhaal nie, dan is die volgende stap dié van die eksternalisering om die probleem 'n naam te gee.

> " 'Externalizing' is an approach to therapy that encourages persons to objectify and, at times, to personify the problems that they experience as oppressive. In this process, the problem becomes a separate entity and thus external to the person or relationship that was ascribed as the problem" (White & Epston 1990:38).

Miskien gaan dit oor die onvermoë van die seuns om te verstaan wie die pa regtig is. As daar dekonstruksie plaasvind van die verhaal, word 'n jonger seun opgemerk wat disrespekvol teenoor sy pa is en net aan homself en sy behoeftes dink. Die ouer seun besef nie dat hy op die plaas is en bly en voorregte geniet as gevolg van die pa se genade en goedhartigheid nie. Hy dink hy het dit verdien deur sy harde werk en lojaliteit deur op die plaas te bly en nooit iets meer te vra nie. Die pa is 'n genadige, liefdevolle figuur met ope arms en die bereidheid om tweede kanse te gee en terug te ontvang en te verduidelik en in liefde te ontferm.

Unieke uitkomste wat hier opgemerk word, is die jongste seun wat tot inkeer kom, die pa wat gereeld uitgaan om te sien of die seun gaan terugkom en sy reaksie as die seun wel terugkom. Die ouer seun se bereidheid om tog op verrassende en skokkende wyse sy gevoelens teenoor die vader te opper en die vader wat sy liefde teenoor die oudste seun verklaar en die verhaal oop los vir hom om terug te keer in die verhouding in en die verhouding vir die eerste keer ten volle te verstaan.

> "Unique outcomes can be identified through a historical review of the persons' influence in relation to the problem. Here persons can be encouraged to recall 'facts' or events that contradict the problem's effects in their lives and in their relationships. Although such events are experienced by the persons concerned at the time of their occurrence, the problem-saturated stories of their lives usually rule out the attribution of new meanings to such experiences" (White & Epston 1990:56).

Die alternatiewe verhaal wat ontvou, is die verhaal van 'n vader met uitgestrekte arms na beide seuns wat albei seuns se uiteenlopende traumatiese ervarings en optrede uitkanselleer en as't ware absorbeer ten einde - saam as gesin en elke persoon op sy eie - 'n beter toekoms te kan visualiseer en daarna te kan uitsien.

Hierdie verhaal van die verlore seun soos gesien deur Henri Nouwen, na aanleiding van sy ervaring van die skildery van Rembrandt, skets die essensiële rol wat die teologie speel in

die rol van hulpverlening aan getraumatiseerde kinders in 'n Informele Nedersetting. Dit beklemtoon hoe groot die nood is vir hulpwerkers en hoe groot die behoefte is dat daar meer genadige en liefdevolle vaders sal wees, omdat dit in die samelewing waarin ons opgroei en leef 'n onweerlegbare en hartseer realiteit is dat daar baie faktore is wat op verskillende maniere veroorsaak dat vele kinders op vele maniere getraumatiseerd is en verlore raak. Hulle verdwyn vir vandag en vir môre as hulle nie geleenthede kry om hulle stories te vertel en daar unieke uitkomste en alternatiewe verhale daaruit kan voortspruit nie. Ten einde dit te kan doen, is dit nodig dat verlede verhale en noodverhale vertel word, dat dominante stories lyf kry en die invloed van gebeure op verhoudings verdiskonteer word en probleme ge-eksternaliseer word, gedekonstrueer word en die deur oopgemaak word vir unieke uitkomste en alternatiewe verhale, nadat herïnterpretasie en herformulering van die verlede en die nood plaasgevind het (Müller 2000:92-93).

Daar is 'n tekort aan mense wat bereid is om te luister na die pastorale behoeftes van getraumatiseerde mense en kinders in die besonder. Daar is beslis 'n wesenlike tekort aan genadige en geduldige luisteraars wat betref die verhale van getraumatiseerde kinders. Die gemeenskap is ook grootliks in 'n staat van ontkenning wat betref die pastorale behoeftes van getraumatiseerde mense en veral kinders in 'n Informele Nedersetting. Dit is hier waar genadige 'vaders' met oop arms nodig is, dit is hier waar die 'ouer broers' kerkwees moet begin verstaan, sodat 'jonger broers' wat weggeloop of weggeraak het, ook weer opnuut die genadige vader sal ontdek en tuiskoms kan ervaar.

> "It is critically important that faith communities should approach their ministry to children in a contextual way. This implies that practical theology should guide Christian churches and communities to truly understand the plight, suffering and needs of children in South Africa. Understanding of children and their contexts is easier to come to when one enters into a dialogue with social science disciplines such as sociology, social psychology, political science, economics and others, because it helps to provide the necessary resources and guidelines for analysing the context of children" (Swart & Rocher et al 2010:235).

Die werklikheid van kinders wat trauma beleef word as volg deur Lewis (2009:14) beskryf: "Many South African children are affected by trauma because of the high levels of violence, both within the home and the wider community."

Die verdere werklikheid dat kinders vanaf 'n baie jong ouderdom in 'townships' en Informele Nedersettings getraumatiseer word, is ook 'n feit en algemene waarneming wat deur Lewis (1999:9) onderstreep word:

> "Continuous traumatic stress is the term used to describe situations where people are exposed to ongoing trauma. Many South African children, particularly black children who live in townships with high levels of violence, are constantly exposed to violence and have been traumatised repeatedly. These children live with the constant threat of danger and violence."

"Kinders en adolessente word meer dikwels as volwassenes getraumatiseer" (Dreyer & Endres 2009:251). Faktore wat normaalweg trauma veroorsaak soos ongelukke, misdaad en geweld, gesinsgeweld, korrupsie, egskeiding, dood van geliefdes en ander onvoorsiene lewensbedreigende gebeure, is ook van toepassing op mense in informele nedersettings, maar dan is daar bykomende faktore soos rassisme, seksisme (meer prominent as in Westerse kulture) asook die invloed van MIV/VIGS en die gevolg daarvan op gesinne en in die besonder kinders in Informele Nedersettings.

> "By the year 2002, 14 million children had been orphaned globally because of the HIV/AIDS pandemic. A great number of these have become the heads of households, are forced to look after themselves and siblings, drop out of school, are vulnerable to many forms of abuse and have found work to take care of themselves and their siblings" (Maqoko & Dreyer 2007:717).

Hierdie 'child-headed households' raak 'n al groter probleem in 'townships' en veral Informele Nedersettings waar van hierdie huishoudings meer voorkom omdat hulle vanselfsprekend nie ander huisvesting kan bekostig nie.

Hierdie is 'n voorbeeld van kinders wat geweldige trauma beleef en waarvoor daar nie die nodige sensitiwiteit en verdraagsaamheid by die breër gemeenskap is nie. Gil (1998) in Wilson & Van Wyk (2009:1) skryf oor kinders wat trauma ervaar as gevolg van seksuele misbruik, maar maak dit ook van toepassing op kinders se belewenis van trauma oor die algemeen: "When children are traumatised they feel overwhelmed by the incident and lose control over their lives. It leaves them with feelings of helplessness and fear."

Gesien in die lig van bogenoemde waarnemings en werklikhede is dit van pas en relevant om aan die hand van 'n Afrika-kinderverhaal die narratiewe verstaan van kinders se traumaverhale in 'n Informele Nedersetting op 'n narratiewe wyse te konstrueer en daarmee om te gaan, ten einde die narratiewe te honoreer, die verstaan- en belewingswêreld van kinders te erken en die Afrika-konteks van 'n Informele Nedersetting in Suid-Afrika te verdiskonteer.

Die volgende verhaal gaan funksioneel geïmplementeer word om die probleem van getraumatiseerde kinders in 'n Informele Nedersetting beter te verstaan, asook die aard

van faktore wat bydra tot trauma en die narratiewe verstaan daarvan. Hierdie verhaal gaan ook aansny by die problematiek van herhaalde trauma, onvoldoende hulpbronne en vaardighede asook onsensitiwiteit, begrip en oop, genadige, liefdevolle, goedhartige en bereidwillige vaderarms wat gereed staan om te luister na diep wonde van seer, teleurstelling, ontnugtering en verwerping.

Hier volg die antieke verhaal van "Why Anansi Has Eight Thin legs" soos oorvertel deur Lin Donn (www.http//mrdonn.org/anansi/html).

Once upon a time. A long time ago, there lived a spider named Anansi. Anansi's wife was a very good cook. But always, Anansi loved to taste the food that others in the village made for themselves and their families.

One day, he stopped by Rabbit's house. Rabbit was his good friend.

"There are greens in your pot," cried Anansi excitedly. Anansi loved greens.

"They are not quite done," said Rabbit. "But they will be soon. Stay and eat with me."

"I would love to, Rabbit, but I have some things to do," Anansi said hurriedly. If he waited at rabbit's house, rabbit would certainly give him jobs to do. "I know," said Anansi. "I'll spin a web. I'll tie one end around my leg and one end to your pot. When the greens are done, tug on the web, and I'll come running !"

Rabbit thought that was a great idea. And so it was done.

"I smell beans," Anansi sniffed excitedly as he ambled along. "Delicious beans, cooking in a pot."

"Come eat our beans with us," cried the monkeys. "They are almost done."

"I would love to, Father Monkey," said Anansi. And again, Anansi suggested he spin a web, with one end tied around his leg, and one end tied to the big bean pot.

Father Monkey thought that was a great idea. All his children thought so, too. And so it was done.

"I smell sweet potatoes," Anansi sniffed happily as he ambled along. "Sweet potatoes and honey, I do believe!"

"Anansi," called his friend Hog. "My pot is full sweet potatoes and honey! Come share my food with me."

"I would love to," said Anansi. And again, Anansi suggested he spin a web, with one end tied around his leg, and one end tied to the sweet potato pot.

His friend Hog thought that was a great idea. And so it was done.

By the time Anansi arrived at the river, he had one web tied to each of his eight legs.

"This was a wonderful idea," Anansi told himself proudly. "I wonder whose pot will be ready first?"

Just then, Anansi felt a tug at his leg. "Ah," said Anansi. "That is the web string tied to Rabbit's greens". He felt another. And another. Anansi was pulled three ways at once.

"Oh dear," said Anansi as he felt the fourth web string pull.

Just then, he felt the fifth web string tug. And the sixth. And the seventh. And the eighth. Anansi was pulled this way and that way, as everyone pulled on the web strings at once. His legs were pulled thinner and thinner. Anansi rolled quickly into the river. When all the webs had washed away. Anansi pulled himself painfully up on shore.

"Oh my, oh my," sighed Anansi. "Perhaps that was not such a good idea after all."

To this day, Anansi the Spider has eight very thin legs. And he never got any food that day at all.

In die uiteensetting van die narratiewe verstaan van die pastorale behoeftes van getraumatiseerde kinders in 'n Informele Nedersetting, sal 'Anansi' heel moontlik verwys na die getraumatiseerde kind. Die agt potte kos kan verwys na al die faktore wat inwerk op die kind se lewe, nl. verskillende traumatiese ervarings, die omgewing van 'n informele nedersetting, die breër omgewingsfaktore in die provinsie en die land, mense wat nie luister nie en bydra tot sekondêre trauma as gevolg van 'n gebrek aan empatie, kennis en ondersteunings-vaardighede en mense wat wil aanbied om hulp te verleen. 'Anansi' se teensinningheid om te wag en te help, dui op die getraumatiseerde kind se geskiedenis van seerkry en onwilligheid om iemand te vertrou en te lank in verhoudings betrokke te raak, omdat dit is waar die seerkry ten diepste plaasvind. Die hele uiteinde van die verhaal laat die getraumatiseerde kind weer eens verwond, uitmekaar geskeur en nog steeds honger. Hoe langer die honger voortduur hoe meer sal onoordeelkundige optrede en besluite soos hierdie voorkom en voortduur. As daar, soos dit met 'Anansi' die geval is, wel kos by die huis is wat kan dui op 'n ondersteuningsnetwerk en goed opgeleide beraders wat bereid is om na getraumatiseerde kinders se seer- en noodverhale te luister, hoef hulle nie uitmekaar geskeur te word op ander terreine en plekke waar hulle uitkoms en betekenis gaan soek nie.

In hoofstuk 1 gaan dus eintlik gekyk word na die literatuur se verklaring van hierdie storie of soms die weerlegging daarvan. In hoofstuk 2 gaan veral gekyk word na van die spesifieke potte kos wat later op 'Anansi' gaan druk uitoefen, soos die demografie, omstandighede en struikelblokke en faktore wat bydra tot stress en traumatiese ervarings.

In hoofstuk 4 word gekyk na 'Anansi' se situasie as al die bene in verskeie rigtings getrek word en hy dus verwond en sonder kos sit.

Wat hou die toekoms dan in? In hoofstuk 5 word gekyk hoe elkeen van hierdie mense op 'Anansi' se pad hom anders kon hanteer het en anders kon help en daarom word die rol van die gemeenskap en die genadige vader met sy oop arms hier verder verdiskonteer en deurgetrek na die effektiwiteit van luistervaardigehde en 'n narratiewe verstaan van die verlede, die hede en die toekoms, 'n beter toekoms.

Sou 'Anansi' eendag in die toekoms vir ander spinnekoppe kon raadgee, nadat hy eers weer van sy vrou se kos geëet het? Indien hy hierdie pad kan loop van 'n uitmekaar-geskeurde na 'n empatieke en simpatieke ooparm genadige vader, sou hy nie alleen vir ander kon help om heel te word nie, maar hy sal ongekende persoonlike groei ervaar. Henri Nouwen (2007:151-152) skryf:

> "Ek staan verwonderd voor die plek waarheen Rembrandt my gebring het. Hy het my van die knielende, deurmekaar jonger seun af gelei tot die staande, krom ou pa; van die plek waar ek seën ontvang tot by die plek waar ek seën. As ek na my eie verouderde hande kyk, weet ek dat hulle aan my gegee is sodat ek kan uitreik na almal wat ly, om hulle te laat rus op die skouers van almal wat kom, en om die seën aan te bied wat vloei uit God se ontsaglike liefde".

'n Narratiewe benadering om na trauma-verhale van kinders in Informele Nedersettings te luister, vra tyd en geduld en 'n sensitiewe oor en baie liefde en genade. Dit vra met ander woorde dat die Kerk ook 'n pad sal loop van die knielende deurmekaar seun wat geseën word, tot by die ooparm, liefdevolle, genadige, ontvangende vader wat seën. Nouwen (1995:19) beskryf die groot uidaging van die kerk in veranderde tye:

> "The secular world around us is saying in a loud voice, 'We can take care of ourselves. We do not need God, the Church, or a priest. We are in control. And if we are not, then we have to work harder to get in control. The problem is not lack of faith, but lack of competence. If you are sick, you need a competent docter; if you are poor, you need competent politicians; if there are technical problems, you need competent engineers; if there are wars, you need competent negotiators. God, the Church, and the minister have been used for centuries to fill the gaps of incompetence, but today the gaps are being filled in other ways, and we no longer need spiritual answers to practical questions.'"

In die Informele Nedersetting roep die kinders al meer uit: "Ons kan nie vir onsself sorg nie, help !" Die sekulêre wêreld kyk nou na die Kerk vir hulp. Die Kerk moet leer uit die verlede deur daar te wees vir mense, om te luister, te voorsien in fisiese en geestelike behoeftes en om liefdevolle genadige vaders met oop arms te wees.

## HOOFSTUK 1:

## 'N OORSIG VAN DIE LITERATUURSTUDIE RAKENDE DIE ONDERWERP ASOOK SPESIFIEKE VERWYSINGS NA SOORTGELYKE NAVORSING EN STUDIES.

Daar is heelwat geskryf en baie werk en navorsing gedoen oor die trauma-belewenis by kinders.

> "A trauma is not part of a child's normal experience. The event is so intense and frightening that it overwhelms the child's ability to cope. A trauma is always regarded as negative and damaging to the mental health of the child" (Lewis 1999:6).

'n Traumatiese ervaring kan meestal nie voorsien word nie en is dus 'n skokkende ingrype in die normale gang van die lewe. Dit is baie moeilik - indien nie onmoontlik nie - om iemand vir 'n trauma voor te berei. Dit is dus waar dat 'n traumatiese gebeurtenis nie deel is van 'n mens en veral 'n kind se normale ervaringswêreld nie. Retief (2004:21) haal 'n Nederlandse spreekwooord aan: "Van het concert des levens heeft niemand een program," en daarmee wil sy sê dat daar heelwat ervarings in ons lewens is, waartydens of waarna ons sug, omdat dit soms 'n onaangename belewenis kan wees. 'n Trauma kan so 'n sug ontlok, want dit is soms onverwags en lewensbedreigend vir jouself en mense rondom jou (Retief 2004:21).

Hierdie traumatiese belewenis veroorsaak dat die kind se lewe vir die kort-of-mediumtermyn nie dadelik en gou weer dieselfde gaan wees nie. Een van die redes daarvoor word deur Retief (2004:27) verklaar as sy sê: "'n Trauma sluit altyd een of ander vorm van verlies in". Van die verliese kan baie ingrypend wees en langer vat om in jou lewe te integreer en daarmee saam te leef, en dit kan selfs so dramaties wees, dat die kind se lewe nooit werklik dieselfde sal wees nie, soos die verlies van 'n ouer of 'n permanente fisiese toestand, soos 'n amputasie, ander fisiese gestremdheid of 'n ingrypende siekte terwyl ander verliese makliker hanteer en verwerk kan word. "Psychological trauma is one of the most common factors associated with mental health problems in children" (van der Kolk, 2005 in Hansel, et al 2010:708). Dit is daarom uiters noodsaaklik om psigologiese trauma te definiëer en trauma belewenisse onder kinders ernstig op te neem, veral ook wat die eendersheid en andersheid daarvan betref. Wat trauma-belewenisse onder kinders betref, is dit eerstens noodsaaklik om die verskeidenheid van trauma-

stressors te ontdek deur na kinders te luister en op narratiewe wyse hulle verlede en noodverhale (Müller 2000: 72-73) aan te hoor en daarna te luister. Die volgende belangrike werklikheid is dat die oorsake van trauma en derhalwe die ernstigheid waarmee die stressors en oorsake bejeën word, baie verskil van kinders en volwassenes.

Dus moet verskillende trauma-belewenisse met dieselfde erns ondersoek en gehoor word en as sodanig erken word.

> "Children who have experienced trauma are more likely to demonstrate higher incidences of emotional, behavioral, developmental, academic and physical difficulties following trauma exposure (Cicchetti & Toth, 1997; DeBellis & Van Dillen, 2005; Fullerton & Ursano, 2005; Goenjian, et al., 2005; Osofsky, 1997, 1999, 2004; Pynoos, Steinberg, & Piacentina, 1999 in Hansel, et al 2010:708).

Daar is implisiet in opvoeders en beraders se mondering 'n lys van traumatiese ervarings ingebou wat dadelik geaktiveer word om sekere emosionele en irrasionele gedrag wat gepaard gaan met ontwikkelings- en akademiese stremminge te kan verskoon en te verstaan en direkte eweredige oorsaak - gevolg lyne te kan trek. Die behoefte vir groei is egter gesetel in die uitbreiding van daardie lys wat nie meer implisiet moet funksioneer nie, maar eksplisiet verreken moet word om plek te maak vir 'n inklusiewe uitkyk op trauma. Dit kan tot gevolg hê dat armoede en gebrek aan bronne en hulpmiddels, uitgebreide families en 'child-headed households' alles deel kan uitmaak van 'triggers' wat kan help om kinders se gedrag as die gevolg van traumatiese gebeure te kan eien en as sodanig te kan klassifiseer.

Daar is heelwat trauma in 'Townships' sowel as in Informele Nedersettings (plakkerskampe). Suid-Afrikaanse 'Townships' en Informele Nedersettings en selfs landelike gebiede bied in baie gevalle 'n redelike unieke scenario wat nie direk of selfs indirek net so in ander lande voorkom nie.

> "South Africa's children are confronted daily by circumstances that are exceedingly complex and problematic, to such an extent that not only their quality of life but their lives themselves are under threat. A few children have expressed how they experience their circumstances: I do not have a mother. I stay with my grandmother and my father. At home there is no food most of the time. My grandmother and father do not have money ... I need food" (Swart & Röcher et al. 2010: 226).

Hierdie omstandighede word soms as so algemeen aanvaar in 'n Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks dat ons afgestomp raak en nie besef dat kinders wat in sulke omstandighede grootword en daagliks leef, deurlopend trauma ervaar nie. Daagliks word

hulle bestaan bedreig en word 'n oorlewingstryd gevoer. Hierdie kind ervaar die trauma van armoede, ouerloosheid en wanvoeding en dit alles dra by tot uitsigloosheid, 'n gebrek aan hoop, drome, 'n toekomsvisie en vooruitsigte.

> "With regard to trauma exposure, children living in rural areas are equally or more likely than their urban counterparts to be exposed to trauma" (Mink, Moore, Johnson, Probst & Martin, 2005 in Hansel, et al 2010:708).

Hansel, et al (2010) skryf meer uit 'n Amerikaanse konteks. Die beginsel is ook in 'n Suid-Afrikaanse konteks van toepassing, maar anders as in die VSA en vele ander wêrelddele lê die onderskeid nie noodwendig tussen landelik en stedelik nie. Daar moet eerder onderskeid getref word tussen ontwikkelde- en ontwikkelende gebiede, asook onontwikkelde gebiede met min tot geen infrastruktuur, dienste, strukture en bronne.

> "I am out of age (for school grades) because my father abused me. He treated me badly. He used to fasten me on a chair with wires and then whip me heavily. At times he refused me to attend school, for reasons better known to him. I don't know why" (Swart & Röcher et al 2010: 226).

Met wie sou hierdie kind kon gaan praat? Sou daar in haar gemeenskap enige hulpbronne gewees het om haar verhaal te kon vertel. Miskien by die skool, die kliniek of dalk by die kerk? Verder kan geredeneer word dat hierdie tipe gedrag en omstandighede baie meer gereeld voorkom as wat ons ooit kan dink en droom en dus sal dit nie met dieselfde erns aangehoor word en dieselfde skokgolwe in daardie gemeenskap veroorsaak as wat dit dalk in en onder meer gegoede gemeenskappe die geval is nie. 'n Gebrek aan sensitiwiteit lei tot 'n gebrek aan dringendheid wat 'n groot rol speel in die bewuste en onbewuste prioretisering om tyd en middele te belê om 'n verskil te maak, want dit is tog so belangrik dat die grootste impak met die minste insette verkry moet word.

"Recent research has revealed that approximately 80 % of children with mental health problems do not receive appropriate treatment" (Kataoka, Zhang, & Wells, 2002 in Hansel, et al 2010:708 ).

Weer eens is dit eerste wêreld syfers en die vraag moet by ons opkom: "Wat sal die syfers by ons wees in informele nedersettings?"

Partykeer is daar tog hulpbronne, maar heel dikwels is dit nie van hoogstaande gehalte nie, want dit word soms by die skool gedoen waar iemand toegewys is om na die kinders

se sielkundige en geestelike welstand om te sien, maar die opleiding ontbreek, alhoewel die gesindheid en bedoeling wel goed en suiwer is.

> "Although few studies have reported the prevalence of counseling for trauma related problems, when counseling takes place, it frequently occurs in schools" (Pfefferbaum, Call, & Sconzo, 1999; Stuber et al., 2002 in Hansel, et al 2010:709).

> "Disparities in mental health care are related to demographic factors including poverty, race, ethnicity and geographic location" (Kataoka et al., 2002; New Freedom Commission, 2003 in Hansel, et al 2010:708).

In Informele Nedersettings en 'Townships' in Suid-Afrika is daar heel dikwels baie min en ook soms ontoereikende geestelike gesondheidsorg fasiliteite. In 'Townships' sal daar nog staatshospitale wees, maar die aandag wat aan sielkundige- en geestesversorging sowel as psigiatriese sorg gegee word, is baie min en karig om nie eers te praat van pastorale sorg, berading en voldoende behandeling nie.

"When your mother has HIV ... and she dies and leaves that small baby also with HIV, then you have to go to school, but also look after the baby" (Swart & Röcher et al 2010: 226). 'Child-headed Families' en 'Child-headed Households' is 'n baie bekende begrip in 'n Afrika- en Suid-Afrikaanse konteks.

> "Child-headed households are not new in the South African society. Although there is not much information regarding child-headed households, the report of Deborah Ewing (in Gow & Desmond 2002:83) confirms that situations do exists where older siblings often head up households. Other households are headed by children who sometimes have the support of an older person from the neighbourhood. There are also children who care for sick parents and who do not receive any adult support" (Maqoko & Dreyer 2007:718).

Soms gaan die ondersteuning van die missionêre kerk dus nie aan 'n 'child-headed household' gegee word nie. Dit word eerder aan die buurt en die uitgebreide families gegee wat tog uitreik na hierdie adolessente aan die hoof van huishoudings. As gevolg van armoede, werkloosheid, misdaad en ander faktore is die hulp wat hulle kan bied ook beperk en soms heeltemal onvoldoende, ontoereikend en beslis nie volhoubaar nie.

As gevolg van die baie hoë voorkoms van MIV / VIGS gebeur dit baie gereeld dat albei ouers in 'n huishouding sterf as gevolg van hierdie virus-infeksies en hoe meer die geïnfekteerdes wegval, hoe groter is die getal geaffekteerdes wat agterbly, sodoende word al hoe meer kinders wees gelaat as gevolg van hierdie epidemie/pandemie. Indien kinders wees gelaat word en daar nie 'n uitgebreide familie-sisteem soos oupas, oumas, ooms en

tannies of ander familie is wat hulle kan opvang nie, en daar is wel 'n adolessent wat agtergebly het, word hierdie adolessent die hoof van die huishouding.

> "Research on orphans and other vulnerable youth indicates that official recommendations and programmes have not adequately taken the physical, cognitive, emotional and psychological differences that characterize children and adolescents in different stages of development, into account" (UNICEF/UNAIDS/USAID 2004:13 in Maqoko & Dreyer 2007:718).

Die volgende werklikheid word dan juis deur Swart & Röcher geaksentueer, naamlik dat hierdie adolessent moet skool toe gaan en na 'n klein babatjie moet kyk, maar wat dit vererger is dat hierdie babatjie ook reeds met die MI-virus geïnfekteer is en dit gevolglik nie eers 'n gesonde babatjie is wat deur sy ouer suster of broer versorg moet word nie, maar 'n babatjie met spesiale behoeftes - en hierdie spesiale behoeftes verg spesiale sorg. Vir hierdie adolessent om aan hierdie babatjie spesiale sorg te verleen, moet hy van openbare vervoer gebruik maak, wat tyd neem, en hierdie babatjie op 'n gereelde basis by 'n hospitaal of kliniek uitbring, wat ook tyd neem, om die regte behandeling en medikasie te ontvang, wat soms geld kos, en dit alles terwyl die adolessent nie tyd het om te werk om 'n inkomste te verdien nie, want hy/sy moet eintlik skool toe gaan. Soms is hierdie adolessent nog jonger as 15 jaar oud en dus wetlik verplig om skool toe te gaan of hy/sy kan ouer wees, maar het nog nie graad 9 op skool geslaag nie en is dus ook nog onder wetlike verpligting betreffende skoolpligtigheid.

Stel jou voor dat hierdie MIV-Geïnfekteerde babatjie dalk doodgaan as gevolg van VIGS of as gevolg van ander kindersiektes, longsiektes, kieme en virusse wat fataal mag wees as gevolg van die gebrek aan immuniteit wat vergerger kon word weens die gebrek aan behoorlike medikasie, skoon lopende water en behoorlike voeding. In hoe 'n mate word hierdie adolessent dan getraumatiseer deur hierdie gebeure. Met watter skuldgevoelens word so 'n tiener nie agtergelaat nie. "Children in poor communities who do not have adult caregivers or whose caregivers are dying, are specially vulnerable" (Maqoko & Dreyer 2007:724). 'n Absolute oorbodige aanhaling, né! Dit is so logies en voor die hand liggend en tog is dit asof dit net by ons verbygaan. Dit is asof daar aan elkeen van 'Anansi' se bene 'n swaar pot vasgemaak is en daar word nie net aan al agt potte gelyktydig getrek nie, maar daar word van 'Anansi' verwag om al agt potte saam met hom te sleep, niks te mors nie, nie vreemde gedrag te openbaar nie en beslis nie te kla nie.

Heel moontlik gaan hierdie adolessent iewers skool moet los om 'n werk te vind om voldoende sorg aan hierdie babatjie te verleen.

> "..., child-headed households in which there is no adult caregiver, generally function the same as regular families: they work to support siblings, to obtain food, clothing and shelter, and they concern themselves with the emotional well-being of their members" (Maqoko & Dreyer 2007:724).

Hierdie kind wat aan die hoof is van die gesin is dus op verskeie terreine getraumatiseer, deurdat hy/sy klomp verliese lei, bv. verlies van kindwees, verlies van sy/haar tienerfase, verlies aan middele wat hy/sy saam met hul ouers sou gehad het. Hierdie kind het ook die verlies aan broers en susters, want hy/sy is nou hulle pa en ma (kan natuurlik ook dogter wees aan hoof van die gesin). Enkel-ouerskap is vir 'n volwassene 'n groot uitdaging, hoeveel te meer vir 'n kind wat enkelouer moet wees vir boeties en sussies.

"Orphans in child-headed households face particular challenges and exclusion.

These challenges include:

a serious threat to education because of poverty;

difficulty in obtaing food and shelter;

a high risk of being sexually abused by relatives and neighbours;

the threat of child prostitution and child labour;

difficulty in getting birth registration done and in procuring healthcare and social benefits;

experiencing property grabbing by families and communities"

(Maqoko & Dreyer 2007:724).

Hier word gekyk na die gevare, verliese en dus potensiële en werklike trauma wat die ander kinders in hierdie 'child-headed household' in die gesig staar. Dit behoort enige ouer te traumatiseer as hy/sy weet dat sy/haar kinders sagte teikens is vir kindermolestering, kinderprostitusie en dat hulle heel moontlik nie voldoende onderrig gaan ontvang nie, hulle besittings afgeneem gaan word deur familie en dat hulle gaan sukkel om in die oë van die wêreld volledig gesin te wees en dit moeilik gaan vind om gesondheidsorg en ander gesinsvoordele te kan ontvang. In die lig hiervan is die volgende aanhaling net so insiggewend en van belang:

"The rich are those whose parents sent them to school, the poor are those whose parents did not have money to do so" (Swart & Rocher et al 2010: 226). Die werklikheid is dat

dit presies is wat in baie gevalle gebeur. In baie gevalle is daar arm ouers wat nie kinders skool toe kan stuur nie en as hulle wel hulle kinders kan skool toe stuur, is dit van die skole waar die onderrig gratis aangebied word, maar vervoer, skryfbehoeftes, skoolklere en ander hulpmiddels en behoeftes vra wel nog finansies van die ouers. Hierdie gratis skole is in baie gevalle die skole wat nie kwaliteit onderrig aanbied nie en wat soms geraak word deur praktyke en gebeure soortgelyk aan die onlangse 'handboek-korrupsie-skandaal' wat in die Limpopo- en Oos-Kaap provinsies hoogty gevier het.

Maar dan het ons so pas genoem dat daar kinders is wat by oupa en ouma in uitgebreide familie-sisteme opgroei en ook daar is nie fondse beskikbaar vir kwaliteit-onderrig nie. Hoeveel te meer is die groot diskripansie tussen ryk en arm en familie-ondersteuning en 'n gebrek aan familie-ondersteuning as ons praat van 'Child-headed Families' en 'Child-headed households' nie.

> "On a psychological level children are traumatized by the illness of their parent(s). This is exacerbated by the stigma and discrimination attached to HIV/AIDS. UNICEF (2003a:2) lists some other experiences these children have:" (Maqoko & Dreyer 2007:719).

Die kinders het ekonomiese en finansiële eise waaraan hulle moet voldoen. Omdat die ouers nie kan werk nie of nie meer daar is nie, word kinders gedwing om die rol van die volwassene aan te neem om die familie te ondersteun.

Die kinders moet heel dikwels die skool verlaat. Die druk om na siek ouers te kyk en vir broers en susters te sorg, sowel as pogings aanwend om 'n inkomste te verdien, kan daartoe lei dat hierdie kinders die skool verlaat, selfs al leef die ouers nog. Wanneer albei ouers sterf, verhoog die druk om skool op te sê en op die gesin te konsentreer.

Wanvoeding en siektes kom algemeen voor, want hierdie weeskinders is meer geneig om aan wanvoeding te lei en derhalwe maklik siek te word. Die kanse is ook minimaal dat hulle die mediese aandag en gesondheidsorg ontvang wat hulle benodig. Armoede is die grondoorsaak van hierdie kinders se weerloosheid.

Hierdie kinders verloor heel dikwels enige moontlike erflatings, want hulle word uit eiendom en geld wat regmatig aan hulle behoort, verkul.

Die hele situasie kan daartoe lei dat hulle vrees en isolasie ervaar as gevolg van die verlies wat hulle aan enige eiendom en materiële besittings gelei het en soms word hulle uit hulle

huise gedryf na onbekende en onaangename plekke, soos plekke van veilige bewaring en toevlugsoorde of hulle beland selfs op die straat.

Verarmde weeskinders is dus sonder ouers wat hulle kan opvoed en beskerm, en daarom word hulle blootgestel aan elke denkbare vorm van misbruik en gevaar, en dit sluit die gevaar in om self geïnfekteer te word met die MI-virus. Baie word gedwing om baie gevaarlike en blootstellende werk te doen wat dinge insluit soos die verruiling van seks vir geld, kos, beskerming en 'n skuiling of blyplek.

Hier kom die hele kwessie van armoede as 'n belangrike oorsaak van trauma baie sterk na vore en word kwellende vrae gevra oor die erkenning dat hierdie kinders getraumatiseer is en dus eintlik ontlonting, ondersteuning, behandeling en baie sterk leiding nodig het. Wat is die gevolg van erg getraumatiseerde kinders wat nie as sodanig erken word nie, ook nie as sodanig raakgesien word nie en dus geensins enige behandeling ontvang of die vooruitsig het om in die toekoms enige behandeling te ontvang nie?

> "Pressing challenges that confront children today, according to key role players in the children's rights sector in South Africa, are those related to poverty, child abuse and violence, HIV and Aids and a lack of access to services. According to the Office on the Rights of the Child, poverty is the primary determinant when it comes to the well-being of children. Other underlying determinants include certainty about food, access to basic healthcare and a healthy environment; and education and information " (Swart & Röcher et al 2010: 226).

Nou bly hierdie kinders nog steeds in dieselfde Suid-Afrika met al sy geweld en ander sosio-ekonomiese- en politieke probleme. Hierdie ander traumastressors is addisioneel. Misdaad in informele nedersettings neem geweldige afmetings aan en die polisiërings kapasiteit in hierdie woongebiede is baie min of dit bestaan nie eers nie (hfst. 2 hanteer hierdie aangeleentheid).

> "Boitumelo (4) lost his mother when she was killed in a hijacking outside their home. Boitumelo was in the car with his mother when three armed men approached the car and demande the keys. His mother shouted for help and as Boitumelo's father walked outside to investigate the noise, the hijackers ran away, firing shots. His mother was hit in the chest and died in hospital soon afterwards" (Lewis 1999:148).

Is daar sisteme wat sal toesien dat Boitumelo geleentheid kry om deur middel van spelterapie, prentjies teken, sandterapie en ander tegnieke sy storie te kan vertel en ontlont te word?

"Sipho was involved in a car accident in which his brother's arm had been amputated. The arm landed next to Sipho and was there until emergency workers could remove Sipho from the back seat of the car. In the therapy sessions, Sipho repeatedly lifted up two cars and crashed them together. He would also take dolls with removable joints, pull off their arms and throw them across the playroom" (Lewis 1999: 21).

Gelukkig het Sipho terapie ontvang waarin hierdie gedrag raakgesien kan word en hy dus sy storie op verskillende konstruktiewe maniere kan vertel en daar aandag gegee kan word aan sy vrese en aggressie wat waargeneem word deur dekonstruktiewe gedrag tydens spelterapie.

"Two 12-year old girls were walking home from school in Soweto. One of the girls was wearing gold earrings, which a 14-year-old boy tried to snatch. Because a lock secured the earrings, the boy pulled out a gun and shot the girl. She died on the way to hospital. One of the three boys questioned said, 'I didn't kill anyone. (At the time) I was just raping someone in Meadowlands'. The girl's severely traumatised friend is currently being counselled by the CSVR (Lewis 1999:89).

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat daar geweldige trauma onder kinders in 'Townships' en Informele Nedersettings is. Kinders vind dit moeilik en in baie omstandighede soms amper onmoontlik om hulle gevoelens te verwoord. Dit lei daartoe dat hulle op verskeie ander maniere hulle reaksie op traumatiese gebeure moet uitdruk. Van hierdie ander maniere sou dieselfde maniere kon wees wat deur volwassenes gebruik word, soos fisiese oefening en die deelname aan sport of kultuurbedrywighede maar in ander gevalle is daar heelwat verskille in die wyse waarop hulle opgekropte gevoelens tot uiting kom. Beverley James volgens Sweeney (1997:183-186) in Mekoa (2010:44) identifiseer die volgende kategorieë van kinders se reaksies op trauma:

**Selfblamering:** Kinders is inherent egosentriese wesens wat glo dat die wêreld ter wille van hulle bestaan. Daarom sal hulle instinktief dink dat hulle die oorsaak van die trauma is. Sinani/PSV (2006: 42) noem die voorbeeld van 'n dogter wat die oggend voor die traumatiese gebeure 'n rusie of geveg met haar broer gehad het, en daarom nou glo dat dit haar fout is dat die traumatiese gebeure plaasgevind het as gevolg van die bakleiery die oggend - waaraan sy deel het - en wat sy dalk, volgens haar, in 'n groot mate veroorsaak het.

**Magteloosheid:** Dié trauma is oorweldigend vir die kind en dit ontneem die kind, op 'n soms wrede manier, van sy gevoel van beheer.

**Verliese en verraad.** Die verlies aan waardigheid, veiligheid en vertroue is die mees betekenisvolle en waarneembare verliese in hierdie omstandighede. Die kind kan werklik geskok wees in sy vertroue dat die wêreld ten diepste 'n regverdige plek is en dit kan daartoe lei dat hy weer eens glo dat hy die traumatiese ervaring en dit wat met hom gebeur het, eintlik inherent en ten diepste verdien en gedeeltelik oor homself gebring het.

**Fragmentasie van liggaamlike ervarings:** Die kind verloor die gevoel van heelheid en vind dit moeilik om dit wat met sy/haar liggaam en emosies gebeur het, korrek te interpreteer. Dit is selfs moontlik dat so 'n kind sintuiglike probleme kan ontwikkel soos met gevoel, gehoor en selfs met gesig. Daar is heelwat opgetekende voorbeelde van tydelike doofheid en blindheid wat soms die gevolg is van 'n traumatiese belewenis.

**Stigmatisering:** Kinders wat getraumatiseerd is, voel skaam en uitgesonder. Dit voel vir hulle asof hulle 'n merk (litteken) dra wat vir almal sigbaar is. Hulle ervaar hulself dus nou as anders, abnormaal, eksentriek, uitgeworpenes en hul glo dat die wêreld hulle nou geëtiketteer het.

**Abnormale seksuele gedrag:** As gevolg van die moontlike aard van die trauma, die duur daarvan en die intensiteit daarvan, kan kinders wat seksueel misbruik is, wel soms voel dat hul slegs waardevol is vir iemand as seksuele objekte. Dit kan onteenseglik daartoe lei dat hierdie kinders onvanpaste seksuele gedrag sal openbaar wat tot groot verleentheid kan lei vir die ouers, die voogde en 'care-givers', maar wat meer kommerwekkend is, is dat hierdie gedrag baie gevaarlik is en verkeerd geïnterpreteer kan word deur ander mense.

**Destruktiewe gedrag en optrede:** Baie kinders verloor beheer oor hulle reaksies en gedrag en hulle optrede word gemotiveer en gedryf deur hulle woede en pyn en sulke gedrag word heel dikwels gekenmerk deur aggressie en destruktiewe optrede. Nou reageer mense rondom hierdie trauma-slagoffer met strafmaatreëls of verwerping, en dit is juis gedrag wat die kind se gevoel van skaamheid en woede laat toeneem en verdiep, en die aggressiewe gedrag neem dus toe sover dit intensiteit en frekwensie betref.

**Onttrekking:** Dit is redelike normale gedrag - gegewe hierdie traumatiese milieu - dat die kinders geneig is om te onttrek en in 'n wêreld van hul eie in te gaan om die pyn en trauma te ontwyk en daarvan te ontsnap. Die doel met hierdie gedrag is om die stres van

die gebeure te kan hanteer, maar op die langtermyn is dit baie ongesonde en onvanpaste gedrag.

Probleme om hegte verhoudings aan te gaan: Trauma-ervarings wat herhaaldelik voorkom of 'n enkele eenmalige baie pynlike ervaring, kan daartoe lei dat die kind alle vertroue in ander mense en dikwels in volwassenes of persone van die teenoorgestelde geslag (afhangende van die aard van die traumatiese gebeure) verloor, wat daartoe kan lei dat hulle wegskram van naby verhoudings.

> "Often a child's behaviour would suddenly change after a traumatic experience. It can go in any direction. Unless the normal behaviour returns soon, it could indicate deeper emotional problems. Examples of sudden changes will be, sleeping pattern, eating pattern, communication pattern, socialisation pattern and energy levels. Therefore as a lay worker watch out for sudden changes in:
>
> Sleeping pattern (good sleeper vs poor sleeper)
>
> Eating pattern (good eater vs poor eater)
>
> Communication pattern (talkative vs quiet)
>
> Socialisation pattern (involved vs withdrawn)
>
> Energy levels (active vs passive)"
>
> (Mekoa 2010:45).

Wanneer daar met getraumatiseerde kinders gewerk word op narratiewe wyse, is dit belangrik dat alle faktore waargeneem moet word. Alle narratiewe metodes om die kinders se verhaal te hoor, saam met nie-verbale kommunikasie en gedragspatrone soos hierbo genoem, vorm alles saam 'n geheel om die aard en intensiwiteit van die trauma te evalueer, sodat die res van die narratiewe proses verder doeltreffend deurloop kan word. Een van die moontlike maniere waarop dit verder aangepak word, word deur Landman (2007: i) voorgestel in haar studie:

> "Narrative counselling was practised as a MEET process in which the patients' problem-saturated stories were mapped and their problems externalised; they were empowered through the deconstruction of religious problem discourses as problem discourses, and on the deconstruction of these discourses towards alternatives stories of faith."

Trauma het 'n geweldige uitwerking op 'n individu.

> "Because traumatic experiences are frightening and shocking, almost all people are affected for some time afterwards. This diagram shows how most people are affected after a traumatic event (Sinani 2006:7):

Normal post traumatic stress response:

| | |
|---|---|
| Nightmares | Irritable |
| Flashbacks | Hopeless |
| Thinking about the | |
| Event all the time | Lonely and isolated |
| Concentration Difficulties | Wanting to be alone or not wanting to be left alone |
| Memory loss | Eating too much or too little |
| Can't believe it Happened | Sleeping too much or not being able to sleep |
| Shaking, Sweating | Avoiding the place where the trauma happened |
| Stomach aches, Headaches | Avoiding things linked to the trauma |
| Sore arms or legs | Drinking or taking drugs |
| Angry | Using too much medication |
| Sad | Spiritual questioning |
| Frightened, Jumpy, Nervous | Feeling betrayed by Relatives, friends and God |

Die 'Sinani Handbook for Trauma Support Workers' (2006:41-42) noem ook die volgende gevolge wat trauma meer spesifiek op kinders kan hê:

**Regressie:** Dit is wanneer 'n kind gedragspatrone demonstreer wat verband hou met 'n vroeëre lewensfase. Kinders kan byvooorbeeld weer hul duim begin suig of babataal begin praat soos toe hulle veel jonger was. Kinders wat die fase van bednatmaak 'n geruime tyd van tevore reeds ontgroei het, kan weer 'n geneigdheid toon om te begin bed natmaak. Kinders is ook geneig om baie geheg te raak aan ouers en voogde of versorgers deur hulle letterlik vas te klou en aan die spreekwoordelike rokspante geheg te wees.

**Uitbarstings:** Die kind kan gereelde uitbarstings openbaar en gereeld 'tantrums' gooi. Hulle kan ook baie sensitief reageer op klein dingetjies. Hierdie kinders is geneig om ander kinders te boelie en ongehoorsame gedrag te openbaar.

**Fantasie-Speletjies:** Wanneer die kind dopgehou word as hy/sy speel, sal ge-observeer word dat hierdie traumatiese gebeure deur die tipe speletjies tot uitdrukking kom, soos bv. Begrafnis-speletjies wat redelik algemeen voorkom. As die kind teken en inkleur, kan dit ook verband hou met die traumatiese gebeure. Dit is redelik normaal en gesond en moet aangemoedig word, omdat dit op 'n kind se vlak deel van 'n narratiewe ontladings-en-uitdrukkingsproses kan wees.

**Vermyding:** Vermydingsgedrag kan baie sterk wees by kinders. Hulle mag heel moontlik weier om naby aan die plek te gaan waar die gebeurtenis plaasgevind het. Hulle kan ook weier om kos te eet wat hulle geëet het net voordat die traumatiese gebure plaasgevind het of hulle mag selfs weier om weer die klere aan te trek wat hulle op die dag van die traumatiese gebeure aangetrek het.

**Bonatuurlike gedagtes:** Daar word soms sterk direkte verbindingslyne getrek tussen die gebeure en aktiwiteite wat hom afgespeel het net voor die traumatiese gebeure. Hulle kan dalk glo dat iets wat hulle waargeneem het of selfs gedoen het, die traumatiese gebeure veroorsaak het of minstens daartoe bygedra het. As daar 'n duidelike verduideliking van die werklike gebeurtenis aan die kinders gedoen word, kan dit bydra tot 'n beter verstaan van die kinders wat die slagoffers van die traumatiese ervaring is.

**Verwarring:** Kinders mag 'n tekort aan inligting wat nodig is om die gebeure te verstaan, ervaar en dus sal hulle verward wees. Die begeerte en wil om te verstaan wat werklik gebeur het, kan so groot wees dat dit hulle gedagtes en emosies oorheers en dit mag lei tot 'n verlies aan konsentrasie, vergeetagtigheid en slegte skoolprestasies.

Hierdie gedrag sal natuurlik verband hou met verskeie veranderlikes soos die intensiteit en aard van die trauma, die tydsduur van die trauma en hoe lank gelede dit plaasgevind het, die frekwensie van die traumatiese gebeure en die ouderdom en die ontwikkelingsfase van die kind.

Hier is 'n tabel wat die effek van trauma op ontwikkelingsstadiums demonstreer. Dit is gebaseer op die werk van Velazco deur Erikson in Mekoa (2010:45-47).

| Erickson se ontwikkelstadia (uitdagings of take) | Die ontwikkeling van kinders in gesonde omgewings. | Die ontwikkeling van getraumatiseerde kinders. |
|---|---|---|
| 1. Basiese vertroue teenoor wantroue.<br>(Geboorte – 1 jaar) | Vertroue word geskep deur in basiese behoeftes te voorsien, interaksie en stimulasie, voldoende rus, voedsel, higiëne, skuiling, warmte en veiligheid. Kinders leer ander mense en hulleself vertrou. | Trauma veroorsaak dat die kind 'n ewigdurende vrees het om weer pyn te ervaar en as dit wel gebeur, sal onsekerheid, hopeloosheid en hulpeloosheid tipiese gevolge daarvan wees. |
| 2. Outonomiteit teenoor gevoelens van skaamte en twyfel.<br>(2-3 jaar) | Kinders begin 'n besef kry van hul eie vermoëns en kragte. Hulle leer dat hulle wel sekere dinge kan beheer, soos hulle liggaamsfunksies. Hulle begin 'n eie identiteit ontwikkel. | Kinders raak uit voeling met hulle potensiaal om wel mag en beheer te kan hê. Hulle is skaam vir hulleself omdat hulle beheer verloor het (bed-natmaak ens.) en twyfel in hulle vermoëns om te kan presteer. |
| 3. Inisiatief teenoor skuldgevoelens.<br>(4-6 jaar) | Kinders leer vaardighede aan en leer om aksies te inisiëer in hulle omgewing en om gevoelens van magteloosheid te oorkom. | Kinders word passief en laat ander toe om keuses en besluite vir hulle te maak. Daarteenoor kan ander weer begin kanse vat, en op die ou end opeindig deur dwelms, alkohol en seks as ontsnappingsmeganismes te gebruik. Hierdie benaderings lei egter tot geweldige skuldgevoelens. |
| 4. Industrie teenoor | Kinders ontwikkel | As die kind homself |

| | | |
|---|---|---|
| minderwaardigheid (6-12 jaar) | intellektueel en fisies en leer om lewenskunsies en vaardighede te bemeester. Die gemeenskap en in die besonder dan die kind se portuurgroep speel 'n belangrike rol om die standaarde daar te stel, waarteen die kind hom/ haarself sal evalueer. As hy/sy vaardig is en kan kompeteer met ander, dan voel sy produktief en waardevol. Sy leer om persoonlike doelwitte daar te stel en om dit te kan bereik. | /haarself as onwaardig en onbekwaam sien volgens sosiale standaarde, mag emosionele probleme ontwikkel: negatiewe selfbeeld, gevoelens van ongenoegsaamheid, gevoelens van minderwaardigheid, konflik rakende waardes, onwilligheid om nuwe uitdagings aan te pak, gebrek aan nuwe inisiatiewe en afhanklikheid. |
| 5. Identititeit teenoor rolverwarring (13-19 jaar) | Kinders vestig 'n duidelike sin van persoonlike identiteit en getrouheid aan hulleself, vriende en aan belangrike waardes. Hulle ontwikkel 'n soort van 'n lewensroeping en ontdek dat hulle 'n rol het om te speel in die lewe. | Kinders voel onwaardig om vriende te hê wat omgee en neig om die trauma-ervaring weer oor te beleef. Eensaamheid en betekenisloosheid is van die belangrikste gevoelens wat hulle deurmaak. Party kan 'n nuwe negatiewe identiteit ontdek saam met 'n bende of ander groep. Ander kan hulself begin opoffer. |

Hoe word kinders met trauma dan gehelp?

Sinani (2006:42-44) noem dat dieselfde struktuur en doelstellings wat met trauma-berading by volwassenes geld ook by kinders toegepas moet word.

Wat is die doel van Trauma-intervensie en berading?

> "To allow expression of the traumatic experience and related feelings. To do this in a manageable way, within a safe relationship with someone who is in control of the process" (Sinani 2006:17).

Sinani (2006:20-34) stel 'n vyf-fase model vir traumaberading voor. Dit behels dat daar eerstens vertroue gevestig moet word tussen die berader en die slagoffer van die traumatiese gebeure; in die tweede plek moet normalisering plaasvind deur te help om die persoon te laat verstaan hoekom hy/sy sekere reaksies beleef; derdens moet die storie vertel word, wanneer die persoon gereed is daarvoor; die hantering van woede en skuldgevoelens is die vierde stadium; laastens moet sosiale ondersteuning wat kan help om te oorleef en om die trauma-belewenis te kan hanteer, ontgin word.

Tog kan die volgende wel in gedagte gehou word wanneer daar met kinders gewerk word.

Dit mag kinders wat deur trauma geaffekteer is, baie langer neem om weer vertroue te ontwikkel en om weer veilig te voel by 'n ander volwassene. Dit mag nodig wees om meer tyd met die kind deur te bring net om weer vertroue op te bou.

Baie kinders druk hulleself beter uit deur speletjies te speel, prente te teken en om met klei te speel. Daar moet ekstra moeite gedoen word om die manier te ontdek waarin elke kind hom/haarself die beste uitdruk.

Wanneer die kind gereed is om oor die trauma te praat, mag hulle bietjie daaroor praat en dan weer stop. Dit is heeltemal normaal en die kind sal gewoonlik juis so bietjie-bietjie daaroor praat en dan weer weier om verder te praat. Dit is daarom belangrik om geduldig te wees en om die kind nie te druk om meteens oor alles te praat nie.

Omdat kinders soms bietjie verward is oor die spesifieke gebeure, moet tyd spandeer word om te verstaan wat presies gebeur het. As kinders die gebeure in hulle geheue kan organiseer, is hulle geneig om beter te herstel.

Kinders se neiging om op bonatuurlike wyse oor dinge te dink asook hulle neiging om hulself te blameer, beteken dat spesiale versorging nodig is om te verseker dat kinders verstaan dat dit nie hulle fout was nie. Verduidelik verder dat daar glad nie 'n oorsaak –

gevolg verband getrek moet word nie, of 'n sonde-straf model gebruik word nie, met ander woorde, dit het nie gebeur omdat hulle iets verkeerd gedoen het nie. Dit moet op verskillende maniere herhaal en beklemtoon word.

Probeer ten alle tye die versoeking vermy om vals of oppervlakkige verklarings te gee vir dit wat gebeur het. Ons dink soms dat dit die kind beter sal laat voel, maar dit kan eerder die kind meer verwar. Wees ook versigtig om te maklik godsdienstige verklarings te gee vir wat gebeur het, soos: "God meant for this to happen" (Sinani 2006:43). Wanneer die kinders ouer word, sal hulle heel moontlik in 'n beter posisie wees om te verstaan wat gebeur het deur self betekenis daaruit te vind.

Rituele om kinders veiliger te laat voel, kan vir elke kind ontwikkel word deur 'n kind te vra wat hom/haar sal help om veiliger te voel. Byvoorbeeld, party kinders verkies om 'n lig aan te hou in die nag. Neem hierdie versoeke en voorstelle van die kind ernstig op en moenie die kind oor enige van hierdie maatreëls spot of terg nie.

Dit is belangrik om kinders te begelei en hulle te help om hulle so gou as moontlik na die traumatiese gebeure weer by hulle normale roetine terug te kry. Laat die kind so gou as moontlik terugkeer skool toe en hou by die normale reëlings rakende slaaptyd, opstaantyd en ander roetines waarmee hulle bekend is. As die kind toegang het tot, of op een of ander wyse blootgestel is aan die spesifieke plek waar die gebeure afgespeel het, moet daar maatreëls ingestel word en gesorg word dat die kind veilig sal voel.

Gee baie liefde en hou by die normale dissipline-reëlings waaraan die kind nog altyd gewoond is, want dit sal help dat die kind veilig voel – fisies en emosioneel.

Maak tegelykertyd voorsiening daarvoor dat die kind dalk uitbarstings kan hê. Maak voorsiening en laat toe, as dit gebeur, dat die kind hier en daar 'tantrums' het. Maak ook voorsiening vir sensitiewe gedrag, maar stel ook duidelike grense, sodat hierdie gedrag nie hand uit ruk nie. Dit is baie moeilik om in hierdie omstandighede 'n balans te vind en dit te handhaaf. Ouers en onderwysers mag dalk leiding en ondersteuning nodig hê om hulle te help met die regte optrede, sodat die kind 'n kans gebied kan word om hulle gevoelens uit te druk, terwyl sekere grense getrek en gehandhaaf word.

Dit bring ons by 'n voorgestelde benadering om kinders wat trauma beleef het en soms voortdurend daaraan blootgestel word, op 'n doeltreffende wyse by te staan en te help.

Ons kyk dus vervolgens wat al geskryf is oor die narratiewe benadering en kinders. Daar is heelwat gedoen en geskryf oor narratiewe terapie aan kinders.

"Narrative therapists assume that there are many valid ways of explaining children's behaviors, in addition to professional or scientific methods" (Smith & Nylund 1997:4). Die narratiewe benadering is nie ingestel op diagnoses en probleemoplossing nie, maar eerder om die kind se verhaal te hoor: die verlede verhaal en noodverhaal, die verhaal wat deurdrenk is van probleme, die verhaal wat saam met 'n klomp reisgenote gereis is, waartydens die reisgenote almal 'n invloed op mekaar gehad het en die probleme wat tydens die verhaal opgeduik het, het verhoudings tussen die reisgenote beïnvloed. Die fokus is nie noodwendig direkte ingrype nie, maar begeleiding om tot selfontdekking, herevaluering, herformulering en herontdekking te kom.

> "Narrative therapy practise is primarily interested in separating the child's identity from the problem. This is based on the premise that the problem is the problem, as opposed to the child being seen as the problem "(Geldard & Geldard 2008:41).

Hierdie proses van eksternalisering help om die probleem as 'n eie entiteit se sien en rasioneel te benader eerder as emosioneel daarop te reageer as dit in 'n persoon gesetel is.

> "One way of 'thickening' the alternative story involves finding witnesses who will act as an audience to the new story and can link their lives in some way to the new story. The audience may consist of people present or absent from the counselling session, real or imaginary, or from the child's past or present" (Geldard & Geldard 2008:41).

Hierdie alternatiewe storie inkorporeer die verlede- en noodverhaal ten einde aan te beweeg na 'n meer realistiese en hoopvolle toekomsverhaal, nadat dekonstruksie plaasgevind het van die aanvanklike dun verhaal wat die weg gebaan het vir moontlike unieke uitkomste.

> "The focus is on helping people discover new stories about themselves – stories that are based on strengths, hopes, dreams, preferences, and new possibilities. This puts the accent on a different psychotherapeutic syllable, orientating therapists toward understanding the meaning people give to experiences, and how these stories structure lives" (Smith & Nylund 1997:112).

In Hoofstuk 4 gaan spesifiek gekyk word hoe getraumatiseerde kinders in informele nedersettings se stories vir hulle heeltemal ander betekenis het as wat dit van buite af waargeneem word, en hoedat hulle belewenis van hul lewens en lewensverhale, hul lewens rig en in 'n groot mate hul toekoms bepaal.

> "A narrative perspective also looks at cultural contexts, and at the effects on people's lives of such discourses as gender, class, race, and ethnicity. The therapist listens carefully to a client's or family's problem story, and follows the influence of the problem on the lives and relationships of family members" (Smith & Nylund 1997:112).

Binne die konteks van hierdie studie, is hierdie vertrekpunt essensiëel, aangesien verskeie sterk en gevestigde opvattinge en persepsies mekaar hier ontmoet. Opvattings oor Informele Nedersettings, opvattings oor verskillende rasse, opvattings oor verskillende rasse se kulturele goedere, opvattings oor MIV/VIGS en die oorsake en behandeling daarvan en nog vele meer.

> "Times in everyday life when a person moves beyond the constricted lens of the problem are highlighted. In realigning with their hopes and preferences, clients develop strategies and countertactics to resist problems' getting in their way" (Smith & Nylund 1997:112).

Die oplossing van die probleem lê in 'n groot mate by die kliënt wat in hierdie geval die getraumatiseerde kind is. Die berader sou in die verhaal van 'Anansi' 'n onsigbare mede-reisgenoot wees wat 'Anansi' sou wys op die voordele en nadele van sekere van die plekke waar hy aangedoen het en moontlik gewaarsku het om nie teveel aandag aan al die potjies te gee nie en hom beslis nie aan almal te verbind nie. Die onsigbare reisgenoot vra dalk langs die pad vrae oor waar die pad heengaan en watter nut dit sal hê om uit so baie potjies te eet en dalk te vra of hy nie dink dat sy vrou se kos wat goed aan hom bekend is, miskien die beste sal wees nie. Die besluitneming word deur die kliënt gedoen.

> Therapy, as a rite of passage, becomes a place where people can experience themselves as authorities on their own lives and where they can become established as consultants to themselves, to others, and to the therapist. Clients are encouraged to develop other supportive relationships in which their newly emerging alternative stories can blossom" (Smith & Nylund 1997:112).

Daar is voorheen al werk gedoen rakende trauma in 'Townships' en veral ook oor die effektiwiteit van die narratiewe benadering ten einde traumaberading en ontlonting in 'Townships' te doen. Een goeie voorbeeld is die werk van Landman (2007:3) wat vir sewe jaar lank na die stories van getraumatiseerde en siek mense uit 'Townships' geluister het en ook in 'n groot mate probeer luister het na die rol wat godsdiens in hulle lewens speel, spesifiek wat hul traumatiese ervaring en siekte betref. Die vraag word dan spesifiek gevra: "Is godsdiens 'helpful or harmful' "? Dit wil rigtinggewend wees vir mede-reisgenote, Kerke en helpers wat bereid is om na stories te luister en liefdevolle- en genadige vaders te word.

Landman (2007: 3) beskryf die doelwit van haar studie in kort as:

> "...to describe the faces of religious discources in a township setting."
>
> "...to understand the effects of these discources on believers' thinking and doing, and..."
>
> "... to present a pastoral counselling practice, based on the insights of narrative counselling, within township concepts of illness and healing.

Daar is egter nog baie min navorsing gedoen en derhalwe ook min geskryf en gepubliseer oor die narratiewe benadering by getraumatiseerde 'Township' kinders en nog minder oor dieselfde onderwerp onder kinders in 'n Informele Nedersetting. Daar sou 'n aantal redes aangevoer kon word waarom dit die geval is:

Die eerste rede sou wees dat daar baie min statistiek beskikbaar is (word in volgende hoofstuk meer breedvoerig hanteer) en derhalwe is daar nie 'n soliede vertrekpunt van waar af navorsing gedoen kan word nie. Die gebrek aan statistiek en die onbetroubaarheid van die min beskikbare statistiek is dus grootliks daarvoor verantwoordelik dat die werklike nood en toedrag van sake nie bekend gemaak kan word en onder moontlike borge en ondersteuners, op alle terreine, se aandag gebring kan word nie.

> "Tshepang Programme is situated on a 'hillside' in a residential area, below is the Princess squatter camp. The squatter camp has mushroomed and is situated within in a middle class neighbourhood (you will notice the rooftops of some of these houses) and a business area as well. There are no accurate statistics of how many people are residents in the squatter camp (informal settlement), but there are thousands of residents"(http://www.hiv-waisenkinder.de/suedafrika_de.html).

Tweedens is daar sekere persepsies en stigmatisering rakende werk in Informele Nedersettings wat mense ontmoedig en afskrik om betrokke te raak by sodanige projekte. Informele Nedersettings word as gevaarlik beskou en ook gesien as tydelike behuising en dus is dit nie die moeite werd om jou lewe te waag vir iets wat nie-volhoubaar is nie. Die paaie is nie baie goed in Informele Nedersettings nie en daarom wil mense nie met motors daar ingaan nie.

Derdens is die taal 'n baie groot probleem, veral as daar met kinders gepraat en gewerk word, omdat hulle dikwels nog nie Engels magtig is en vlot kan praat nie en meestal nie Afrikaans ken nie. Verder kommunikeer mense emosies en trauma-ervarings primêr in hulle moedertaal. Wat daarmee saamhang, impliseer dat die grootste belangstelling in die welstand van mense en kinders in Informele Nedersettings nie vanuit die Afrika-taal- en

kultuurgroepe kom nie, maar dat dit eerder die blankes in Suid-Afrika en enkele Europese lande en dalk die VSA is wat belangstel om projekte aan te pak in Informele Nedersettings.

Die vierde rede is heel moontlik omdat mense nie dink dat kinders in Informele Nedersettings noodwendig ander trauma-belewenisse het as kinders in ander swartgebiede en 'Townships' nie. Een van die redes daarvoor is moontlik omdat armoede nie gesien word as 'n oorsaak en stressor wat trauma veroorsaak by gesinne in die algemeen en kinders in die besonder nie.

Verder moet tog genoem word dat Informele Nedersettings nie langer meer net verwys na sekere bevolkingsgroepe nie, maar voorkom onder alle bevolkingsgroepe, alhoewel die meerderheid Informele Nedersettings tog deurgaan as swart gebiede en die meeste inwoners dan ook swart mense is. Dit is egter heel waarskynlik dat daardie verhouding redelik gaan verander in die afsienbare toekoms as gevolg van die swak ekonomie en resessie, regstellende aksie en BEE en toenemende werkloosheid onder blankes, asook die hoë pryse van behuising en die onbeskikbaarheid van bekostigbare behuising.

Swart & Röcher et al (2010:235) doen 'n oproep op die beoefenaars van teologie en gemeentes as die praktisyns van teologie op grondvlak as hy sê:

> "If theology in South Africa wants to be a complementary agent in the advancement of children's living conditions, it has to take society's approach to children, as well as the suffering and violation of the rights of children, very seriously indeed. This implies that theology, driven by the central theme of love, has the inescapable responsibility to take seriously the contextual realities that affect children directly and to found the ideals of children's rights in principles and values that fundamentally direct people's lives."

'n Pastorale benadering wat dus erns wil maak met getraumatiseerde kinders in 'n township, moet dus eers verstaan wat in die township gebeur, wat met die kinders gebeur en eers dan vanuit God se verhaal van betrokkenheid in die wêreld saam met die kinders reis op soek na nuwe moontlikhede.

## HOOFSTUK 2:

## DIE DEMOGRAFIE EN OMSTANDIGHEDE IN DIÉ INFORMELE NEDERSETTING, PRINCESS PLAKKERSKAMP.

Wanneer ons teruggaan na 'Anansi', gaan ons eintlik in hierdie hoofstuk kyk na van die potte kos wat aan sy agt bene vas is. Op 'n stadium het al hierdie potte baie aanloklik gelyk, maar later het hierdie potte begin trek en al meer druk op hom geplaas. Elkeen van hierdie agt potte sou op hulle eie, voordele vir 'Anansi' kon inhou en hy sou elkeen van hulle terdeë kon geniet, maar hy sou ook sy vrou se kos kon geniet en kon keer dat hy enigsins in hierdie situasie beland. In hierdie hoofstuk word dus gebruik gemaak van statistieke en verslae en ander beskikbare dokumente om ondersoek in te stel na die werklike situasie in die Princess Informele Nedersetting. Elkeen van 'Anansi' se potte word dus van nader bekyk. Om dit te kan doen, het ons nodig om gebruik te maak van die take van die praktiese teologie wat ons help om die regte vrae en ook meer spesifiek teologiese vrae te vra.

Hoekom is dit nodig om die praktiese teologie hierby te betrek? Die antwoord is eintlik voor-die-hand-liggend, omdat hierdie 'n studie is wat fokus op die narratiewe verstaan van pastorale behoeftes in die Informele Nedersetting. Om ons ander beeld te gebruik van Henri Nouwen se beskrywing van die verhaal van die verlore seun aan die hand van die skildery van Rembrandt, beteken dit dat die ooparm, barmhartige vader werklik die jongste verlore seun se situasie probeer verstaan. In hierdie geval is dit nodig vir die kerk om soos die liefdevolle barmhartige vader te word en bereid en gereed te wees om betrokke te raak by elkeen wat wil terugkeer van die varkhokke van hierdie wêreld en nie te veroordeel omdat hulle in die varkhokke beland het nie, maar eerder te probeer om te verstaan hoe en hoekom hulle daar beland het. Dan sal die kerk heel moontlik ontdek dat as dit nie vir die genade van die Here was nie, sou elkeen van hulle dalk in dieselfde omstandighede beland het en moes oorleef.

Dit is dus nodig om ter inleiding te verwys na Richard Osmer (2008:4-11) se vier take van praktiese teologie, omdat dit baie duidelik 'n mees resente voorbeeld is van die ontwikkeling van praktiese teologie en pastoraat. Osmer weerspieël met sy 4 take juis iets van die ontwikkeling wat gedurende die laaste 50 – 60 jaar plaasgevind het binne die veld van die praktiese teologie en die pastoraat. Hy wil met hierdie take juis die klem plaas op kritiese

luister, luister met 'n derde oor – die storie wat eintlik die gedrag bepaal en wat heel dikwels nooit gehoor word nie.
Om elkeen van Osmer se vier vrae te beantwoord, is telkens die fokus van een van die vier take van praktiese Teologiese interpretasie. Hier is 'n kort beskrywing en uiteensetting van elkeen van die vier take van praktiese teologiese en pastorale interpretasie.

**Beskrywende Empiriese taak:** *Pastorale luistervaardighede.* Tydens hierdie taak word informasie ingesamel. Dit wil ons help om sekere patrone en dinamiese prosesse te rangskik in spesifieke episodes, situasies en kontekste.

Die vraag wat hier gevra moet word, is: "Wat is hier aan die gang?"
Formele verslae en statistieke, foto's en persoonlike onderhoude help ons om in hierdie studie te probeer agterkom wat werklik aan die gang is. In hierdie proses is gepoog om werklik onbevooroordeeld en pastoraal te luister en te konsentreer op eerlike luister sonder vooropgestelde idees en met 'n besorgde hart van 'n liefdevolle en barmhartige vader wat graag wil insluit en terugverwelkom en inklusief wil raak in die uitdeel van genade.

**Die Interpretatiewe taak:** *Goddelike wysheid.* Tydens hierdie taak is dit baie belangrik dat teorieë en beginsels van ander wetenskappe benut word om beter te verstaan en te beskryf hoekom sekere tendense voorkom en sekere gedrag plaasvind.

Die vraag wat hier gevra word, is: "Hoekom is dit aan die gang?"
Hier was dit nodig om die kant van die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika te hoor en iets daarvan te probeer verstaan. Daarom is die stem van demografie en statistieke belangrik, ook die van die onderwys-perspektief en versorgings-instansies wat op mediese en pastorale versorging konsentreer asook die kant van die wetgewer en polisiëring sektor van die samelewing. Om die beginsels van die narratiewe berading hier te ontplooi, beteken dat ons vereers die storie gehoor het, en die storie was 'n probleem-deurdrenkte storie, maar heel waarskynlik 'n dun storie (dominante storie) wat sekere veronderstelde probleme reeds op die tafel kom sit het. Die doel van hierdie taak is om die alternatiewe storie te ontdek.

**Die Normatiewe taak:** *Profetiese onderskeiding.* Hier word teologiese konsepte en geloofswaarhede gebruik om spesifieke situasies te interpreteer, sodat sekere etiese waardes

as riglyn kan dien om ons te help met die aard van ons reaksie, sodat dit wat ons doen in lyn kan wees met aanvaarbare norme en standaarde.

Die vraag wat hier gevra word, is: "Wat is veronderstel om te gebeur?"
Wat is veronderstel om te gebeur as God se skepsels seerkry? Wat is veronderstel om te gebeur as die geloofsgemeenskap raaksien dat mense as gevolg van verskeie redes weggeraak het en agtergebly het? Wat is veronderstel om te gebeur as ek sien 'Anansi' het aan elk van sy agt bene 'n pot vasgemaak en almal begin aan hom trek en ek het 'n skêr waarmee ek van die drade kan afsny? Wat is veronderstel om te gebeur as verlore seuns aangehardloop kom en vaders staan en wag vir hulle om nader te kom?

**Die Pragmatiese taak:** *Dienende leierskap.* Tydens hierdie taak word aksiestappe en strategieë neergelê wat die gewenste uitwerking sal hê. Hierdie is die begin van refleksie en innerlike dialooog wat tussen situasie en reaksie plaasvind.

Die vraag wat hier gevra word, is: "Hoe moet ons reageer?"
(Osmer 2008:4-11).
Nou kan dieselfde vrae aan die kerk gevra word, want wat veronderstel is om te gebeur uit 'n Christelike en Bybelse perspektief is gelyk aan die verwagting wat van elke gelowige in die kleine en die Kerk van Christus in die breë verwag word. Wat is veronderstel om te gebeur as God se skepsels seerkry? Hoe moet die geloofsgemeenskap reageer as die geloofsgemeenskap raaksien dat mense as gevolg van verskeie redes weggeraak het en agtergebly het? Hoe moet ons reageer as ons sien 'Anansi' het aan elk van sy agt bene 'n pot vasgemaak en almal begin aan hom trek en ons het 'n skêr waarmee ons van die drade kan afsny. Hoe moet ons reageer as verlore seuns aangehardloop kom en ons veronderstelde vaders as gesante van ons Hemelse Vader staan en wag vir hulle om nader te kom?

Die interaksie en wedersydse inspeling van die vier take op mekaar, maak praktiese teologie en pastoraat uniek en onderskei dit van ander velde. Daarom is die normatiewe- en pragmatiese take so onlosmaaklik deel van die praktiese teologie as 'n akademiese dissipline – iets wat nie noodwendig by al die ander sosiale wetenskappe 'n betekenisvolle rol sal speel nie.

Osmer se take kan ook as volg in perspektief gestel word:

> "Often, thus, it is helpful to think of practical theological interpretation as more like a spiral than a circle. It constantly circles back to tasks that have already been explored. ... it may be helpful to clarify three categories used repeatedly in this introduction: episodes, situations, and contexts. I use these categories throughout to distinguish different focal points of practical theology interpretation. They are a convenient way of differentiating units of time and space that are increasingly comprehensive" (Osmer, 2008:11).

Wanneer dus na die Princess informele nedersetting gekyk word, en daar word in ag geneem dat hierdie 'n proses van luister is om by 'n narratiewe verstaan uit te kom, is dit goed dat sekere merkers soos episodes, situasies en konteks ons rig, want die doel is beslis om van die empiriese na die interpretatiewe, normatiewe en uiteindelik pragmatiese taak te beweeg. Ten einde daar uit te kom, gaan heeltyd gevra word na wat, waarom, wat behoort te wees en hoe ons moet optree in spesifieke episodes, situasies en kontekste en so sal die proses sy spiraalgang gaan om vaders met liefdevolle oop arms en deelnemers met skêre te wees as toeskouers wat 'Anansi's' sien verstrengel raak of oudste seuns wat kwaad raak vir enkele barmhartige vaders.

> "In determining the manner and extent to which the church should be involved in societal structures the spiritual and church-centric character of the DRC's charity service is all-important. It is taken as a basic point of departure that real and permanent change always begins in the heart of the human person, which in turn has an effect on societal structures" (Swart & Röcher et al 2010:294-295).

Wat is die werklike situasie in die Princess informele nedersetting?

In 'City of Johannesburg adopted budget 2010-2011 Regions' (2011) word die verskillende streke in die groter Johannesburgse Metropool hanteer. "Regional focus area: Greater Princess, wards 71 and 83," sluit die gedeelte in wat in die omgangstaal in die Wesrand bekend staan as 'Die Princess plakkerskamp'.


Die opskrif waaronder die groter Princess gebied aangekondig word, is baie veelseggend en openbaar iets van die problematiek wat hierdie gebied verteenwoordig in die gemoedere en boeke van die groter Johannesburgse stadsvaders se breër prentjie as hulle dink aan hierdie gebied, nl.: "Addressing urban decay". Die beskrywende inleiding van hierdie area... "The Greater Princess informal settlement is well located close to economic opportunities such as Westgate, Princess Crossing and the Roodepoort CBD," vertel iets van die ligging, maar ook van die kontraste en problematiek van 'n informele nedersetting wat letterlik op die voor- of

agterstoep van groot vooraanstaande winkelsentrums en komplekse is. Dit is tekenend van eerste wêreldse geleenthede en die Westerse beskawing wat met die beste vergelyk teenoor die absolute simbool van onder-ontwikkelde of ontwikkelende Afrika met sy armoede, werkloosheid, gebrek aan geleenthede en bronne, gebrek aan hulpmiddels, tekenend van die nuwe Suid-Afrika wat nog nie gekom het nie. 'n Bewys van leë en onvervulde beloftes.

Die onderstaande lugfoto vertoon die informele nedersetting wat in die middel van besighede en ander woongebiede geleë is. Links en links bo asook regs bo is sekuriteitskomplekse en net buite die prentjie regsbo sal Tshepang en Princess-High gesien kon word. Aan die onderkant loop Hoofrifweg met besighede heel onder en regs onder is een van die toegangsroetes verby 'From the Heart' Kleuterskool.



Aan die agterkant van die linkerkantste foto, is die geboue van 'Princess High School' sigbaar en op die regterkantste foto is iets sigbaar van hoe 'n gesin hulleself probeer beveilig in die informele nedersetting en die normale gang van die lewe met wasgoed wat buite hang of is dit dalk hoe dit ook kan lyk nadat daar 'n redelike hoeveelheid reën geval het en alles in en om die plakkershutte deurdrenk is met water.





Die verslag noem 'n aantal faktore wat bydra tot die bederf of agteruitgang van die gebied of dalk eerder faktore wat die oorsaak is dat daar nog nooit werklik vooruitgang was nie. Sou hierdie van die potte wees aan Anansi se pote, of sou dit vir inwoners voel asof hierdie omstandighede hulle alleen in varkhokke gelaat het met soms net peule (of nie eers nie) om te eet?

"The following issues are identified as areas of decay and in need of attention from urban management" (City of Johannesburg 2010:51-52):

• **Omgewings-gesondheidsrisiko's;**

In die afgelope paar weke was daar weer onluste en opstande a.g.v. City Power wat met die hulp van die polisie ingekom het en onwettige en hoogs gevaarlike roof-elektrisiteits-kabels kom ontkoppel het.

• **VIP/chemiese toilette onderhoud;**

In 'n gemeenskap waar daar baie onbehandelde siektes is en die MIV-infektering en kontaminasie baie hoog is, is die weerstand teen siektes (immuniteit) van baie van die inwoners baie laag en kan enige onhigiëniese toestande die kwesbaarheid van 'n reeds plofbare situasie net verder verhoog en die gevolge daarvan meer ondraaglik maak vir almal wat daarby betrokke is.

- **Water lekkasies en rioolbesoedeling in die vloedlaagte;**

Dit sluit aan by die hele higiëniese toestand van die omgewing en die invloed wat dit op mense en veral ook kinders het wat graag buite speel en maklik aan enige plek proe, vat en drink.

- **Onwettigge storting;**


As gevolg van 'n gebrek aan infrastruktuur, vervoer en ander alternatiewe, is dit amper vanselfsprekend dat dit in 'n stortingsterrein kan ontaard deur die toedoen van die inwoners asook deur die toedoen van verbygaande voetgangers en inwoners in die naburige woonbuurtes.

- **Versuim om onderbreking van dienste te rapporteer;**

Die informele struktuur en gebrek aan formele leierskapstrukture en verantwoordbaarheid, veroorsaak dat daar dikwels geen monitering en amptelike rapportering plaasvind wat plaaslike dienste en infrastruktuur betref nie. Verder word baie defekte en probleme dikwels deur iemand in die gemeenskap reggemaak en aangespreek, maar dit is nie altyd professioneel, op standaard en veilig nie. Soms word so 'n situasie juis ook uitgebuit vir eie gewin wat verreikende gevolge kan hê.

- **Veiligheid van voetgangers langs hoofpaaie**

Dit is een van die oorsake van trauma wat kinders raak, aangesien ouers, maats of hulself soms raakgery word. Soms is dit noodlottig, wat baie traumaties vir agtergeblewenes en omstanders is, en soms veroorsaak dit slegs ernstige beserings wat weer ander spanning en trauma tot gevolg het en druk sit op emosionele en finansiële welstand van almal wat direk en indirek daardeur geraak word.

Volgens die verslag, is daar sekere prioriteite wat aangespreek word. In 'n onderhoud met mnr. Willie van der Schyff wat op die Johannesburgse Metroraad verantwoordelik is vir die oprigting van bekostigbare behuising (nuwe term vir lae-koste behuising) word verskeie van die probleme in hierdie Informele Nedersettings aangespreek en tog is daar baie struikelblokke - selfs vanuit die gemeenskap - wat die vooruitgang en die soeke na oplossings telkens kniehalter en wat verderf dus laat voortgaan. Die verslag noem 'Interventions to address decay' en hier is 'n paar daarvan:

**"Rapid monitoring of service breakdowns"**

"Monitoring of service breakdowns such as VIP/chemical toilet maintenance through inspectors and walkabouts, will be conducted. Region C has planned an early warning system through an environmental health risks profile and the illegal dumping hotspots monitoring programme" (City of Johannesburg 2010:52).

Hierdie inisiatief kan die higiëne verbeter, enkele werksgeleenthede skep vir inwoners van die gebied, sowel as die beeld van die Johannesburgse Metroraad verbeter in die oë van die plaaslike inwoners. Die politici sal sekerlik nie hierdie opgradering laat verbygaan sonder om politieke punte te probeer wen nie en die uitvoering en kwaliteit daarvan sal bepaal watter kant van die politieke spektrum die meeste punte sal wen.

**“Law enforcement”**

“A blitz operation targeting shebeens, illegal land use and general safety will be conducted in the Greater Princess informal settlement area” (City of Johannesburg 2010:52).

Die probleem wat die polisie ondervind is die ontoeganklikheid van hierdie gebied asook die ‘Mob-justice’ sisteem wat maak dat die polisie eintlik min aanmeldings kry en min weet van wat werklik op grondvlak gebeur op ‘n daaglikse basis. Meer informante is nodig, maar dit is nie moeilik om te verstaan dat inwoners nie noodwendig sal toustaan om sulke gevaarlike en konflikterende rolle te vervul nie.

**“Stakeholder engagement”**

“Two public education campaigns will be conducted to ensure that people take ownership of the environmental management challenges where they live and to mitigate risks” (City of Johannesburg 2010:52).

Die hoë persentasie ongeletterdheid, oorwegende lae opvoedingsvlakke asook die verskillende huistale wat in die gebied gepraat word, is van die uitdagings indien opvoedingsprojekte en veldtogte van stapel gestuur word.

“Two public education campaigns targeting pedestrian safety will be conducted” (City of Johannesburg 2010:52).

Dit kan van waarde wees, maar dit is ‘n gebied waar beter polisiëring deur die Johannesburgse Metropolisie by die voetoorgange wel ‘n groot verskil kan maak. Die veldtogte moet op die voetgangers sowel as die motoriste gerig wees.

**“Greening campaigns and special projects”**

“Rehabilitation and monitoring programme of one identified illegal dumping hotspot site” (City of Johannesburg 2010:52).

Hierdie projekte kan tot positiewe bewusmaking lei en ook daartoe bydra dat eienaarskap aanvaar word. Laasgenoemde is egter ‘n baie moeilike konsep as jy al reeds in tydelike behuising bly en jou woongebied ‘n informele nedersetting genoem word en jou naam as

semi-permanent op 'n waglys vir meer permanente behuising staan. Hoe word eienaarskap geneem vir 'groen' projekte of enige projekte as daar heeltyd 'n gevoel van 'in transito' is ?
"A clean-up campaign will be conducted and follow-up monitoring programme of one identified illegal dumping hotspot site" (City of Johannesburg 2010:52).

**"Visible service delivery: urban inspection"**
"Urban inspectors deployed to report on a block-by-block basis and to check on progress of service delivery deficits; to assist with the coordination of meetings with departments/entities and councillors; to define corrective actions and to escalate service delivery deficiencies. Shebeens, illegal land uses and general safety issues in the Zandspruit and Princess informal settlement area" (City of Johannesburg 2010:52).

Al hierdie aksies en inisiatiewe het ten doel om dienslewering te verbeter, meer geloofwaardigheid te verleen aan die beloftes en voornemes van die Johannesburgse Metroraad en dus beter samewerking tussen die informele nedersettings en die owerhede te bewerkstellig.

Beter regulering van Shebeens se dranklisensies, veiligheid rakende alle basiese behoeftes soos gesondheidsorg en plaaslike leweransiers, regulasies vir landgebruik en eienaarskap asook opgradering van infrastruktuur soos waterbronne en elektrisiteit, sal die mense se lewenskwaliteit toenemend verbeter en bydra tot die gevoel dat hulle menswaardig behandel word en tot veel beter in staat is in terme van hulle eie verwesenliking en bereiking van hul inherente potensiaal.

**Statistieke:**

Space-Time Research

Census 2001 (October 2001 boundaries)

Table 1

Age in five year categories by Sex and Population group

for Person weighted, Princess

| Age | Male | | | | Female | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Black African | Coloured | Indian or Asian | White | Black African | Coloured | Indian or Asian | White |
| 0-4 | 137 | - | - | - | 146 | - | - | 3 |
| 5-9 | 63 | - | - | 3 | 79 | - | - | - |
| 10-14 | 42 | - | - | - | 45 | - | - | - |
| 15-19 | 73 | - | - | - | 74 | - | - | - |
| 20-24 | 283 | 3 | - | - | 192 | - | - | - |
| 25-29 | 409 | - | - | - | 248 | 4 | - | - |
| 30-34 | 245 | - | - | 3 | 189 | - | - | - |
| 35-39 | 207 | - | - | - | 161 | - | - | - |
| 40-44 | 141 | 3 | - | - | 127 | - | - | - |
| 45-49 | 120 | 5 | - | - | 114 | 4 | - | - |
| 50-54 | 59 | - | - | - | 44 | - | - | - |
| 55-59 | 28 | - | - | - | 21 | - | - | - |
| 60-64 | 15 | - | - | - | 17 | - | - | - |
| 65-69 | 4 | - | - | - | 3 | - | - | - |
| 70-74 | - | - | - | - | 3 | - | - | - |
| 75-79 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 80-84 | 3 | - | - | - | - | - | - | - |
| 85+ | - | - | - | - | - | - | - | - |

Created on 14 September 2012

Space-Time Research Web page: www.str.com.au

Space-Time Research Online support: support@str.com.au

SuperCROSS. Copyright © 1993-2012 Space Time Research Pty Ltd. All rights reserved.

Space-Time Research

Census 2001 (October 2001 boundaries)

Table 1:

Sex and Population group by Age

for Person weighted,

Princess

| | 0 - 12 | 13 - 18 | | 0 – 12 | 13 - 18 |
|---|---|---|---|---|---|
| Male | | | Female | | |
| Black African | 234 | 54 | Black African | 254 | 64 |
| Coloured | 4 | - | Coloured | 3 | - |
| Indian or Asian | - | - | Indian or Asian | - | - |
| White | 3 | - | White | 3 | - |

Created on 14 September 2012

Space-Time Research Web page: www.str.com.au

Space-Time Research Online support: support@str.com.au

SuperCROSS. Copyright © 1993-2012 Space Time Research Pty Ltd. All rights reserved.



UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

1202 93240

Space-Time Research

Census 2001 (October 2001 boundaries)

Table 1

Employment status recode by Sex and Population group

for Person weighted, Princess, 15 – 64

**MANS**

| Beroep | Swart mense | Bruin mense | Indiers en Asiers | Blankes |
|---|---|---|---|---|
| Employed | 882 | 3 | | |
| Unemployed | 606 | 5 | | |
| Scholar or student | 47 | - | | |
| Home-maker | - | 3 | | |
| Pensioner or retired person/too old to work | 7 | - | | |
| Unable to work due to illness or disability | 10 | - | | |
| Seasonal worker not working presently | 7 | - | | |
| Does not choose to work | 14 | - | | |
| Could not find work | 17 | - | | |
| Not applicable (younger than 15 or older than 65) | - | - | | |

DAMES

| Beroep | Swart mense | Bruin mense | Indiërs en Asiërs | Blankes |
|---|---|---|---|---|
| Employed | 455 | 3 | | |
| Unemployed | 615 | 5 | | |
| Scholar or student | 33 | - | | |
| Home-maker | 10 | 3 | | |
| Pensioner or retired person/too old to work | 7 | - | | |
| Unable to work due to illness or disability | 14 | - | | |
| Seasonal worker not working presently | - | - | | |
| Does not choose to work | 12 | - | | |
| Could not find work | 40 | - | | |
| Not applicable (younger than 15 or older than 65) | - | - | | |

Created on 14 September 2012

Space-Time Research Web page: www.str.com.au

Space-Time Research Online support: support@str.com.au

SuperCROSS. Copyright © 1993-2012 Space Time Research Pty Ltd. All rights reserved.

Die hele poging om statistiek te bekom, was 'n uitdaging op sig self. Daar is amptelike statistieke ontvang van Statistiek SA. Die DA-raadslid vir hierdie gebied wat met die laaste plaaslike verkiesing in 2011 - wat die groter Princess gebied en ander aangrensende gebiede

insluit - 'n DA kiesafdeling geword het, het moeite gedoen om meer vars en onlangse statistieke te gee wat verkry is deur self op die grond mense te gaan tel. Daar is ook statistieke bekom van die Stad Johannesburg se behuisingsdepartement. Volgens die statistiek van Statistiek SA is daar bietjie meer as 4000 inwoners in Princess, maar Susan Rammekwa verduidelik dat die amptelike sensusse waarop Statistiek SA se data gebasseer is, net die mense wat op daardie stadium geregistreer was en ID-dokumente gehad het, amptelik getel het.

Verder is dit belangrik om te verreken dat dit gebaseer is op die sensus-inligting van 2001, aangesien 2011 se sensus-uitslae nog nie bekend is nie. Daarenteen is die stad Johannesburg se data in April 2004 opdateer en is dit gebaseer op almal wat op die waglys is om voordeel te trek uit meer permanente behuising. Dié statistiek bevat die name en ID-nommers van die hoofde van huishoudings en daar is 1864 huishoudings geregistreer in die gebied wat spesifiek bekend staan as plot 61 wat 'n deel is van streek 5 van die groter Johannesburgse Metropool en waarop die grootste deel van die Princess Plakkerskamp of informele nedersetting ontstaan het. Dit beteken dat daardie getal met 4 of 5 vermenigvuldig kan word wat ons nader aan die 9000 inwoners bring. Sommige skat dat daar 4000 – 5000 mense woon, terwyl mense in die groter Princess gebied glo dat daar maklik 10 000 mense in die informele nedersetting woon.

Na aanleiding van die statistieke kan ons 'n paar belangrike opmerkings maak:

**Werkloosheid:**

Die werkloosheidsyfer onder mans wat deel uitmaak van die algemene aanvaarde werksmag, is ongeveer 40%.

Die werkloosheidsyfer onder vrouens is meer as 60 % van die vrouens wat deel uitmaak van die algemene aanvaarde werksmag.

Wanneer die totale werkloosheid bereken word, bring dit ons by 'n algemene werkloosheidsyfer van ongeveer 50 %.

Daar moet in ag geneem word dat hierdie syfers bereken is op statistieke van 2001 toe die inwonertal van die Plakkerskamp heelwat minder was as vandag en dat een van die redes waarom 'n informele nedersetting groei, juis 'n toename in werkloosheid en 'n verswakking van die ekonomie is. Die aanname kan dus met reg gemaak word dat die werkloosheidsyfer

heel moontlik meer as 50% is. Hierdie berekeninge neem nie bejaardes in ag wat na kleinkinders moet kyk en hulle moet versorg nie, en ook nie die verskynsel van 'child-headed/youth-headed households' waar kinders onder die ouderdom van 15 - wat nie as deel van die werksmag gesien word nie - 'n inkomste vir 'n gesin moet genereer nie.

Daar is nagenoeg 11 'child-headed/youth-headed families' in Princess, waarvan ons weet, volgens Susan Rammekwa wat veral uitreik na sulke gesinne en families.

**Ouderdoms-en geslagsverspreiding:**

Sover dit die ouderdomsverspreiding aangaan, is dit opmerklik dat daar ongeveer 500 kinders onder die ouderdom van 12 jaar is, terwyl daar net ongeveer 120 tussen die ouderdom van 12-18 jaar oud is. Een van die redes daarvoor is heel moontlik dat ouer kinders (tieners) gedwing word om werk te gaan soek en in baie gevalle die omgewing verlaat en verhuis na waar hulle werk kon kry. In terme van die geslag, is die verdeling baie naby aan gelyk en daar kan nie veel daarin gelees word nie.

As ons dus statistieke en die verslag van die Johannesburgse Metroraad as bronne neem waarna ons moet luister in die Empiriese fase, dan hoor ons dat van die potte aan 'Anansi' se bene, moontlik swak infrastruktuur, swak higiëne, werkloosheid en sosiaal-morele probleme is.

Hierdie verteenwoordig heel moontlik die meer kwantitatiewe sy van die navorsing, terwyl ons ook waarneming kan doen deur onderhoude te voer met verskillende rolspelers.

Daar is ander bronne waarna ons ook kan luister en in die volgende hoofstukke dien die onderhoude as die meer kwalitatiewe deel van die navorsing.

## HOOFSTUK 3:

## BESKRYWING VAN DIE VRAELYSTE EN ONDERHOUDE, OPSOMMING VAN DIE RESULTATE.

In hierdie hoofstuk is daar onderhoude gevoer met ses persone wat vanuit verskillende perspektiewe en betrokkendheidsvelde, lig gewerp het op die demografiese-, politieke-, sosio-ekonomiese-, opvoedkundige-, morele- en wetsgehoorsaamheids- asook ander relevante vlakke van die samelewing in 'n informele nedersetting soos Princess Plakkerskamp.

"The techniques for conducting responsive interviews build on some of the skills of ordinary conversations but go beyond them in specific ways" (Rubin & Rubin 2012:5). Dit is dus belangrik dat die onderhoude in hierdie hoofstuk beplan is en nie 'n oop gesprek is waarin daar noodwendig ruimte vir enige respons en reaksie is nie. Dit beteken dat die onderhoudvoerder 'n vaste agenda het, met vrae wat party meer kwantitatief van aard is en feite- en inligting-insameling ten doel het. Ander vrae is weer meer kwalitatief van aard en laat tog binne die aanvanklike skopus en agenda, effens meer ruimte vir uitgebreide en kreatiewe antwoorde wat meer gerig is op denke, emosies en subjektiewe belewenisse en persepsies. Laasgenoemde tipe vrae is ook makliker aanpasbaar by die narratiewe benadering wat veral geïnteresseerd is in die ervaring, waarneming, evaluering en interpretasies van die respondente.

> "Interviews are more one sided than ordinary conversations; the interviewer asks most of the questions, and the interviewee provides most of the answers. Rather than just listening, the interviewer keeps a record of the conversation. Responsive interviews usually focus on a single topic and explore it thoroughly rather than skipping around from one matter to another. At least early on in a research project, interviews are often between strangers" (Rubin & Rubin 2012:5).

In hierdie geval was dit beslis so dat die onderhoude op 'n baie spesifieke onderwerp fokus wat aanvanklik - as dit in verband gebring word met die narratiewe benadering - vergelyk kan word met 'n probleem-deurdrenkte maar baie dun storie, aangesien dit baie eenvoudig gefokus is op 'n spesifieke demografiese gebied, sosio-ekonomiese groepering, ouderdomsgroep en afgebakende ervarings asook voorgestelde benadering en ingesteldheid. Dit is ook so dat al die respondente beslis vreemdelinge was toe ons begin het, maar tydens onderhoudvoering en opvolggesprekke, ontstaan daar tog waardevolle vennootskappe en verhoudings.

"Research questions can be about understanding concepts – that is, learning about the ideas that define a culture or how people understand their world" (Rubin & Rubin 2012:5). In hierdie konteks was dit van kardinale belang om begrippe uit te klaar en konsepte te verstaan, ten einde begrippe wat inherente waarde het vir die begronding van hierdie navorsing, op die mees toepaslike wyse te kon opklaar en definiëer.

> "Other research questions focus on events or processes in an effort to reconstruct and understand what happened. In ordinary conversations, people do discuss events, such as dates or ball games, but they do so with friends and acquaintances rather than selecting and talking with a variety of people who are chosen for their different information or different perspectives" (Rubin & Rubin 2012:6).

Weer eens was die keuse van die onderhoude en gesprekke baie veelseggend en rigtinggewend, aangesien daar sekerlik baie mense is om mee te praat. Dit was egter veral belangrik om verskillende rolspelers te betrek, samelewings-prioriteite te verdiskonteer, sowel as om te put uit bronne wat baie jare van ondervinding van hierdie gebied, kinders, trauma en selfs die narratiewe benadering het.

> "Qualitative researchers are more likely to look at events as they unfold over time, looking at chains of causes and consequences and searching for patterns – not just what happened at the last city council meeting but how council members make decisions or how citizens become engaged in public issues" (Rubin & Rubin 2012:6).

Deel van die onderhoude was juis gemik op die dinamika van die geskiedenis van dié gebied en die ontvouing daarvan deur die jare, en in 'n Suid-Afrikaanse konteks kan geskiedenis nie verstaan word sonder dat die politieke-, sosio-ekonomiese-, en kulturele ontwikkelings en vraagstukke ook verdiskonteer en gekontekstualiseer word nie.

> "Overall, qualitative interviewing requires listening, a respect for and curiosity about people's experiences and perspectives, and the ability to ask about what is not yet understood. Qualitative interviewers listen to hear the meaning of what interviewees tell them. When they cannot figure out that meaning, they ask follow-up questions to gain clarity and precision" (Rubin & Rubin 2012:6).

Gegewe die onderwerp wat intensief fokus op 'n narratiewe verstaan, is luistervaardighede en 'n volwassenheid rakende die luistervermoë onontbeerlik, maar eerlike en onbevooroordeelde luister is ten diepste intrumenteel in die proses om vertroue by die mense in die gemeenskap te wen en daardie vertroue te behou en nie teleur te stel nie.

> "If you let it, responsive interviewing can become more than a research tool. It can become a way of thinking about the adventures of life, a way of investigating, judging, integrating, creating new narratives, and questioning received wisdom. The perspective of responsive interviewing can make you more tolerant,

more patient, more risk acceptant. It can help you understand complex situations without being overwhelmed by them. Responsive interviewing helps keep your world as large as the world itself" (Rubin & Rubin 2012:237).

Irene Rubin (2012:237) het 'n gunsteling stelling wat sy gebruik as waarskuwing en advies vir studente: "Don't let your world get too small." Hier word dus nuwe narratiewe ontdek en ontgin en wêrelde word beslis verbreed.

Hier word in tabelvorm 'n opsomming van die waarneming in kwalitatiewe en Kwantitatiewe navorsing gegee, en dit help om hierdie hoofstuk te verstaan, vanweë die afwisseling wat daar bestaan in die vrae wat aan respondente gevrae is wat party meer kwantitatief van aard was as deel van 'n vraelys en ander was weer meer kwalitatief van aard en het uitgeloop op gesprekke en gestruktureerde en soms minder-gestruktureerde onderhoude.

**WAARNEMING**

| KWALITATIEF | KWANTITATIEF |
|---|---|
| Subjektiverend en persoonlik beleef | Objektiverend |
| Navorser is betrokke in gebeure/verskynsels | Navorser bly afsydig |
| Spontaan en toevallige voorbeelde | Voorafbeplande observasie |
| Geskied op nie-gestruktureerde wyse | Waarnemings kan selfs skaleerbaar wees |
| Oop, sodat enige onverwagte gebeure geregistreer kan word | Meestal vooraf geïnventariseer; verwagte waarnemings reeds vooraf in kategorieë geplaas |
| Kontekstualiserend, dit wil sê die konteks word verreken | Konteks word sover moontlik gekontroleer |
| Deelnemende waarneming as voorbeeld | Interaksieprosesanalise (IPA; Bales) as voorbeeld |

(Mouton et al 1989:164)

Hier volg nou die eerste van die ses onderhoude wat gevoer is:

## ONDERHOUD MET MNR WILLIE VAN DER SCHYF.

**Mnr Van der Schyff, vertel my asb meer van jouself en jou agtergrond en wat laat jou kwalifiseer om te praat oor die Princess informele nedersetting?**

"Ek is die voorsitter van die Ekonomiese ontwikkelingskomitee van die Johannesburgse Stadsraad en is bemoeid met die projek om bekostigbare behuising daar te stel vir mense wat in informele nedersettings bly. Daar word nie juis meer gepraat word van lae-koste behuising nie, omdat dit as diskriminerend en etiketterend beleef word. Daarom word daar gepraat van bekostigbare behuising. Ek was voorheen die ANC-raadslid vir Princess informele nedersetting gewees en deel van my werk tans, is om bekostigbare behuising te help verskaf, en dit bring my nou weer deels terug na Princess toe, want een van my vele projekte is om die inwoners van Princess te hervestig in bekostigbare behuising net Suid of Suid-oos van waar hulle tans bly."

**Wat is van die tipiese probleme wat tans in Princess-plakkerskamp ondervind word?**

"Een van die groot probleme rakende die hele situasie in Princess het te make met korrupsie rondom grond en behuising. Baie van die huidige eienaars van plakkershutte beskou hulleself dan presies so, nl. eienaars van 'n stukkie grond en 'n plakkershut wat sy eiendom is, want iewers moes hy vir iemand betaal om daardie stuk grond te bekom. Hulle het natuurlik geen bewyse daarvoor in die vorm van 'n titelakte nie, maar dit is al wat hulle besit. Hulle is dus nie bereid om dit net te ontruim en na 'n bekostigbare vaste-struktuur huis te trek nie, want hy soek sy geld terug of wil dit eers aan iemand anders verkoop en dit is alles die oorsaak van vorige korrupsie wat nou sy kop weer uitsteek en kan lei na 'n volgende golf van korrupsie. Hierdie korrrupsie lei dan verder tot geweld, opstande en ander vorme van misdaad.

Wat die demografie betref, sal almal maar saamstem dat dit baie moeilik is om baie betroubare statistiek te gee aangaande Princess informele nedersetting. Princess bestaan ook uit verskillende plotte en van die statistieke konsentreer meer op sekere van die plotte en minder op ander. Ek reken dat as ek my kop moes uitsteek en moes raai, dat daar ongeveer 2-3 duisend mense is, maar jy kan probeer om met mnr Alfred Ndau ook 'n gesprek te voer aangesien hy op 'n stadium daar gebly het en nog steeds die ANC se wyksvoorsitter in daardie gebied is."

**Wat is die hoofoorsake vir trauma in die informele nedersetting van Princess?**

"Die volgende stressors is - volgens my - van die hoofoorsake vir trauma in die Princess informele nedersetting.

**HIV /VIGS:** Dit is 'n baie groot en algemene probleem, en wat daarmee saamgaan is dat die klinieke nie altyd ARV's beskikbaar het nie. Daar is ook groot frustrasies dat die pasiënte nie altyd hulle medikasie getrou neem nie.

**ONGELYKHEID VAN VERLEDE:** Die jeug se tevergeefse aspirasies lei verder tot die belewing van trauma. Die jongmense onder die ouderdom van 18 jaar, is in die nuwe demokratiese Suid-Afrika gebore. Hulle het dus van kleins af hoop en aspirasies gehad van goeie onderrig, beter behuising, beter opleidingsgeleenthede, beter en meer werksgeleenthede en oor die algemeen 'n beter standaard lewe. Baie van die aspirasies is gegrond op beloftes van politici en baie van die beloftes het nie gerealiseer nie. Deels omdat dit van die begin af leë en onrealistiese beloftes was wat gebruik is vir stemwerwing voor algemene en plaaslike verkiesings, en deels omdat korrupsie sulke afmetings aangeneem het dat dit in die bronne ingevreet het wat ten doel gehad het om mense se omstandighede drasties en radikaal te verbeter.

**MISDAAD:** Die grootste oorsake van misdaad is: drank, dwelms en dan die bronne wat dit verskaf, nl. Shebeens. Ander misdaad wat hoogty vier, is aanranding en veral gesinsgeweld. Motordiefstal kom algemeen en geredelik voor.

**ARMOEDE/WERKLOOSHEID:** Ek reken as daar na die statistieke gekyk word, kan gesien word dat werkloosheid om en by 50 % is van die totale potensiële werksmag in dié Informele Nedersetting. Programme soos Tshepang en andere, ondervang van hierdie armoede en sorg minstens dat gesinne met skoolgaande kinders sover moontlik voorsien word van daaglikse voedsel en basiese lewensbehoeftes om net te kan oorleef.

**GESINSGEWELD:** Drank, aanranding, motordiefstal. Shebeens is hierin ook 'n groot rolspeler. Die polisie het 'n aktiewe veldtog teen die Shebeens om almal wat onwettig is, toe te maak.

**XENOFOBIA:** Daar kom wel insidente voor van rassehaat, en die polisie sal ook aan jou kan bevestig dat daar heelwat Zimbabweërs, Mosambiekers en in die laaste jare ook

Somaliërs is wat in dié gebied woon. Die Somaliërs bestuur veral die 'Tuck Shops' in die Informele Nedersetting.

**RASSISME:** Rassisme word beleef in die voortgaande armoede en gebrek aan hulpbronne, waar die kloof tussen ryk en arm al groter word en al minder aangespreek word.

**SEKSISME:** In die tradisionele Afrika-bastion, word vrouens nog in baie gevalle as minderwaardig gesien, as seksobjekte beskou, en baie van die vroue is dan ook MIV-positief as gevolg van hierdie siening en die wyse waarop vroue as gebruiksartikels hanteer word.

**KORRUPSIE:** Veral rondom behuising. Shebeens speel ook 'n rol daarin. Mense verkoop hulle 'stands' aan ander, maar daar is geen bewys daarvoor nie en dan wil hulle nie toelaat dat hulle 'shack' afgebreek word wanneer hulle beter behuising kan kry nie. Hulle wil eers 'hulle' standplaas herverkoop. Ander korrupsie het te doen met die waglyste vir permanente behuising en die oorgangsfase van die plakkershutte na tydelike behuising en die finale toekenning van HOP-behuising.

**POLITIEK:** Die SAKP het jeugtakke. Die ANC / COPE en DA is volgens alle aanduidings die prominente partye wat steun het in die Informele Nedersetting. Die groter Princess-gebied wat van die oorwegend blanke woonbuurte rondom die plakkerskamp insluit, is 'n DA-setel."

**Watter hulpbronne is in die informele nedersetting beskikbaar?**

HULPBRONNE:

**Kleuterskole:** Daar is volgens die meeste bronne 12 kleuterskole in Princess Plakkerskamp.

Die 'From The Heart Pre-Primary School' onder die hoofskap van mevrou Rina Smith is die grootste kleuterskool met ongeveer 150 kleuters wat dit bywoon. Dié kleuterskool is een van slegs twee kleuterskole wat by die departement geregistreer is en ontvang dus vanaf die departement van onderwys subsidie vir elke kind, maar hulle ontvang verder ook heelwat steun uit die breër gemeenskap en kerke, selfs van kerke uit Mogale City (groter Krugersdorp-gebied) asook korporatiewe steun. Dit is essensiëel om te kan oorleef, aangesien baie van die ouers (die meeste) nie volle skoolgelde kan bekostig vir hulle kinders nie.

**Laerskole:** Die kinders gaan veral na die volgende Laerskole en baie van hulle wat deel is van die Tshepang-program, word met busse aangery na die skole. Dit is 'n groot frustrasie dat daar geen Laerskool naby en selfs in die Informele Nedersetting is nie. Dié kinders wat

deel van die Tshepang-program is, moet verdeel word, want daar word vir hulle aansoek gedoen vir subsidies vir skoolgelde en daar kan nie meer as 10 van hulle in 'n spesifieke skool wees nie, want die skole kan dit nie beskostig nie.

*Dr. Havenga* is 'n dubbelmedium laerskool (ou model C) met ongeveer 1500 kinders en 'n baie hoë standaard en is ongeveer so 3 km van die plakkerskamp af geleë. Nie baie van hierdie kinders sal noodwendig daar aard en gekeur word nie, en die skoolgelde sal heelwat hoër wees was as bv. Princess Primary en die subsidies van die Beheerliggaam se kant sal heel moontlik nie so vryelik beskibaar wees nie.

*Princess Primary* is, anders as wat die naam suggereer, nie naby aan die Informele Nedersetting nie, maar selfs nog verder as *Dr. Havenga* (seker so 5 km) van Princess plakkerskamp af. Dit is 'n Engelse Laerskool in Witpoortjie.

**Hoërskole:** Die kinders word ook meestal deur die Tshepang bussies aangery na die Hoërskole toe en net soos met die Laerskole moet hulle ook verdeel word a.g.v. die subsidies.

*Princess High:* Hierdie skool is baie naby aan die plakkerskamp aan die Suidekant naby die Van der Lindestraat-ingang in die Informele Nedersetting in. Dit is ook klipgooi van Tshepang af en die hoof en haar personeel het geen probleem met die kinders uit die plakkerskamp as hulle deel is van die OVC-program by Tshepang nie.

*Westridge High* is verder en in Ontdekkersweg in Roodepoort en die kinders moet beslis aangery word soontoe.

*Durban Deep* is 'n Laer-en Hoërskool en die kinders kan die skool almal gratis bywoon, aangesien die skool ten volle gesubsideer word. Hulle moet egter met die trein ry vanaf Princess stasie wat baie naby aan die Princess Plakkerskamp geleë is. Dit beteken ook dat hulle redelik vroeg in die oggende op die trein moet klim.

**Ander ondersteuningsdienste:** Ander dienste en hulpmiddels rakende onderwys en mediese versorging is grootliks gesetel in die volgende drie instansies:

*Tshepang* is die inrigting wat primêr fokus op die OVC-program (Orphaned and Vulnerable Children) en dit staan onder die leiding van Susan Rammekwa. Dit bestaan uit 'n geregistreerde Kleuterskool en dan 'n tipe van 'n naskoolsentrum waar in totaal ongeveer 320 kinders aangery word skole toe, etes ontvang, studiehulp kry en holisties versorg word.

*Thusano* is 'n 'Homebase Care Centre' net agter 'From The Heart Pre-Primary School' wat by die departement geregistreer is en onder die leiding van Susan Namewe staan.

*Princess kliniek* is naby aan Tshepang en 'Princess High' geleë en daar word mediese dienste gelewer en ook soms berading gedoen veral vir MIV / VIGS – verwante gevalle."

**Hoe sal jy die ekonomie in die Princess informele nedersetting beskryf?**

"Dit is 'n 3e ekonomie. Die staat se baie toelaes veroorsaak dat daar 'n aktiewe ekonomie is, aangesien daar toelaes is vir elke kind wat gebore word, bejaardes en nog vele ander. By 'derde ekonomie' word egter bedoel dat daar nie noemenswaardige produksie plaasvind nie en dat die ekonomie in werklikheid gekoppel word aan sekere aspekte wat verband hou met 'n welsynstaat."

**Wat is volgens jou van die prioriteite wat moet aandag kry in hierdie informele nedersetting?**

**"INFRASTRUKTUUR OPGRADERING:**

Dit is geweldig nodig en hoogs dringend dat daar gefokus word op die opgradering van die infrastruktuur.

Elektrisiteit is nog nie beskikbaar in Princess nie, en vandaar die opstande en die onwettige en uiters gevaarlike diefstal van elektrisiteit.

Toilette is nie in alle gevalle voldoende nie en meestal is die higiëne rakende die tipe toilette en die onderhoud en bestuur daarvan, 'n probleem.

Water is nie vryelik beskikbaar by elke plakkershut nie, en soms moet daar ver geloop word om vars water te bekom."

**Wat kan jy my vertel van die aard van die kerke asook die verskillende tipe kerke in Princess Plakkerskamp?**

"Kerke is die vinnigste groeiende besigheid in die Princess Informele Nedersetting. 'Church on the Rock' is een van die bekendste en sterkste kerke in die omgewing en heelwat van die inwoners woon dié kerk, wat net oorkant die straat van die plakkerskamp geleë is, se dienste by. 'From the Heart Ministries' is ook net oorkant die straat van die Plakkerskamp af."

**Enkele opmerkings oor die onderhoud met mnr. Van der Schyff:**

"To understand a given community fully, it would be necessary to understand both the formal and informal relationships that exist within that system" (Weyers 2011:56). Mnr. Van der Schyff se gesprek het beslis gehelp om merendeels 'n begrip te kry vir die meer formele strukture en verhoudings en die konteks waarteen dit ontstaan en ontwikkel het met in ag neming van verskillende formele rolspelers.

Die opmerking van mnr. Van der Schyff, rakende die verskynsel dat kerke volgens hom die vinnigste groeiende besigheid is, laat my dink aan Landman (2007:2) wat sê: "A pastoral counselling practice which adresses both the harmfullness and the healing potential of religious discourses is relevant in a country with a high incidence of religious affiliation". Alles wat empiries waargeneem is, laat ons wonder hoekom kerke dan as vinnigste groeiende besigheid nie 'n groter invloed op Princess informele nedersetting kan hê nie.

> "A pastoral counselling practise which empowers believers to deconstruct the harmful effects of religious discources on their lives, and rescope religion as 'n healing discourse, is needed in a country, then, where people commit relationship crimes under the influence of religious discourses" (Landman 2007:2).

Die tweede onderhoud is met Kol. André Laing gevoer.

## ONDERHOUD MET KOLONEL ANDRÉ LAING BY ROODEPOORT POLISIESTASIE:

**Kolonel, vertel my asseblief wat - volgens jou ervaring - die werklike uitdagings is wat die Princess Informele Nedersetting aan julle bied in terme van polisiëring en wetstoepassing ?**

Die *Green Tavern* is 'n soort van 'n nagklub in die Informele Nedersetting. Die *Green Tavern* is egter ook 'n Shebeen en dit beteken dat drank en selfs dwelms vryelik beskikbaar is. Die groot kopseer rakende die *Green Tavern*, is dat daar 'n paar aande 'n week 'stripshows' gehou word deur 'strippers' wat van die Majestic-hotel in Krugersdorp se middestad na Princess Plakkerskamp 'ingevoer' word. Hierdie 'strippers' word 'makosjas' genoem en sulke vertonings is baie gewild. By sulke geleenthede is daar geen ouderdomsbeperking nie en daar kan dan kinders vanaf omtrent 13 jaar daar teenwoordig wees.

Die polisie se hande is afgekap, want in die hele Princess informele nedersetting is daar net 2 toegangsroetes en daar is 'n groot gedeelte tussenin wat ontoeganklik is en waar daar geensins

gepatrolleer kan word nie, want daar is nie paaie nie. As die polisie in die dag per voet by die *Green Tavern* uitkom, is dit stil en alles is rustig daar, want hulle is een van die min Shebeens wat nie geskud kan word nie, want hulle het 'n dranklisensie. As die polisie in die aand daar wil uitkom wanneer die 'stripshows' aan die gang is omdat hulle weet dat die Shebeen nie daarvoor 'n lisensie het nie en dat hulle toegesluit kan word as gevolg van die minderjarige kinders wat daar teenwoordig is, word die polisie so met klippe gegooi dat dit baie gevaarlik is, want hulle kan nooit sien waar die klippe vandaan kom en wanneer iemand dalk 'n mes uitruk nie."

**Is daar volgens julle 'n baie hoë voorkoms van misdaad in Princess Plakkerskamp en in die omliggende gebiede?**

"Volgens alle statistieke (polisie mag nie amptelik statistieke beskikbaar stel nie, daarom kan dit nie hier geplaas word nie) is daar nie 'n groot persentasie misdadigers in die informele nedersetting nie. Dit is baie insiggewend om te weet dat die woongebiede rondom die Informele Nedersetting (meestal oorwegend wit woongebiede) nie geteister word deur misdaad soos wat 'n mens sou verwag nie en statistieke toon dat bitter min van die misdade wat in die omliggende gebiede en in die winkelsentrums net oorkant die pad van Princess (waarvan Westgate Winkelsentrum die grootste is) gepleeg word, deur inwoners van Princess Informele Nedersetting gedoen word.

Indien daar wel misdade in die omgewing gepleeg word deur inwoners van die plakkerskamp, is daar gewoonlik informante in die plakkerskamp wat die polisie van inligting voorsien en so toesien dat hierdie inwoners gevang word. Hulle werk grootliks saam om oortreders aan die kaak te bring, aangesien daar tog onder heelwat mense 'n besorgdheid is oor hulle kinders se welstand, veiligheid en toekoms, en daarom gee hulle hul samewerking om kriminele elemente uit te roei.

Eintlik is die mense in Princess merendeels slagoffers van misdaad. As gevolg van die toegangsroetes, soos reeds genoem, kan die polisie eintlik net rondom die gebied patrolleer en nie in die gebied nie."

**Watter tipe misdaad-aanmeldings ontvang julle die meeste vanuit hierdie gebied?**

"Die meeste klagtes en aanmeldings wat die polisie vanuit die plakkerskamp kry, hou verband met gesins-of huishoudelike geweld, en dan word afgespreek dat die slagoffers na die ou

Motorhawe vlug in Hoofrifweg net langs die Plumbers Market. Daar word hulle dan gekry en verklarings afgeneem en so meer.

Ander vorme van misdaad wat voorkom, is die steel van kragkabels en die onwettige metodes wat gebruik word om krag vanaf die oorhoofse kraglyne of die ondergrondse kragkabels te steel en te versprei, aangesien daar nie amptelik elektrisiteit in die Informele Nedersetting is nie. Dit is enersyds onwettig en andersyds lewensgevaarlik, en word heel moontlik gedoen met behulp van kontakte by City Power wat die krag in daardie tye afsit, andersins is dit onmoontlik om aan die kabels te werk.

Onlangs was daar onluste toe die polisie saam met City Power ingegaan het om die onwettige verbindinge tot niet te maak.

Daar is 'n ander euwel wat al 'n geruime tyd kop uitsteek in hierdie gebied en dit is die vervaardiging en verkoop van dwelms. Een van die gewildste dwelms wat verkoop en verskaf word, is 'CAT'. Daar word ook 'n dwelm vervaardig wat 'Najope' genoem word, en Najope bestaan uit Heroïen, rottegif, dagga en ARV's. Dit verklaar deels waarom die versorgers by die kliniek en by Thusano HBCC soms so gefrustreerd is omdat die pasiënte nie hulle ARV's drink nie. Dit word heel moontlik in sekere gevalle verkoop aan die vervaardigers en verskaffers van Najope. Hierdie dwelms (CAT en Najope) word onder andere ook aan die wit kinders en tieners van die omgewing verkoop, veral op een van die toegangsroetes in Van der Lindestraat aan die Suidekant van die Informele Nedersetting, in die groter Princess-gebied.

Dan is daar 'n bekende verskynsel wat dikwels in Afrika, Suid-Afrika en veral 'townships' en informele nedersettings voorkom en net verskillende name genoem word. Die Begrip "Boendoe howe" of "straathowe" het al by ons bekend geraak en in Princess Informele nedersetting word gepraat van 'Mob-Justice'. Dit beteken dat die gemeenskap met misdadigers wat die gemeenskap skade aandoen, se gal werk. Daar is onlangse gevalle waar verkragters van kinders in die gemeenskap agterna gesit is en die een het gevlug en die ander is daar waar hulle hom gekry het, met klippe doodgemaak. In sulke gevalle help dit nie eers om 'n moorddossier te open nie, want niemand sal enige inligting verskaf oor wie in beheer was of die eerste klippe gegooi het of wat die geval ook al mag wees nie, want dieselfde lot sal hulle tref as wat die oortreder getref het."

**Is daar heelwat buitelanders wat hier woon en is daar voorvalle van xenofobia?**

"Daar is heelwat buitelanders soos Zimbabweërs, Mosambiekers, Somaliërs, wat 'tuck-shops' bedryf, wat in die gebied woon. Daar is nie te veel ernstige voorvalle van xenofobia waarvan ons weet nie."

**Wat kan jy my vertel van die behuisingsprobleem wat aanleiding gee tot die instandhouding van 'n infomele nedersetting soos Princess-Plakkerskamp?**

"Oorkant 'Dash' in Hoofrifweg is heelwat van die plakkershutte reeds afgebreek en is ongeveer 300 gesinne al in tydelike huise geplaas aan die Suidekant van die Informele Nedersetting. Die meeste van hierdie mense dink dat hulle HOP-huise gaan ontvang, maar baie gaan heel moontlik nie huise ontvang nie, aangesien sommige van hulle HOP-huise het in ander provinsies, soos Limpopo, en dan hier kom bly en hulle HOP-huise uitverhuur om geld te maak.

Dit was onlangs in die nuus dat geld wat vir die bouprojek van die HOP-huise ge-allokeer is, weg is en verskeie gerugte in politieke kringe doen die rondte. Van die gerugte het al hul rondte gedoen in die plaaslike nuusblaaie en die gevolg daarvan is dat 'n LUR tans geskors is, omdat hy blykbaar met die korrupsie verbind word.

Ek kan nie eers raai hoeveel inwoners in hierdie gebied is nie, maar ek weet dat dit 'n kopseer en probleem-area is, en ek hoop dat daar 'n langtermynoplossing gevind kan word om hierdie mense te hervestig en om sodoende die sosiale-, kriminele- en morele probleme meer doeltreffend aan te spreek."

**Enkele opmerkings oor die onderhoud met Kolonel Andre Laing.**

In die gelykenis van die Verlore Seun tref dit ons dat ons in 'n verlore wêreld bly en die maklikste analogie tussen die gelykenis en die Informele Nedersetting is dalk die verlorenheid, en ons politieke agtergrond maak dat ons maklik armoede met misdaad kan verwar of amper onwillekeurig met mekaar in verband wil bring. Maar dalk bring die onderhoud met Kolonel Laing ons terug na die verlore ouer seun wat sy verlorenheid te danke het aan sy verwydering van die vader wat die vaderhart se liefde en omgee asook genade betref. Miskien sal dit help as die kerk (wat soms met die ouer seun vergelyk word) nader beweeg aan die vader en soos die vader met oop arms uitreik na stukkendheid en verlorendheid. Miskien is dit die beskerming waarna 'n uitgelewerde Informele Nedersetting dors. Wanneer die kerk begin

dien, kan dit voorkomend wees vir morele verval, misdaad en ander soasiale verderf. Bosch (2010: 517-518) se bydrae is dalk baie relevant.

> "The Church is not the world, because God's reign is already present in it. So the unity between church and world can only be recognised and practised dialectically in hope – that is, in the light of God's reign (cf Lochman 1986:68). But also, the church is not God's reign. It has no monopoly on God's reign, may not claim it for itself, may not present itself as the realized kingdom of God over against the world (:69). The kingdom will never be fully present in the church. Still, it is in the church that the renewal of the human community begins (:70). But precisely as vanguard of God's reign, of the new earth and the new humankind, the church should neither try to provoke the irruption of the end nor just preserve itself for the end. The place of both these is taken by the mission of the church (Moltmann 1967:83; 1977:196). In its mission, the church affirms its own preliminariness and contingency (cf Küng 1987:122). Practising 'expectant evangelism' (Warren 1948:133-145), it always anticipates its own abrogation. Aware of its provisional character, it lives and ministers as thet force within humanity through which the renewal and community of all people is serverd "Report" in Limouris 1986:167).

Hierdie gebied en die probleme wat daarmee saamgaan, is nie net wel bekend aan die polisie en die breër gemeenskap en politici nie, maar daar is belangstelling vanuit die buiteland in die Informele Nedersetting en die welstand van die mense en die programme wat geloods word om die mense se lewens en toekoms te verbeter.

Hierdie artikel het in die Roodepoort Rekord verskyn (September 2011:44) en vertel die lewensverhaal en lewensroeping van Susan Rammekwa en haar gesin en haar sesjaar-oue babatjie: "Tshepang-programme for Orphaned and Vulnerable Children (OVC)".



# FOR THE LOVE OF CHILDREN

Susan Rammekwa, 46, loves taking care of children in her community. She shares with **Molife Kumona**.

My father, Henry 'Mzolisi' Malkinya, loved children. He and my mother, Bertha, would take us and other children in Dobsonville, Soweto, on trips to the zoo and parks and make sure we had a good time. They would prepare picnic baskets and do a big thing for the day.

They opened up their home to children in the community and that's where I learnt to love children.

My love for children is what made me leave my well-paying job as assistant director of Child Welfare in 2005. Even though I was already working with children, I still felt a longing to do more. So I quit my job to make a difference on my own.

**FINDING THE COMMUNITY**

Leaving my job was not an easy decision. I had sleepless nights before I wrote my resignation letter. But I knew in my heart that I wanted to help children and I was doing the right thing. I wanted to start a project in my own community of Dobsonville, but there were already similar projects. I wanted to help a community that had nothing.

A friend of mine from the Department of Social Development, Connie Koon, told me about Princess, an area in Roodepoort with a squatter camp. Every time I went there, I saw children sitting outside, looking hungry.

The extent of the poverty I saw really made me sad but also confirmed that I had found the right people to help. I prayed for strength and went into the settlement to meet the councillor.

**STARTING THE PROJECT**

Soon after our meeting, I started working with the community. In March 2006, the Tshepang Programme for Orphaned and Vulnerable Children was born. I had nothing but the support of the community when I started the project.

Through the help of the councillor, I managed to get an office at a nearby pre-school, where I ran a soup kitchen for the children on Tuesdays and Thursdays. I would cook at my house and drive to

44 | SEPTEMBER 2011

Hierdie artikel het op die internet verskyn onder die werk van HIV Waisenkinder e.V. by www. hiv-waisenkinder.de.suedafrika_de.html.

**Beschreibung des Tshepang Programme for Orphans and Vulnerable children**

Susan Rammekwa is the Founder and Director of the Tshepang Programme for Orphans and Vulnerable children in Roodeport, City of Johannesburg. This program was started on the 1st March 2006, with no outside support except for her own salary and pension that she had received after resigning from her job as an Assistant Director at the Jhb Child Welfare Society.

Ilana Friedman, Magical Fairy godmother & Chief Operating Fairy, was very instrumental in ensuring that the physical and psychological needs of the children are met. She has been a true friend to the organization through thick and thin and we have a very special relationship with her.

The programme's goal is to ensure that all the children who are its beneficiaries, are afforded the same opportunities as any other child within the community. Ensuring that these children cherish education and see it as a key to their brighter future. All the children in the programme live under extremely difficult circumstances, but we believe that we are helping them to develop resilience and the determination to break the cycle of poverty within their home. Our aim is to ensure that every child pursues his/her goals and aspirations in life through our support. The activities that direct achievement of our goals are:

Provision of nutritious meals on a daily basis to all the children.

Provision of lunch boxes to High scholars as they do not have a feeding scheme within their school.

Conducting lifeskills programmes, based on a specific theme, one a week.

Homework Supervision.

Counselling the children as well as their families.

Recreational activities once a week, as well as art.

Basic computer lessons for High Scholars.

Activities through play in the toy library to enhance the children's development.

We support all beneficiaries in applying for basic documents needed in order for the children to be able to access the available State grants.

**ADDITIONAL SERVICES:**

We have a food garden that supplies vegetables to the Programme. This is maintained by the grannies of the children who are in the Programme.

We have a small sewingshop and bakery which involve 5 community members who are able to earn a small stipend from it.

We are receiving training through the Medical Knowledge Institute from time to time. This training is on basic education on health which will enable the community to take better care of themselves and their loved ones. Information is given out in the form of training of community members and children on issues such as Gastro infections, Nutrition, Foetal Alcohol Syndrome, etc.

The Programme has provided employment to 26 people who are responsible for different activities within the Programme.

The main funder is the Department of Health and Social Development. Their funds are specifically for the running costs of the Organisation and for food at the Programme. We are thus not in a position to help the children with their needs nor that of their families, outside of the Programme.

Was tut HIV-Waisenkinder e.V hier?

Unter diesem Programm hilft HIV-Waisenkinder e.V. seit März 2012 6 Halb- oder Vollwaisenkindernin Johannisburg, die aids-infiziert sind oder deren Eltern an Aids gestorben sind, täglich die Schule zu besuchen und ausreichend Nahrung zu erhalten. In der Tabelle sind die einzelnen Bereiche und Werte in Rand für ein Jahr aufgeschlüsselt. Wir beabsichtigen, dieses Projekt über mehrere Jahre zu finanzieren. Wir kontrollieren, soweit wie möglich, dass die Gelder auch den Kindern voll zugutekommen werden. Wir werden darüber an dieser Stelle berichten.

Die derde onderhoud is met mev. Susan Rammekwa gevoer.

## ONDERHOUD MET MEV. SUSAN RAMMEKWA

(Hierdie onderhoud is in Engels gevoer en deur die skrywer in Afrikaans vertaal)

**Susan, vertel my bietjie meer van Tshepang?**

"Ek is Susan Rammekwa en ek is die stigter en die hoof van die Tshepang program vir OVC (Orphaned and Vunerable Children). Die program is reeds vir ses jaar aan die gang en ek, my man en my dogter, is voluit by die program betrokke. Hier is tans 320 kinders wat deel is van die program. Hier op die terrein van Tshepang, wat in die groter Princess-gebied is, net agter die Princess Informele Nedersetting, is hier 'n 'creche' vir kinders vanaf 3-6 jaar en 'n tipe naskoolsentrum vir kinders tussen 7 tot 19 jaar."

**Waar gaan die kinders skool wat nie meer in die Kleuterskool is nie?**

"Die meeste Laerskool kinders gaan na *Princess Primary* wat omtrent 4 km vanaf die Informele Nedersetting is en dus met bussies aangery word vanaf Tshepang, terwyl ander na *Dr. Havenga* gaan (wat nader is, maar beslis duurder en moeiliker om by aan te pas al is dit 'n dubbel-medium skool). Daar is ook kinders wat na *Durban Deep Primary* (daar hoef nie skoolgelde betaal te word nie) gaan in Roodepoort wat heelwat verder is, maar hulle kan met die trein ry. Die kinders word juis versprei omdat ons as die personeel by Tshepang vir die kinders aansoek doen vir subsidies vir skoolgelde en die skole kan nie bekostig dat meer as 10 kinders van die program by hulle inskakel nie, want die meeste van dié skole in hierdie gebied funksioneer ook maar marginaal en kan nie baie subsidies toestaan nie.

Die Hoërskool kinders gaan primêr na *Princess High* wat loopafstand vanaf die Informele Nedersetting sowel as Tshepang is. Maar a.g.v. van dieselfde probleem rakende skoolgelde en subsidies, wat reeds genoem is, gaan van die Hoërskool leerders ook na *Westbury High, Coronation High* en *Westridge High* en word hulle ook met busse aangery."

**Watter ondersteuning kry jy uit die gemeenskap, behalwe vir subsidies van die departement van Onderwys vir die Kleuterskool en enkele ander borge soos Clover?**

"Die Lutherse kerk wat nabygeleë is, is baie betrokke by die sentrum en hulle verskaf kospakkies en ander middele en dan is daar 'n paar van hulle lidmate wat op Saterdae kom en veral fokus op die Laerskool kinders om hulle te help met take en skoolwerk en ekstra tyd met hulle te spandeer."

**Vertel my meer van die kinders wat deur Tshepang ondersteun word?**

"Baie van die kinders is getraumatiseerd deurdat van hulle ouers dood is as gevolg van VIGS of verwante siektes of wat selfs die slagoffers van geweld en misdaad was. Daar is 11 'child-headed/ youth-headed families' waarvan ek weet, maar ek is van mening dat dit al is in die hele Informele Nedersetting, omdat almal by my aanklop vir hulp en ek dus heel moontlik van die ander sou geweet het, indien daar nog meer was. Hierdie 11 'child-headed families' is vir alles (klere, kos, skryfbehoeftes en alle ander behoeftes) van Tshepang afhanklik. Met 'child-headed/youth-headed families' word bedoel dat 'n jongmens wat tussen 14–23 jaar oud is vir 'n hele gesin wat bestaan uit boeties en sussies, en soms nog stief- en halfboeties en -sussies ook, moet sorg. Daar is geen uitgebreide familiesisteem tot hulle beskikking nie. Die oupas en oumas, neefs, niggies en ander familie is of almal al reeds dood of hulle bly baie ver, bv. in die Oos-Kaap. Hier was byvoorbeeld onlangs 'n 23-jarige jong vrou wat na 3 van haar boeties en sussies kyk, terwyl sy ook drie van haar eie kinders het en daar geen vader of enige ander hulp in sig is nie. Sy is tans werkloos of kan nie werk nie, omdat heelwat van hierdie kinders wat haar eie boeties en sussies is, nog baie klein is en intensiewe aandag en versorging verlang. Sy is van Tshepang afhanklik vir al haar en haar uitgebreide gesin se behoeftes."

**Watter ander probleme het jy geïdentifiseer as die grootste uitdagings in Princess Plakkerskamp?**

"Armoede affekteer die mense van Princess geweldig. Ek is oortuig daarvan dat selfs die kinders se skoolprestasies negatief beïnvloed word. Baie kinders 'drop out of school' en hulle ontslaan hulleself dan ook uit die program wat dan lei tot vele komplikasies, en wat dan die begin van 'n destruktiewe- en afdraende pad vir hulle inlei. 'n Ander groot probleem is dat baie van die mense ongeletterd is en dat alles dus 'n stryd is. Niks gebeur maklik en sonder baie moeite, gebed en baie sweet nie. Waar mense ongeletterd is, is motivering 'n baie groot probleem. Dit is so belangrik om daardie mense te help om iewers betrokke te raak en dan veral die kinders te help om deel van 'n program te word, soos die by Tshepang. As mense


kan betrokke raak, verbeter hul lewens, want in die Informele Nedersettings is daar 'n geweldige tekort aan bronne en geleenthede."

**Hoe kry Tshepang dit reg om vir so baie kinders op 'n daaglikse basis voldoende kos te gee?**

"Tshepang het 'n groentetuin. In die somer kry ons dit reg om grootliks al ons groente self te produseer. Oumas en oupas wat na kinders, wat in die program is, kyk, kom werk Dinsdae en Donderdae in die tuin en maak so 'n bydrae, omdat hulle geen finansiële bydrae tot die kinders se opvoeding en versorging by Tshepang kan maak nie. Die bakkery is deur Clover moontlik gemaak en hulle verskaf nog steeds die bestanddele om brood te bak vir eie gebruik, maar ook om te verkoop aan die omliggende gemeenskap en op die manier maak ons 'n inkomste en wins vanuit die bakkery. Tshepang bestaan uit 26 personeellede wat onder my (Susan Rammekwa) werk. Hulle kry toelae van die Staat, maar dit is maar baie min. Hierdie toelae staan bekend as 'stipend' en hulle kry maar net R 1000 per maand vanaf die Departement, wat beteken dat hulle amper vrywilligers is. Die bestuur van Tshepang bestaan uit 5 mense. Ek doen opleiding en supervisie met die bestuur en hulle doen dit weer verder met die res van die personeel wat onder hulle werk. Vanaf Oktober gaan daar iemand help met ontlonting van die werkers, omdat hulle elke dag met hierdie getraumatiseerde en 'seer' kinders werk.



Hier is die naambord voor Tshepang wat deur een van haar borge opgerig is en wat soos 'n lig uitstaan in 'n andersins donker gebied. Hier onder is van die kinders wat deel is van die program en wat volgens alle getuies en getuigskrifte uitstaan wat lewensvaardigede en stabiliteit betref.



**Enkele opmerkings oor die onderhoud met Susan Rammekwa.**

Daar is 'n groot opgewondenheid by Susan dat die skrywer vanaf Januarie 2013 op 'n weeklikse basies betrokke kan raak by narratiewe- en traumaberading met die kinders asook op die alternatiewe Vrydae ontlonting en traumaberading met van die personeel kan doen. Dit is 'n groot nood en sy het die aanbod met albei hande aangegryp. Daar is ook groot behoefte dat kinders met komplekse probleme ge-assesseer word en dienooreenkomstig terapie en berading ontvang.

In 'n boek 'The Whole-Brain Child' van Daniel J Siegel word twaalf rewolusionêre strategieë oor hoe om jou kind se ontwikkelende brein en gedagtes te versorg, hanteer. Die skrywer se eerste reaksie is dat dit niks met hierdie studie te doen het nie, maar na die skrywer se onderhoud met Susan Rammekwa dink die skrywer weer daaroor. Hierdie 320 kinders in haar sorg word baie meer gebied as wat hulle ooit gehad het en sy en haar personeel probeer hulle stimuleer, by die skole uitbring en help met huiswerk en werkstukke en daar is wonderlike terugvoer oor die stabiliteit wat hulle in die kinders se lewens bring en dan hoor

die skrywer weer haar noodkreet wat primêr gaan oor die kinders se herkoms en traumatiese ervarings en armoede en huislike omstandighede. Hoe kan sy en haar personeel nog uitkom by die 'Whole-brain Child' en die skrywer dink aan die gedeelte voor in die boek:

> "However, when it comes to your children, you're aiming a lot higher than mere survival. Of course you want to get through those difficult tantrum-in-the-restaurant moments. But whether you're a parent or other committed caregiver in a child's life, your ultimate goal is to raise kids in a way that lets them thrive. You want them to enjoy meaningful relationships, be caring and compassionate, do well in school, work hard and be responsible, and feel good about who they are. Survive. Thrive" (Siegel 2012:vii).

Susan en haar personeel het baie gebede en baie ondersteuning, toegeruste hulp en ondersteuning nodig, sodat hulle nie net die kinders sal help om te 'survive' nie, maar om te 'thrive'.

> "Futures are never given. They are created. How can we address our critical challenges before they become time bombs that destroy our achievements? This question can be answered in three possible paths: Walk Apart; Walk Behind; Walk Together" (Dinokeng Scenario 2009:28-30).

Hierdie is 'n wonderlike geleentheid waar die Departement van Onderwys, 'n privaat organisasie (NGO), die gemeenskap, die besigheidsektor en die Kerk kan hande vat en kan besluit om saam te loop om die kritiese uitdagings aan te pak en die hoof te bied, voordat gemeenskaplike doelwitte verwoes word. Die narratiewe benadering kan identifiseer met hierdie aanhaling wat betref die ingesteldheid dat die toekoms - en veral 'n verlangde toekoms – nie gegee word en 'n gegewe werklikheid is nie, maar geskep kan word deur die verlede te herinterpreteer. Die nuwe toekoms begin dan met 'n nuwe ingesteldheid en 'n nuwe besluit vandag.

Die vierde onderhoud is met mev. Elaine Powell gevoer.

## <u>ONDERHOUD MET ME ELAINE POWELL (SKOOLHOOF VAN PRINCESS HIGH).</u>

(Hierdie onderhoud is hoofsaaklik in Engels gevoer en deur die skrywer in Afrikaans vertaal)

**Mev Powell, vertel my meer van Princess High en die tipiese probleme wat julle hier ondervind?**

"Die skool ondervind geweldig baie probleme. Die skool is die naaste skool van alle skole aan Princess Informele Nedersetting.

'Structure liberates' is een van my slagspreuke, want ek ervaar dat kinders wat in die Tshepang-program, Dora's Arch en Rosca-program is, redelik gestabiliseer is, want hulle funksioneer binne 'n struktuur wat hulp verleen met huiswek en dissipline en hulle ervaar dat hulle behoort en ook verantwoordelikhede het wat hulle moet nakom.

Kinders wat die slegste gedrag openbaar, kom merendeels nie uit die Informele Nedersetting nie, want soos reeds genoem kom hulle grootliks uit die bogenoemde programme uit.

Die probleme waarmee ons veral te doen het is 'wholesale bunking', 'wholesale sex' ('they do boys or they do girls', is die manier waarop daarna verwys word in die omgangstaal) en 'n algemene gebrek aan dissipline. 'They got an intolerable culture,' noem ek dit. Laat ek verduidelik wat die rol van taxi's is rakende die probleme wat ons hier ervaar. Taxi's is 'mobile trouble' wat kinders help om met alkohol en dwelms by die skool aan te kom. Daar is tans samesprekings met die skoolbeheerliggaam, die provinsiale onderwysdepartement en die taxi-assosiasie aan die gang en daar word gewerk aan 'n omkeerstrategie, wat begin lyk asof dit 'n realiteit gaan word, sodat die taxi's vennote sal word in die stryd teen alkohol, dwelms, losbandigheid en 'n promeskue leefstyl.

Ek wil weer eens beklemtoon dat die kinders wat die slegste gedrag openbaar, nie noodwendig uit die Informele Nedersetting kom nie, veral nie as hulle binne die struktuur van 'n program funksioneer nie. Daar is 'n kontingent wat uit Dobsonville kom wat die groot sondebokke is as dit kom by 'n gebrek aan dissipline wat uitloop op 'mass-bunking' en absolute ongehoorsaamheid."

**Watter ander probleme ondervind julle nog hier by die skool?**

"Die groot probleem is dat die skool nie 'n 'village school' is nie. Die kinders kom met 44 taxi's by die skool aan uit alle windrigtings en afstande. Dit beteken dat daar geen manier is dat enige onderwyser of die hoof 'n ouer in 'n winkelsentrum kan raakloop en iets rakende hul kind onder hul aandag kan bring nie of dalk hulle Sondag by die kerk sal raakloop nie, die kinders is dus 'anonymous', 'fearless' en 'reckless'. Daar is geen vorm van verwysing nie en van die kinders word by oumas en oupas groot.

Kom ek verduidelik met 'n baie aktuele voorbeeld. In die vertrek hier langsaan sit 'n ma wie se kind homself uit die Tshepang program ontslaan het, en hy is nou in groot moeilikheid. Hy

het geld gesteel by die skool. Dit sou nie gebeur het in byvoorbeeld die OVC-program van Susan Rammekwa by Tshepang nie."

(Terwyl die skrywer daar is, kom die adjunkhoof met 'n LO-juffrou in die gang af en agter hulle is omtrent 10 meisies wat gevang is waar hulle klas 'gebunk' het. Die hoof stel my voor en die juffrou wil weet of die skrywer nie nou met 'n paar kinders kan werk nie. Die juffrou is, volgens haarself, onderrig in narratiewe berading. Die skrywer belowe dat hy sal kom. Daar word 'n afspraak gemaak. Sy smeek en sê baie dankie. Hulle is radeloos).

"Jy sien, Dominee. Dit is die situasie waarmee ons daagliks te doen het. En daarby is daar nog heelwat ander bydraende faktore wat ons ook verder traumatiseer en soms met ons hande in ons hare laat sit. Baie van die kinders is slagoffers van kapings, verkragting, vroueroof en erge groepsdruk. Daar was twee voorvalle gedurende die afgelope twee weke. Ons sal so bly wees as jy ons kan kom help."

**Enkele opmerkings rakende die onderhoud met me Elaine Powell.**

Die moedeloosheid en noodkrete was duidelik sigbaar, alhoewel daar wonderlike innerlike energie en 'n roepingsbewustheid is om hierdie moeilike taak aan te pak. Die behoefte aan hulp en berading en selfs ontlonting het duidelik na vore gekom in die onderhoud. Dit het ook weer opnuut die noodsaaklikheid van verdere navorsing en studies oor die funksie van 'n narratiewe benadering in agtergeblewe gebiede en Informele Nedersettings geaksentueer. Die moontlikheid en haalbaarheid van so 'n projek, ten spyte van verskeie potensiële struikelblokke, word ook deur werk wat reeds op die terrein gedoen is, bevestig en gemotiveer.

> "Zanele came from an underprivileged background where resources and access to psychotherapy were limited. A social worker referred her to our research team ... . She was assessed and treated by the first author (CP) at a hospital internship site under the clinical supervision of the second author (DE). All interaction was in English which Zanele understood at a basic level. CP was careful not to use jargon and encouraged her to ask questions if she did not understand anything. Zanele regularly did indicate when she did not follow what was said, and communication seemed to work well on this basis" (Payne & Edwards 2009:28).

Taalverskille en vaktaal en die uitdrukking van emosies en tolke is van die moontlike uitdagings, maar dit kan ook ondervang word deur goeie supervisie, goeie dokumentering en die noukeurige gebruik van 'n bepaalde model as deel van 'n verantwoordbare navorsingsprojek.

> "DE also provided research supervision as the case was to be written up as a Master's research report. Because this was part of a research project, considerable attention was given to following the treatment model carefully and funds were available to meet expenses which would not have been available for routine cases at the internship site" (Payne & Edwards 2009:28).

Die vyfde onderhoud is met mev. Rina Smith gevoer.

**ONDERHOUD MET MEV RINA SMITH – HOOF VAN 'FROM THE HEART PRE-PRIMARY SCHOOL' IN PRINCESS INFORMELE NEDERSETTING.**

**Rina, vertel my meer van die kleuterskool en wat jy beleef van die mense en kinders in Princess Plakkerskamp?**

"Hierdie kleuterskool het so dertien jaar gelede ontstaan en was eers baie klein gewees, maar het deur die jare geweldig gegroei. Ek is die enigste een, saam met Susan Rammekwa van Tshepang, wat by die Departement van Onderwys geregistreer is. Ek is geregistreer om 140 kinders te kan inneem met speling tot en met 150 kinders maksimum. 'From the Heart Pre-Primary school' is saam met Tshepang beslis een van die twee grootste kleuterskole in Princess Plakkerskamp. Ons ontvang subsidie by die staat ('n bedrag per kind per dag) en ons verwag van elke ouer om iets by te dra. Baie kan nie die volle bedrag betaal nie, maar ons vra tog dat hulle eienaarskap neem vir hulle kinders se opvoeding en opleiding en dus 'n bydrae maak. Die skool het 9 personeellede wat 'n salarais van die staat ontvang. Die skool ontvang verder ondersteuning van Kerke en die gemeenskap en ons verkies om nie geld te ontvang nie, maar eerder kos of mense wat ons apparaat kan herstel of aanvul of selfs kan help met die onderhoud van die geboue en die terrein."

**Wat is dan jou siening oor die mense en die kinders van Princess Plakkerskamp?**

"Ek is van mening dat kinders vir die hier en die nou leef en dus nie noodwendig omgee oor wat gister gebeur het nie, solank hulle vandag kos het en met maatjies kan speel. Dit is wel so dat van hierdie kinders al gesien het hoe van hulle ouers verkrag, aangerand en selfs vermoor is en dus in daardie opsig trauma ervaar het, en sekerlik later in hulle lewe moontlik berading sal moet ontvang, maar ons ondervinding is dat hierdie gelukkige kinders is wat goeie onderrig, stimulering en die voorsiening in hulle basiese behoeftes ontvang. Hier is ook nie kinders wat in die strate slaap of in die straat ronddrentel in die aande nie, want die gemeenskap en die stelsel van uitgebreide families maak dat enige iemand op 'n gegewe aand 'n kind sal inneem en by hulle sal laat slaap en môre weer die ouers sal opspoor. Daar is by

die kleuterskool 2 personeellede wat op die perseel bly en dit gebeur gereeld dat ouers nie 'n kind kom haal in die aand nie en dan slaap die kind daar en word versorg en die volgende dag kom haal die ouer wel die kind. Die gemeenskap sorg vir mekaar en vir mekaar se kinders en staan saam as daar 'n ramp of krisis die gemeenskap tref."

**Is daar baie kinders wat nie skool toe gaan nie en wat is jou ervaring van dwelmmisbruik in Princess Plakkerskamp?**

"Dit is glad nie waar dat kinders as gevolg van armoede by die huis bly nie, want almal wat wil skoolgaan, kan per trein (Princess stasie is 'n paar honderd meter van die plakkerskamp af) na Durban Deep Laerskool ry. Dit is wel so dat eerstetaal onderrig feitlik glad nie plaasvind nie. Ouers is soms lui en slaap laat en sien nie toe dat kinders by die skool uitkom nie. Ek dink nie dat daar veel kinders is wat dwelms gebruik nie, aangesien daar net eenvoudig nie geld vir dwelms is nie. Dit kan wel waar wees dat dwelms aan wit kinders en jongmense verkoop word vanuit die plakkerskamp – heel moontlik aan Van der Lindestraat se kant."

**Watter ander probleme ervaar julle in Princess Plakkerskamp?**

"As gevolg van die feit dat ons van die min persele is wat elektrisiteit het, word elektrisiteit vanaf ons verbinding gesteel en party maande is ons rekening werklik baie hoog en so vinnig as wat ons dit probeer herstel, so vinnig word dit maar weer deur die Zimbabwiërs veral (baie van hul is leke elektrisiëns) omgekeer en word krag maar weer onwettig en soms op lewensgevaarlike wyse gesteel. Ons is nie bang nie en word redelik deur die gemeenskap aanvaar. Die Here beskerm ons en mense kan niks aan ons doen nie, al weet ons dat sangomas en toordokters soms vloeke uitspreek oor ons en goed oor die heining gooi (soos bene en binnegoed van dooie diere) en ons probeer ontsenu en bang maak, maar dan neem ons dit maar net en verbrand dit en bid dat die Here ons sal beskerm, want ons weet Hy wat vir ons is, is baie sterker as die wat teen ons is.

'n Verdere probleem is soms die kerklandskap in die Informele Nedersetting. Ons weet dat die grootste kerke in Princess die ZCC-kerk en die Twaalf Apostels is. Baie van die mense woon die kerke se byeenkomste by, en dit is deels positief, maar tog kommerwekkend dat veral die Twaalf Apostels nog baie gefokus is op voorvadergeeste en voorvaderaanbidding. Hierdie vorme van aanbidding het 'n baie sterk houvas op die mense en is nie altyd tot voordeel van die mense en die gemeenskap nie.

Te midde van al die uitdagings, ervaar ons dus eintlik baie seën van die Here en is ons van plan om hier te dien en te werk solank as wat die deure en die geleenthede vir ons bly oopgaan en oop bly."



**Enkele opmerkings oor die onderhoud met me Rina Smith.**

Na die onderhoud het ons weer gedagtes gewissel oor die aard van die traumatisering van hierdie kinders en daar is begrip daarvoor dat sy voel dat dit wat hulle aan die kinders bied, nl. liefde, kos en klere, onderrig en 'n plek om veilig te speel asook die baie bederfies van die gemeenskap en kerkgroepe en skole wat kom uitreik en altyd iets saambring, maak dat die kinders nie deur armoede of hulle blyplek in die Informele Nedersetting getraumatiseer word nie. Sy verstaan wel dat kinders wat albei ouers verloor het en wat geweldsmisdaad moes aanskou, getraumatiseer kan wees en sy sien in dat dit goed sal wees om met hierdie kinders op 'n stadium ontlonting en narratiewe berading te doen.

Die sesde onderhoud is met mev. Susan Nawane gevoer.

**ONDERHOUD MET SUSAN NAWANE - HOOF VAN THUSANO HBCC.**

**Susan, vertel my asseblief meer van jou werk en van die Thusano Homebase Care Centre?**

"Ek is Susan Nawane en ek is aan die hoof van die Thusano Homebase Care Centre. Ek is reeds vanaf 2001 verbonde aan die sentrum en vanaf 2008 aan die hoof van die sentrum. Onder my werk daar 10 versorgers, 1 professionele verpleegster, 1 administratiewe beampte en 5 vrywilligers. Die kliniek is net agter 'From the heart' Kleuterskool wat deur mev Rina Smith bestuur word. Die kliniek val onder die Departement van Gesondheid. Ons ontvang subsidie van die Departement, maar dit is ongereeld en soms moet ons 6 tot 9 maande wag om die subsidie te ontvang. Ek ontvang drie-maandeliks supervisie en moet weer aan die versorgers supervisie verskaf, waarvoor ek nie altyd opgelei is nie en daarom gebeur dit nie altyd op 'n gereelde basis nie.

Die grootste leemtes en bedreigings is die skaarste en soms tekort aan ARV's en die korrekte behandeling wat hulle vir TB benodig. Dit is verder baie moeilik om die mense altyd te vind op hulle adresse in die Informele Nedersetting van Princess. Nuwe pasiënte is dikwels vyandig en wil nie hulle MIV-status bekend maak nie en ook nie altyd saamwerk met die voorgestelde behandeling nie."

**Wat is die grootste oorsake van trauma in Princess Plakkerskamp oor die algemeen en dit wat kinders in die besonder die meeste raak en negatief beïnvloed?**

"Verkragting is 'n groot probleem en dit gaan gepaard met drank-en dwelmmisbruik en maak ook soms deel uit van gesinsgeweld waarteen die gemeenskap en polisie amper weerloos gelaat word.

Molestering kom baie voor in uitgebreide- en saamgestelde gesinne. Molestering word dikwels deur familielede aan kinders gedoen. Kinders het nie genoeg beskerming nie, as gevolg van die afwesigheid van ouers en ouers wat reeds oorlede is, en die hoë voorkoms van drank- en dwelmmisbruik.

Huishoudelike geweld is een van die grootste probleme in hierdie Informele Nedersetting en dit hou ook verband met die Shebeens en drankmisbruik. Geweldadige misdaad vind plaas

omdat mense in hierdie informele nedersetting maklike teikens is en werkloosheid en armoede 'n groot probleem is. Die beskikbaarheid van drank en dwelms is die katalisator wat 'n kruitvat van frustrasie en hopeloosheid laat ontplof en aanhelp. Polisiesigbaarheid is baie laag en hulle reageer slegs wanneer hulle uitgeroep word."

**Wat is die grootste nood en behoeftes wat die versorgers ervaar?**

"Die versorgers en vrywilligers het meer ontlonting-sessies en traumaberading nodig. Verder het die versorgers en vrywilligers ook meer spesifieke toerusting nodig om hulle versorgingswerk te kan doen, maar dit sou ook baie nuttig en van hulp gewees het as hulle in staat sou wees om basiese beradingsvaardighede te kan gebruik om die pasiënte, getraumatiseerde familie en kinders te help ontlont en in die skok-en terminale fase by te staan.

In die konteks van die Informele Nedersetting, is dit nie altyd moontlik om te verwys soos in 'n meer Westerse en Eerste-wêreld-konteks nie. Baie keer is 'n kliniek of 'n 'Homebase Care Centre' eintlik 'n eenstopsentrum en word daar verwag dat die versorgers na mense se nood- en seerstories sal luister, terwyl die wonde verbind word, medisyne toegedien word en bloed getrek word. Indien dit nie so gebeur nie, is dit ongelukkig die realiteit dat die geleentheid om met hierdie persoon te werk en hierdie persoon méér volhoubaar te help as om net tydelike medikasie te verskaf, hom dalk nie weer sal herhaal nie.

In die geheel voel ons dat ons nie altyd voldoende ondersteuning van die Departement of selfs van die gemeenskap ontvang nie."

**Enkele opmerkings oor die onderhoud met Susan Nawane.**

> "Berading probeer om bemoediging en leiding te verskaf aan mense wat verliese, besluite of teleurstellings in die gesig staar. Berading kan persoonlike groei en ontwikkeling stimuleer, mense help om probleme, innerlike konflik en verlammende emosies doeltreffender te hanteer; dit kan enkelinge, gesinslede en getroude pare help om interpersoonlike spanning uit die weg te ruim of om meer doeltreffende verhoudings te vestig; dit kan mense help om selfvernietigende lewenspatrone wat tot ongelukkigheid lei, te vervang" (Collins 2005:3-4).

Iemand het gesê: "An opportunity of a lifetime must be sought in the lifetime of the opportunity". Dit is daarom uiters noodsaaklik dat versorgers die nodige toepaslike en mees effektiewe toerusting en berading op 'n gereelde basis sal ontvang, sodat hulle hierdie

geleenthede kan benut, maar ook 'n plek tot hulle beskikking kan hê om self te ontlaai en traumaberading te ontvang.

Die laaste onderhoude is met die versorgers wat saam met mev. Susan Nawane werk, gevoer.

## ONDERHOUDE MET VERSORGERS WAT SAAM MET MEV. SUSAN NAWANE WERK.

Daarna is daar ook onderhoude gevoer met van die versorgers wat onder en saam met Susan Nawane werk. Aangesien nie al die versorgers kan skryf nie, en hul vlakke van onderwys en vaardighede verskil, is die kwalitatiewe en kwantitatiewe vrae alles in die vorm van 'n groepsonderhoud gedoen. Die versorgers se ouderdomme wissel tussen 21 tot 46 jaar en hulle diensjare by die 'Thusano HBCC' wissel tussen 1 tot 11 jaar as Susan Nawane bygereken word, anders is die res almal tussen 1 tot 5 jaar in diens van die 'Homebase Care Centre' in Princess Plakkerskamp (soos dit algemeen in die omgangstaal bekend staan).

Hawtin & Percy-Smith (2007:78) verduidelik in 'n mate die metode wat hier gebruik is:

> "In essence, a survey is a means of collecting information in a standard format from a relatively large number of people. Collecting information in a structured way is necessary if you want to be able to analyse that information relatively easily and also if you want to be able to compare the responses of different groups of people".

Hier is 'n voorbeeld van die vraelys wat gebruik is vir die onderhoude:

**SECONDARY TRAUMA DEBRIEFMENT OF HOMEBASE CARE WORKERS**

RESEARCH IN PRINCESS INFORMAL SETTLEMENT

Date:________________ Address:________________

Name:______________ Surname

1. Particulars:

| | WORKER |
|---|---|
| Language | |
| Age | |
| Employee | |
| Duration of employment | |
| How many workers are employed | |

2. Describe the type of work that you do?

3. What type of trauma experience do young children in Princess experience have?

4. What do you think are the source for their trauma?

5. What is the prevalence of trauma among children in Princess?

6. What factors might moderate traumatic experiences amongst Princess children?

7. Do you know what debriefment (ontlonting) is?

8. Do you do debriefment (ontlonting) with children who experience trauma?

9. If yes, did you receive any training to do it?

10. Do you think children need to have the opportunity to debrief?

11. Do you think there are enough resources in Princess for therapeutic assistance of traumatized children?

12. Do you experience trauma due to you work?

13. Are there resources for you to debrief?

(Weyers 2011; Hawtin & Percy-Smith 2007; Rubin, HJ & Rubin, IS 2012)

Hier is die resultate van die vraelyste wat met hulle behandel en bespreek is met behulp van 'n maatskaplike werker wat ook met hulle programme doen. Sy het bystand en hulp verleen met die verduideliking van die vrae in hulle verstaans-dialek en milieu. Hier onder volg 'n naamlys van die respondente asook 'n opsomming en kompilasie van die resultate van al die vrae wat in groepsverband deur almal individueel beantwoord is. Die onderhoude is alles in Engels gedoen, aangesien hulle almal in 'n redelike mate Engels kan verstaan en dit magtig is as tweede of derde spreektaal.

Hier is gebruik gemaak van 'interview surveys'.

> "With all interview surveys the interviewer talks directly to the respondent using a structured questionnaire, which the interviewer works through with the respondent. This personal contact can help to increase a sense of involvement in the project" (Hawtin & Percy-Smith 2007:81).

Op hierdie wyse kan selfs kwantitatiewe vrae bespreek word en die vorm van 'n onderhoud aanneem en deurgaan as kwalitatiewe navorsing.

> "Interview surveys are more flexible than self-completion questionnaires; they provide the opportunity to clarify terms that are not clear and probe for more information" (Hawtin & Percy-Smith 2007:82).

1.

| NAAM EN VAN | OUDERDOM | WERKSPLEK | WERKGEWER | JARE DIENS |
|---|---|---|---|---|
| SUSAN KEATLARETSE NAWANE | 40 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 11 (laaste 4 as hoof). Sentrum eers in 2008 amptelik by departement geregistreer. |
| GLADYS NTSAAGAE | 40 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 5 |
| GALEAGIWE MPETE | 23 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 1 |
| DOREEN PHOI | 32 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 1 |
| ALINAH TAPA | 39 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 1 |
| MARIA MONTOELI | 46 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 3 |
| MAVIS MZANGWA | 21 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 3 |
| NTHABISENG PHEANE | 34 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 4 |
| GLORIA NYAMANE | 39 | THUSANO HBCC | DEPARTMENT OF HEALTH | 1 |

**2.Describe the type of work that you do?**

Die versorgers is dit almal eens en hulle antwoord gesamentlik dat hulle grootliks en oorwegend met terminale siek mense werk, sowel as verswakte bejaardes, pasiënte met chroniese siektes en gestremde mense.

**3. What type of trauma experience do young children in Princess have?**

Hulle het beslis in baie gevalle geïsoleerde eenmalige traumatiese ervarings soos hulself en ouers wat in Taxi-ongelukke is of raakgery word as hulle oor baie besige straat na die naaste winkelsentrum toe gaan, maar nie noodlottig beseer is en permanente skade opdoen nie.

> "Childhood trauma may consist of one, sudden, unexpected incident such as being involved in an armed robbery or being attacked by an animal. Some single traumas can be seen as milder than others. There are situations that are shocking and frightening for a child, but which do not result in physical harm or permanent changes in the child's home or family" (Lewis 1999:8).

Daar is ook veelvoudige traumatiese ervarings waaraan hierdie kinders gereeld blootgestel word, soos herhaalde situasies waar hulle slagoffers is van misdaad, waar hulle hoor dat 'n familielid siek is of HIV-positief is en waar hulle 'n familielid aan die dood afstaan, maar dan word hulle ook blootgestel aan aaneenlopende trauma.

> "Continuous traumatic stress is the term used to describe situations where people are exposed to ongoing trauma. Many South African children, particularly black children who live in townships with high levels of violence, are constantly exposed to violence and have been traumatised repeatedly. These children live with the constant threat of danger and violence" (Lewis 1999: 9-10).

En dan word van hierdie kinders ook aan komplekse trauma blootgestel soos gesinsgeweld en molestering.

> "Complex trauma constitutes a prolonged, repeated traumatic event. In these cases, there is usually a relationship between the victim and the person who inflicts the trauma, for example, where the abuser is a partner, a parent or a captor. The victim is also likely to be under the control of the perpetrator and probably cannot escape" (Lewis 1999: 10).

**4. What do you think are the sources for their trauma?**

Alinah is van mening dat klein kinders se grootste stressor wat trauma veroorsaak en aanhelp, armoede en die gebrek aan geld is. Maria voel weer op haar beurt dat dwelmafhanklikheid, die problematiek en werklikheid van straatkinders, die afwesigheid van een of albei ouers, die groot teenwoordigheid van etlike Shebeens en die destruktiewe effek wat dit op die

gemeenskap het asook die hoë verkragtingssyfer, die grootste oorsake van trauma in Princess Plakkerskamp is. Mavis konsentreer op 'n paar ander probleme as sy die verlies van biologiese ouers as gevolg van ongelukke en VIGS en siekte as vernaamste oorsake vir trauma uitlig. Nthabiseng stem saam dat verkragting 'n groot voorkoms het en geweldig baie trauma tot gevolg het en dan noem sy ook die groot probleem van alkohol en die effek van alkohol op die gesin en gemeenskap. Gloria verskuif die klem bietjie meer na armoede en die feit dat die kinders soms voortdurend en vir lang tye honger is asook die ongewenste werklikheid dat hulle nie geld het vir vervoer en skoolgelde nie. Gladys stem saam dat armoede een van die hoof oorsake is vir trauma. Daarmee saam is die kinders baie keer vir lang rukke honger en dit maak die kinders baie kwesbaar vir baie ander versoekinge en misbruik. Kinders ervaar ook heelwat trauma a.g.v. werklose ouers, wat vanselfsprekend bydra tot bogenoemde oorsake wat trauma onder die kinders veroorsaak.

Galeagiwe en Doreen stem hiermee saam en het nie enige nuwe oorsake genoem nie.

**5. What is the prevalence of trauma among children in Princess?**

Die versorgers is dit eens dat getraumatiseerde kinders in die informele nedersetting van Princess, 'n baie groot probleem is, en van hulle voel dat omtrent alle kinders getraumatiseer is; ander reken dat daar wel baie kinders is en hulle sal instem op 'n syfer van ongeveer 80 % van alle kinders wat om een of ander rede getraumatiseer is deur een of meer van die faktore en oorsake wat vroeër reeds genoem is.

**6. What factors might moderate traumatic experiences amongst Princess children?**

Almal is dit eens dat daar eers met die ouers begin moet word om hierdie verskynsel van getraumatiseerde kinders aan te spreek. Volgens hulle moet daar dus eerder pro-aktief begin werk word. Hulle voel sterk daaroor dat ouers opgevoed moet word wat in baie gevalle letterlik skoolopleiding en basiese vaardighede beteken, maar in ander gevalle eerder verwys na ouerleiding en oueropvoeding. Party van hulle ervaar dat baie ouers nie eers die basiese lewensvaardighede het om behoorlik na hulle self te kyk nie, wat nog om na kinders te kyk en kinders op te voed en deur die reeds baie moeilike lewe in 'n inforrmele nedersetting, te begelei.

Alinah stel voor dat daar vir die kinders 'n pragtige prent geteken moet word. Hierdie moet 'n prent wees van die familie, soos wat 'n familie veronderstel is om te lyk en te funksioneer

selfs in 'n informele nedersetting en te midde van baie faktore wat 'n aanslag maak op die prentjie van tradisionele opvattings oor families en gesinne.

Maria voel baie sterk oor die oprigting van 'n 'Lifeskills Centre' vir kinders en tieners, en dat hulle vir kinders 'n baie beter prentjie van die toekoms sal kan teken as hulle behoorlik opgevoed is en daarmee saam behoorlike skoolonderrig kan ontvang.

**7. Do you know what debriefment (ontlonting) is?**

Na so 'n bietjie verduideliking en die gebruik van ander woorde en 'n paar voorbeelde uit hulle wêreld, waarmee die maatskaplike werker baie gehelp het, het hulle almal tog ingestem dat hulle verstaan wat ontlonting en traumaberading beteken en wat dit prakties sou behels.

**8. Do you do debriefment (ontlonting) with children who experience trauma?**

Hier en daar is daar van hulle wat bietjie ervaring het om wel kinders met trauma te help, maar hulle het geen formele en bitter min informele opleiding om met kinders te kan werk. Hulle werk primêr met die terminaal siek ouers en erf in die proses die hele getraumatiseerde gesin en familie, waaronder heelwat kinders wat dan ook deur hierdie pa, ma, oupa of ouma se terminale siekte en later dood geraak word. Hulle stem dus saam dat hulle heeltemal te min met kinders doen. Hulle noem dat eintlik net Susan Rammekwa (sien hoofstuk 2) van Tshepang-sentrum met die OVC's (Orphans and Vulnerable Children) werk. Hulle vermoed dat daar by die plaaslike Laerskool en Kliniek tog ook soms bietjie berading en ontlonting gedoen word, maar hulle is ook van mening dat dit heeltemal onvoldoende is en dat die mense daar ook nie noodwendig opgelei is daarvoor nie. By die kliniek val die klem veral op berading vir persone wat MIV-positief getoets is.

**9. If yes, did you receive any training to do it?**

Nie een van hulle het formele opleiding ontvang om op enige wyse en met enige model met die kinders te werk nie.

**10. Do you think children need to have the opportunity to debrief?**

Almal stem heelhartig saam dat dit 'n geweldige groot behoefte is dat kinders die geleentheid moet kry om te ontlont en met mense te kan praat oor hulle belewenisse en hulle traumatiese ervarings.

**11. Do you think there are enough resources in Princess for therapeutic assistance of traumatized children?**

Weer eens stem hulle saam dat daar glad nie genoeg hulpbronne in Princess is om na die kinders se beradingsbehoeftes om te sien nie. Weer eens word genoem dat slegs Susan Rammekwa van Tshepang eintlik berading met kinders doen en dat hulle nie kennis dra van enige ander hulpbronne wat tot die beskikking van die meeste kinders is nie.

**12. Do you experience trauma due to your work?**

Almal stem saam dat daar baie aspekte van hulle werk is wat hulle soms traumatiseer en nadat die konsep van trauma en traumatisering weer baie deeglik en mooi verduidelik is, kon hulle nog meer instemmend reageer en kon elkeen begin vertel van die aspekte van hulle werk wat volgens hulle die meeste trauma veroorsaak en dus die grootste impak op elkeen van hulle het.

Alinah ervaar baie trauma deur daagliks getraumatiseerde en verwaarloosde kinders te sien, terwyl sy hulle nie regtig kan help en hulle posisie kan verander of help verbeter nie. Sy dink dat sy ook getraumatiseer word deur die groot getal mense, en dan spesifiek van hulle pasiënte, wat werklooos is en dus geen of baie min hulpbronne en ondersteuningsdienste kan bekostig om hulle te help om te genees en hulle lewensverwagting te verleng. Dit het weer eens 'n impak op die kinders waarvoor haar hart reeds bloei en dit laat haar amper moedeloos en selfs hopeloos vir die toekoms en dit traumatiseer haar geweldig.

Maria voel baie jammer vir persone wat terminaal siek is en wat letterlik voor haar oë op 'n daaglikse basis verswak en doodgaan. Dit traumatiseer haar weer baie.

Mavis sê dat die baie siek mense haar traumatiseer, maar wat haar nog baie meer traumatiseer, is dat baie van die siek mense nie hulle medisyne wil drink nie en as hulle dan weer by die sentrum terugkom, het hulle situasie baie versleg en dan moet hulle weer van heel vooraf begin. Dit traumatiseer haar regtig intens.

Nthabiseng ervaar ook wel trauma as sy ander mense se lyding moet aanskou en sy voel dat sy dan sekondêre trauma ervaar as sy ander se seer en lyding saam met hulle moet deurgaan of aanskou. Dit laat haar dink aan haar eie swaarkry wat sy al in haar lewe ervaar het en deurgegaan het.

Hierdie gewaarwording en belewenis van Nthabiseng, bevestig dat daar traumatise ervarings in haar lewe was of selfs nog is wat glad nie hanteer is nie en waarvoor sy geen berading ontvang het nie. Sy het nog nie haar storie, verlede verhaal en selfs noodverhaal, met iemand gedeel wat haar kon help nie. Miskien het haar seer haar juis gelei na hierdie plek waar sy ander wil help in 'n onderbewuste poging om genesing vir haar eie seer te kry.

Gloria is bang dat mense nie die moeite sal doen om hospitaal toe te loop om medisyne wat nie by die kliniek beskikbaar is, daar te gaan haal nie. Dit is lewensbelangrike medisyne soos ARV's en dit is klaar vir haar baie sleg dat hulle nie altyd voldoende voorraad het om uit te deel nie. Dit traumatiseer haar egter om te dink dat al hulle moeite dalk nutteloos is as mense nie self die ekstra myl vir hulle eie gesondheid wil stap nie. Sy voel verantwoordelik, maar ook kwaad en in die steek gelaat, want dit is binne baie van hulle se fisiese vermoë om saam te werk dat hulle lewensverwagting verleng kan word, maar dan tree hulle onverantwoordelik en ongeërg op.

Gladys ervaar baie trauma as na die baie hopelose en koerslose kinders in die Informele Nedersetting gekyk word. Dit voel vir haar asof die samelewing die kinders ignoreer en hoop dat die probleem van getraumatiseerde kinders sal weggaan. Kinders aan die hoof van gesinne, kinders wat nie skoolgaan nie as gevolg van verskeie redes, kinders wat afhanklik van alkohol en dwelms is en vele ander faktore, bekommer haar geweldig en dit lei tot deurlopende en herhalende trauma. Dit is 'n 'burden' vir haar.

Doreen word ook spesifiek getraumatiseer as gevolg van die situasie waarin kinders verkeer in die Princess Plakkerskamp. Die kinders wat agterbly as die ouers sterf en wat baie verantwoordelikhede op hulle neem en wat amper 'n verlore generasie word, laat haar baie swaarkry en die feit dat sy voel dat haar hande afgekap is en dat sy amper niks of bitter min daaraan kan doen nie, vererger die gevoel van traumatisering en dit lei tot 'n gevoel van hulpeloosheid en negatiwiteit, want op 'n direkte wyse verteenwoordig kinders die toekoms. 'n Negatiewe toekomsprentjie in terme van ons kinders is dus letterlik 'n negatiewe en verduisterde toekomsverhaal.

Galeagiwe het, nadat die konsep van trauma weer eens mooi aan haar verduidelik is, tog erken dat sy wel trauma ervaar, maar nie soveel as van die ander nie. Sy voel nie dat sy getraumatiseerd is nie en is nog heeltemal positief oor haar werk en dit wat van haar verwag word.

Haar jeugdigheid en die feit dat sy nog net vir een jaar werksaam is by die sentrum, kan moontlik bydraend meewerk tot haar gelukkige posisie en dit moet as motivering dien om pro-aktief betrokke te raak en in te tree in die lewens- en werksomstandighede van hierdie werkers, terwyl dit vir party nog kan help om nie noodwendig die pad van traumatisering, sekondêre trauma, 'compassion fatigue' en 'compassion witnessing' te stap nie. Onmiddellike intervensie kan ook bydra dat reeds getraumatiseerde werkers die geleentheid van berading kan kry en ontlonting kan ervaar, voordat hulle die onaangename en soms fatale pad van 'compassion fatigue' (uitbranding) hoef te stap.

> Smith (2009:28) skryf: "Compassion fatigue is a secondary traumatic stress disorder. The display of symptoms is the natural consequence of stress resulting from caring and helping traumatized or suffering people or animals (Figley,1995). "The difference between a healthy caregiver and a compassion fatigued caregiver is that with the sufferer, the symptoms are chronic. The headaches never seem to go away; the allergies never seem to clear up. There is a constant need to express the excessive complaints verbally" (Smith 2009:28).

### 13. Are there resources for you to debrief?

Die jongste een van die versorgers, Mavis (slegs 21), voel dat die departement wel al met hulle ontlonting gedoen het en dat dit vir haar genoeg is. Met verdere navrae deur haar ontnugterde en verbaasde kollegas, blyk dit dat dit een keer plaasgevind het in die drie jaar wat sy in diens is van die departement van gesondheid in Princess Plakkerskamp. Die res voel almal dat daar baie min en onvoldoende hulpbronne in die gemeenskap is en verskaf word om aan hulle traumaberading- en ontlontings-behoeftes te voldoen. Gladys voeg by dat in die vyf jaar wat sy by die sentrum werk die Departement van gesondheid gemiddeld 1-2 keer per jaar by hulle was vir 'n vorm van ontlonting en traumaberading, maar nooit die sessies met individue opgevolg het nie. Galeagiwe, wat slegs een jaar by die sentrum werk, het gevoel dat hulle veel meer formele ontlonting en traumaberading nodig het en sy is self een van die jongeres wat daar werk.

Dit is opmerklik dat Susan, wat aan die hoof van die sentrum staan en by verre die langste van almal daar werk, baie sterk gevoel het dat hulle grootste behoefte gereelde ontlonting en berading is. Sy het gevoel dat dit selfs groter is as die behoefte aan fondse en ander materiële middele. Susan het gepleit dat as ons iets daar wil help, dit in die vorm van formele ontlontingsessies moet wees, want hulle ervaar intense trauma en het nodig om ontslae te raak van alle slegte en traumatiese ervarings waaraan hulle op 'n daaglikse basis blootgestel word.

> "Not all people who experience trauma need professional help. Some recover with the help of family, friends, religious or community support. The symptoms usually pass with time – within six weeks to three months in a trauma where there has not been severe injury or death of loved ones. In some cases, the traumatised person may be affected by many of these symptoms for months or years. Symptoms may be more severe where the trauma resulted in severe injury, disability or loss of a loved one, or where the person has experienced previous trauma(s)" (Lewis 1999:15).

Na aanleiding van hierdie kwalitatiewe navorsing kon die skrywer verder heelwat waarneem en luister en agterkom dat daar beslis baie alternatiewe stories ontwikkel uit die aanvanklike dun of dominante storie. Deur die loop van die onderhoude, kon daar 'mapping' gedoen word en gesien word hoe die verskillende oorsake van trauma en dit waaraan kinders blootgestel word, 'n invloed het op elke kind se verhouding met God of 'n gebrek aan 'n verhouding met God. Die skrywer kon vervolgens iets hoor van gesinsverhoudings of 'n gebrek aan gesinne en derhalwe ook die aard en kwaliteit van verhoudings waar daar wel gesinne is. Daar kon gehoor word hoe probleme geëksternaliseer word asook soms die onvermoë om probleme te eksternaliseer, want die frustrasie is te hoog om nie mense te blameer en mense verantwoordelik en verantwoordbaar te hou nie. 'n Mate van dekonstruksie kon beleef word toe met Susan Rammekwa en Susan Nawane gesels is en hulle toegelaat het dat daar ingeloer kon word in die vreugdes en frustrasies van hulle versorgings- en onbaatsugtige barmhartigheidswerk.

Daar is soms unieke uitkomste en daarvan getuig die hoof van Princess High as sy in vervoering raak oor die stabiliteit wat sy teëkom by kinders wat deel is van gestruktureerde en georganiseerde programme, maar dit is net jammer dat daar so 'n tekort is daaraan en die kapasiteit van die bestaande programme nie almal kan huisves wat eintlik deel daarvan moet wees nie.

Alternatiewe stories is dus daar, maar miskien te min. Daar is meer liefdevolle barmhartige vaders nodig en waarnemers wat deelnemers sal word met skêre en drade sal afsny van potte wat nutteloos, nadelig, destruktief en te veel is. In die volgende hoofstuk gaan daar dus gekyk word na verduisterde toekomsverhale as gevolg van trauma. Daar gaan gevra word: Wat is die gevolge daarvan? Die volgende aanhaling van Miller (1991:167) gaan verder geëksploreer en verken word, sodat die normatiewe taak vir ons meer duidelik word ten einde na die pragmatiese taak oor te gaan in die laaste hoofstuk.

"For some years now there has been proof that the devastating effects of the traumatization of children take their inevitable toll on society. This knowledge concerns every single one of us, and - if disseminated widely enough – should lead to fundamental changes in society, above all to halt in the blind escalation of violence".



Sewe van die 'caregivers' - met wie onderhoude gevoer is - van die 'Thusano Homebase Care Centre'. Susan Nawane – die hoof van die 'Thusano HBCC' - is heel links agter, regs van haar sit die vrou met die wit baadjie aan.

## HOOFSTUK 4:

## VERDUISTERDE TOEKOMSVERHALE AS GEVOLG VAN TRAUMA. WAT IS DIE GEVOLGE DAARVAN? WAT IS DIE PAD VORENTOE?

> "For some years now there has been proof that the devastating effects of the traumatization of children take their inevitable toll on society. This knowledge concerns every single one of us, and – if disseminated widely enough – should lead to fundamental changes in society, above all to a halt in the blind escalation of violence" (Miller 1991:167).

Miller noem dan verder 'n paar punte om bogenoemde stelling te motiveer en te staaf.

Daar word algemeen aanvaar dat kinders gebore word om te groei, te ontwikkel, te leef en lief te hê, en hulle behoeftes en gevoelens te verwoord vir hulle behoud en beskerming.

Ten einde ten volle te ontwikkel, is dit belangrik dat kinders respek en beskerming van volwassenes sal ontvang wat hulle belange op die hart dra deur hulle lief te hê en te help om aan te pas in die wêreld.

As hierdie essensiële behoeftes nie bevredig word nie en die kinders word eerder misbruik en deur volwassenes uitgebuit vir hulle eie gewin deur geslaan, gestraf, verwaarloos, gemanipuleer, gemolesteer en selfs verraai te word sonder dat ooggetuies vir hulle intree, dan sal hulle integriteit geknak word.

Die normale reaksies in geval van sulke letsels en beserings, sal aggressie en pyn wees, maar aangesien kinders in hierdie tipe pynlike omstandighede inherent verbied word om hul aggressie te toon, en omdat dit ondraaglik sal wees om hulle seer alleen te verduur, beteken dit dat hul seer en gevoelens maar onderdruk moet word, en al die geheue rakende die traumatiese ervaring ver weg gebêre word, en die wat skuldig is aan die misbruik geïdealiseer word. Later sal hulle niks kan onthou van wat gebeur het nie.

As daar disassosiasie van die oorspronklike oorsaak van die trauma plaasvind, sal hulle gevoelens van aggressie, hulpeloosheid, verwerping, verlange, angs en pyn tot uiting kom in destruktiewe gedrag teenoor ander (kriminele gedrag, massa-moordenaars) of destruktiewe gedrag teenoor hulleself soos dwelmafhanklikheid, alkoholisme, prostitusie, psigiese afwykings en selfmoordneigings.

Wanneer hierdie getraumatiseerde persone ouers word, sal hulle dikwels dade van wraak vir die mishandeling wat hulle ervaar het, op hullle eie kinders reflekteer, en dus word hulle

kinders die sondebokke gemaak vir onverwerkte emosies en traumatiese ervarings in hulle verlede. Mishandeling teenoor kinders word eintlik nog goedgekeur en selfs gepromoveer, solank as wat dit beskou word as 'handhawing van dissipline'. Dit is egter wel 'n tragiese feit dat ouers hulle kinders lyfstraf toedien om te ontsnap en los te kom van die emosionele seer wat hulle nog ronddra as gevolg van die manier waarop hulle ouers hulle behandel het.

As mishandelde kinders nie kriminele word of geestelike versteurings oorhou nie, is dit van kardinale belang dat daar minstens een keer in hulle lewens iemand sal wees met wie hulle in kontak kom wat sonder enige twyfel sal weet dat die omgewing - en nie die hulpelose mishandelde kind nie - die skuld moet dra. In hierdie geval lê die fout by die gemeenskap wat met kennis die kind se lewe kan help red of, as gevolg van 'n apatiese houding, kan bydra tot die verwoesting van 'n lewe. Dit bied 'n groot uitdaging aan familielede, maatskaplike werkers, terapeute, onderwysers, dokters, sielkundiges, beamptes en verpleegsters om die kind te ondersteun en hom/haar te glo wanneer hulle wel bereid is om oor die destruktiewe omstandighede en situasie te praat.

Die heersende omstandighede, is dat die gemeenskap in baie gevalle die volwassenes beskerm en die slagoffers blameer.

> "It has been abetted in its blindness by theories, still in keeping with the pedagogical principles of our great-grandparents, according to which children are viewed as crafty creatures, dominated by wicked drives, who invent stories and attack their innocent parents or desire them sexually. In reality, children tend to blame themselves for their parents' cruelty and to absolve the parents, whom they invariably love, of all responsibility" (Miller 1991:169 ).

Vir baie jare reeds kan daar bewys word dat onderdrukte traumatiese ervarings tydens die kinderjare in die liggaam gestoor word, en alhoewel dit in die onderbewuste funksioneer, kan die invloed daarvan tot in volwassenheid strek. Daarby het elektroniese toetsing van die fetus feite bewys wat voorheen onbekend was vir die meeste volwassenes: "... a child responds to and learns both tenderness and cruelty from the very beginning" (Miller 1991:169 ).

In die lig van hierdie nuwe kennis, kan die mees absurde gedrag moontlik verklaar word en minder onlogies en absurd voorkom as die traumatiese ervarings van die kinderjare aan die lig gebring word en nie langer onderdruk hoef te word nie.

Ons sensitisering vir die wreedheid waarmee kinders hanteer word asook die gevolge van hierdie wrede behandeling, sal heel moontlik die instandhouding van geweld van die een geslag na die ander verminder en hopelik tot 'n einde bring.

Mense wie se integriteit nie aangetas is in hulle kinderjare nie en wat beskerm is, gerespekteer is en met eerlikheid deur hulle ouers hanteer en behandel is, sal in hulle tiener- en volwasse jare intelligent, simpatiek, empaties en hoogs sensitief wees. Hullle sal die lewe geniet en dit heeltemal onnodig en ondenkbaar vind om enige iemand anders of hulleself dood- of seer te maak. Hulle sal wel hulle krag gebruik om hulle self te beskerm, maar nie om ander aan te val nie. Hulle sal van nature die mense wat swakker as hulself is, respekteer en beskerm. Dit sal vanselfsprekend begin by hulle eie kinders, omdat hulle as kinders deur ervaring geleer het hoe om beskerm en gerespekteer te word. Hierdie ervarings en kennis (en nie die ervaring van wreedheid nie) is dus in hulle wese gestoor van die begin van hulle bestaan af. Sulke mense sal nie in staat wees om te verstaan waarom vorige generasies 'n reuse oorlogsbedryf moes opbou ten einde veilig en gemaklik in hierdie wêreld te voel nie.

Omdat dit nie hierdie nuwe generasie se onderbewuste lewenstaak was om ervarings van geweld en intimidasie af te weer vanaf 'n baie jong ouderdom nie, sal hulle pogings van intimidasie wat teenoor hulle gemik is in hulle volwasse lewe meer rasioneel en kreatief kan hanteer.

Hierdie effekte van trauma op kinders en die motivering wat dit aan die huidige geslag bied om die gety te draai, plaas die narratiewe luister en verstaan van die pastorale behoeftes van getraumatiseerde kinders in 'n informele nedersetting weer opnuut in perspektief. Hierdie aanhaling op die voorblad van 'The Untouched Key: tracing Childhood Trauma in Creativity and Destructiveness' van Alice Miller (1991) verklaar iets van die nood om ons en die oproep om 'n verskil aan die nood om ons te maak: "A capsule social history of childrearing and its effects that could change the world if enough of us were in a position to take it in and make use of it" (Boston Globe in Miller 1991: voorblad).

Uit die onderhoude van die vorige hoofstuk is dit duidelik dat daar in hierdie informele nedersetting die belewenis van trauma by kinders is. Miskien kom hierdie oorsprong van die trauma reeds etlike geslagte terug en is dit nodig dat die instandhouding daarvan gestaak moet word en tot 'n einde gebring word. Daarvoor sal dit nodig wees dat al meer mense bereid sal wees om te luister en te help dat kinders se oënskynlike verduisterde toekomsverhale gehoor

word en saam met hulle herinterpreteer word ten einde 'n nuwe toekomsverhaal daar te stel en 'n nuwe generasie met hoop en verwagtinge te kweek.

Daar is oppervlakkig gekyk en geluister na verskillende menings oor die vraagstuk in watter mate kinders aan trauma blootgestel is en dat die mense wat help, goeie harte en bedoelings het, maar te min en nie goed genoeg opgelei is om hierdie trauma by kinders te kan hanteer nie. Dit het duidelik geblyk dat opleiding en 'n eie ondersteuningstelsel soos supervisie, mentorskap, ontlonting en ander menslike hulpbronne en sisteme ver te kort skiet.

Daar is heelwat geskryf oor kinders se belewenis van die lewe en die ervaring van trauma en of dit werklik 'n blywende effek op hulle lewens het. Lewis (1999: 20) skryf as volg hieroor:

> "There is some debate around whether children younger than 2 years are able to remember a trauma, but it seems that they do remember at least some parts of the experience. Even children below the age of twelve months who have been exposed to a traumá, can experience physical sensations that evoke their experience".

Hier is 'n voorbeeld om hierdie teorie te staaf:

> "Sipho (2) was involved in a car accident in which his brother's arm had been amputated. The arm landed next to Sipho and was there until emergency workers could remove Sipho from the back seat of the car. In the therapy sessions, Sipho repeatedly lifted up two cars and crashed them together. He would also take dolls with removable joints, pull of their arms and throw them across the playroom" (Lewis 1999:21).

Hierdie bevestig dat kinders op 'n jong ouderdom bewus is van traumatiese gebeure en daardeur beïnvloed word en daardeur begelei moet word deur relevante doelgerigte berading.

Geldard & Geldard (2011:6) beskryf dat daar fundamentele doelwitte is vir alle kinders wat berading ontvang. Van die volgende doelwitte word orals aanvaar:

Om die kind te help ten einde pynlike emosionele ervarings te hanteer.

Om die kind te help om 'n mate van kongruensie te bereik wat betref gedagtes, emosies en gedrag.

Om die kind te begelei om goed te voel oor homself.

Om die kind te help om sy/haar beperkinge en sterkpunte te ontdek en te aanvaar en om goed te voel daaroor.

Om die kind te fasiliteer om gedrag te verander wat negatiewe gevolge kan hê.

Om die kind in staat te stel om gemaklik en aanpasbaar te funksioneer binne die eksterne gemeenskap (by die huis en by die skool).

Om die geleenthede te optimaliseer, sodat die kind ontwikkelingsmylpale kan bereik.

Kinders se belewing van trauma moet met behulp van 'n narratiewe benadering verstaan en hanteer word. Dit is te verstane dat kinders se stories soms baie meer kleurryk en kreatief is, want kinders is dromers en drome het geen perke nie en dit is kleurvol en innoverend en gee baie vreugde en hoop. Die aard van kinders se speel-en-leer wêreld, maak voorsiening daarvoor dat kinders se hoop en moed nie so maklik gebreek word nie, en daarom laat kinders se stories en selfs belewenis van trauma my dink aan hierdie opmerking van (Neuman 1998:417) in die boek *'Helping your kids cope with divorce ... the sandcastles way'* wat eintlik gemik is op kinders se hantering van egskeiding, maar wat ook in die breë van toepassing gemaak kan word op trauma en die narratiewe verstaan en oordrag daarvan:

> "Think of the sandcastles children build so carefully. Filling pails with water and sand, they create these monuments, then watch as they're washed away. They pause, then start the process all over again. Some castles will topple, other will stand, but what matters is that the children built them, crude but magical testaments to the optimism, resilience, and tenacity that all children possess and that any parent can teach her child to use in learning to grow with – not in spite of – divorce."

Vervolgens gaan gekyk word hoe die benaderings van White & Epston, Müller en Freedman & Combs sal lyk as dit gebruik word as narratiewe instrumente vir kinders. Dit beteken dat dieselfde benadering met effens verskillende invalshoeke en aksentuerings gebruik word om kinders te help om hulle verduisterde toekomsverhale deur middel van herinterpretasie van die verlede-en noodverhale te rekonstrueer. In die proses word ruimte gelaat vir alternatiewe verhale wat 'n meer hoopvolle toekomsverhaal belowe met unieke uitkomste en betekenisvolle sosiale strukture as die gevolge daarvan.

White & Epston (1990) se verduideliking van narratiewe terapie is veral gebaseer op agt waarhede, fases of bewegings.

In die eerste plek word die kind in hierdie geval gemotiveer om sy/haar *storie te vertel.* Hieronder word 'n klompie tegnieke genoem hoe verskillende kinders in verskillende ouderdomsgroepe aangemoedig en gehelp word om op verskillende wyses wel hul lewensverhaal te deel.

In die tweede plek word dan fyn geluister om die *probleem-deurdrenkte verhaal* te hoor, wat tog in 'n mate die rede is waarom hierdie kind wel nou hier by jou is. Hierdie kind het - soos 'Anansi' - verstrengel geraak in die dinge om hom/haar en aan party begin vasklou (meestal onbewustelik) en nie geweet hoe om daarvan ontslae te raak nie.

Die *dominante (dun) storie* is – in die derde plek - die oënskynlike rede vir die kind se besoek, maar gewoonlik verklap die dominante storie die verdere verloop van die verhaal deur 'n sterk aanduiding te gee van dit wat nie die werklike probleem is nie. 'Anansi' was oënskynlik honger, maar hy kon sy vrou se kos geëet het, maar dalk was hy eerder gulsig en wou net voordeel trek uit mense sonder om tyd te spandeer en te kuier en meer geduldig te wees; dit is dalk eerder die rede vir die dilemma waarin hy beland het.

Deur – in die vierde plek - die *invloed van die probleem op verhoudings* te verreken en te ontdek *(mapping)*, is dit nodig om gedurende spelterapie en ander metodes spesifiek te fokus op die kind se demonstrasie van afstand en ruimte tussen homself en ander familielede of vriende. Tekeninge asook die "Child's Voice Toolkit" is baie nuttig om verhoudings en die funksionering van verhoudings waar te neem.

Die vyfde beweging is een van die grondwaarhede van die narratiewe benadering*: Die probléém is die probleem en die probleem* moet verwoord word en *ge-eksternaliseer* word. By kinders word die probleem dikwels makliker gewys en geleef, maar die probleem en die persoon wat dit heel moontlik veroorsaak het, kan nie so maklik uitmekaar gehaal word nie, aangesien konkrete en logiese denke by kinders meer prominent figureer as abstrakte en simboliese denke.

Dan word die verhaal – in die sesde plek - *uitmekaar gehaal (dekonstruksie)*, omdat die onderdele van die verhaal daartoe bydra om by 'n alternatiewe storie (dik verhaal) te kan uitkom. Die kinders demonstreer woede en gevoelens van hartseer, maar wanneer die verhaal gedekonstrueer word, blyk dit gewoonlik dat daar ander onderliggende oorsake is, maar die kind se dominante hanteringsmeganismes is gewoonlik aggressie en woede, hartseer en onttrekking.

Die sewende beweging is wanneer hierdie *alternatiewe storie (dik verhaal)* lei tot *unieke uitkomste* of die unieke uitkomste dan dien as katalisator vir die dikker verhaal. By kinders word *unieke uitkomste* – wat die agste beweging is - maklik ontdek, aangesien kinders tog so

maklik vergewe, en kinders tog gehelp kan word om weer te droom en met minder bagasie dit makliker vind om 'n meer aanvaarbare en rooskleurige toekoms tegemoet te gaan.

Müller (1996:104-105) sê dat elke verhaal volwasse taal is en Peterson (1987:119) in Müller (1996:103) beskryf die verhaal as "... the most adult form of language". Daar word dan verder deur Peterson beskryf dat elke verhaal die volgende vyf karaktereienskappe bevat, nl.: 'n begin en 'n einde; die vertelling van 'n krisis of katastrofe; verlossing vorm op een of ander wyse deel van die intrige; karakterontwikkeling vind plaas en daar is niks toevallig in 'n verhaal nie – alles het betekenis.

> "In die narratiewe pastoraat word die verhaal egter nie net gesien as 'n manier om informasie vry te stel nie, maar inderdaad as 'n manier om 'tot verhaal te kom'. Daarom word mense gelei om hulle verhale op so 'n wyse te vertel en te hervertel dat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie plaasvind. Nuwe verhale moet gekonstrueer word aan die hand waarvan 'n nuwe toekoms verbeeld kan word" (Müller 1996:104).

Daarom voer die berader of terapeut veral vyf bewegings in die narratiewe proses uit. Die terapeut begelei die gesin – eerstens - om hul *storie van nood* te vertel en dan word die gesin – in die tweede plek - begelei om hulle *verledeverhaal* op te diep en oor te vertel. In die derde plek help die terapeut die gesin om hulle toekomsverhaal te vertel, wat in hierdie geval heel moontlik 'n *verduisterde toekomsverhaal* sal wees, maar dan word die nood-en verledeverhaal bevredigend geherstruktureer. "Sodra daar 'n vloei tussen die stories van die toekoms en die verlede is, word daar eintlik 'n nuwe teenwoordige of huidige storie geskep" (Müller 1996:104).

In die vierde beweging word die *verledeverhaal geherstruktureer*, sodat dieselfde feite 'n meer aanvaarbare storie tot gevolg het en daar in die vyfde beweging gebruik gemaak kan word van verbeelding om *'n nuwe toekomsbeeld* te skep.

Hierdie hantering van die narratiewe benadering kan so maklik geïnkorporeer word in unieke tegnieke om kinders se stories te hoor en te sien. Die verlede verhaal kom na vore in verskillende tegnieke soos tekeninge van die familie en verf en collage van mense om my en 'My wêreld' en 'My skool' en dan word iets van die nood ook daarin uitgebeeld. Miskien is die moeilike deel baie keer die samewerking van ouers en volwassenes wat ontbreek om saam te werk om 'n nuwe toekoms te help konstrueer.

Freedman & Combs (1996: 1) lei hul verstaan van die narratiewe terapie in met 'n verduideliking van die paradigmaskuif weg van sisteme na stories en sosiale konstruksie en

bring iets nuuts na die 'narratiewe tafel' deur gebruik te maak van twee metafore ten einde berading en kliniese terapie te organiseer.

> "Using the narrative metaphor leads us to think about people's lives as stories in ways that are meaningful and fulfilling. Using the metaphor of social construction leads us to consider the ways in which every person's social, interpersonal reality has been constructed through interaction with other human beings and human institutions and to focus on the influence of social realities on the meaning of people's lives."

In spelterapie word kinders se verhouding met ander wesens en mense en die wêreld om hulle, verdiskonteer en dopgehou, maar die kind kry ook die geleentheid om sy/haar storie in verhouding met die mense om hulle, te vertel.

Narratiewe benadering met kinders bied wonderlike geleenthede, want jy kan gebruik maak van boeke en stories, klei, konstruksie, tekeninge, vingerverf, speletjies, verbeeldingsreise, verbeeldings-voorgee-speletjies, miniatuur-speletjies, verf/collage, poppekas-poppe en sagte speelgoed, sandputte, simbole/figure,werksblaaie, 'The Child's Voice Toolkit' en selfs Bybelverhale. Die metodes waarop die narratiewe benadering by kinders berus, sluit aan by die kind se belewenis-wêreld en maak gebruik van hulpmiddels wat meestal vir die kind bekend is. Dit kan egter ook heelwat verskil van kinders van verskillende kulture en selfs ook sosio-ekonomiese groeperinge.

Hier volg 'n kortlikse oorsig van elk van hierdie metodes:

**Boeke en stories:**

Dit is een van die natuurlikste hulpmiddels waarmee kinders groot word. Omtrent alle kinders hou van stories en deesdae kan die dvd's van kinderstories ook nog komplimenterend hierby aangewend word. "Books and storytelling can be used to develop insight by illustrating the reality of human behaviour and the inevitability of consequences of behaviour" (Geldard & Geldard 2011:170).

**Klei:**

Klei kan baie waarhede uitbeeld en verhelder, soos klei wat kan hard en sag word, Klei-figure wat gebreek en gerol en weer gebruik kan word om iets nuuts, anders of beters te maak. Klei kan nie breek nie en kan in vorms gedruk, gegooi, platgedruk en selfs hardhandig hanteer word.

> "Clay can be used for a variety of purposes when counselling children but is particularly useful in helping the child to get in touch with and release strong emotions. Additionally, clay is an excellent material to use when working with children because its physical properties are both inviting and useful therapeutically" (Geldard & Geldard:2011:188).

**Konstruksies:**

Hierdie medium kan help dat die kind realistiese doelwitte kan stel en behaal wat pas by sy/haar vermoëns. Progressie in selfvertroue en selfgeloof kan ook doeltreffend gemonitor word. Konstruktiewe en destruktiewe gedrag word baie effektief deur hierdie metode uitgewys.

> "Construction and sculpture are often useful for children who are clumsy or awkward, or who have experienced little success in their lives. As the child creates the sculpture, the counsellor can observe the child's response to failure, success, decision making, problem solving and completing tasks" (Geldard & Geldard:2011:204).

**Tekeninge:**

Dit bly een van die doeltreffendste hulpmiddels om die kind se lewensuitkyk, kwaliteit van verhoudings, selfbeeld en emosionele welstand vas te stel. Dit is binne almal se vermoë en bereik en klomp veranderlikes soos groottes, kleure, afstande en noukeurigheid aan besonderhede bied baie interpretasie moontlikhede.

> "Drawing allows the child to gain insight into their own involvement in events. This can be achieved by inviting the child to draw a comic strip showing the sequence of past events" (Geldard & Geldard:2011:170).

Let op na ...:

... die gebruik van die verskillende kleure vir die verskillende karakters in die skets;


... die verskillende groottes van die karakters of figure in die skets;

... die verskillende kleure van die letters in die geskrewe gedeeltes;

... die verskillende groottes van die skrif en die verskillende style waarin geskryf is;

... die verskillende figure se oë, asook hulle hare;

... die afstande tussen die verskillende figure.




(Rubin 2005:CD, Chapter 4)

> "Inevitably one develops some notions about the problems that children have in growing that bring them to the attention of the adults who care for them, and sometimes to therapists for help. Almost always, they reflect conflict, some kind of battle which has not been successfully resolved" (Rubin 2005:57).

**Vingerverf:**

Hierdie is baie maklik vir kleiner kinders wat dalk nog nie altyd so vaardig met 'n potlood of kryt is nie, maar op 'n lekker smerige en morsige manier met kleure kan speel en veral iets van hulle gemoedstoestand op doek of papier kan uitdruk.

> "Finger-painting allows the child to make pictures and to change them quickly, or to cover them up or erase them with more paint. The size of the paper is the only restraint or boundary, so the child can feel free and be expressive. Finger-painting is sometimes best used as a warm-up exercise for children before they begin creating more representational images with the use of brushes" (Geldard & Geldard:2011:204).

**Speletjies:**

Speel is eintlik kinders se mees natuurlike vorm van funksionering en een van die metodes waar die ware emosionele welstand van die kinders baie duidelik waargeneem kan word. Kinders se ware identiteit word in die spel ontdek en gedemonstreer.

> "The use of games can be a good way to challlenge and develop a child's egostrengths. In games a child has to face issues such as losing, cheating, taking turns, missing turns, sticking to rules of a game. From these rules a child learns what the goals of the game are, learns how to play the game, and learns what limits and consequences there are in the game."

**Verbeeldingsreise:**

Alhoewel kinders ryke verbeeldings het en op verbeeldingsreise kan gaan op hulle eie manier en in hulle eie tydsraamwerk, is dit nie altyd so maklik om kinders te laat stil lê en hulle samewerking te kan behou vir 'n redelike tydjie nie. 'n Redelike tyd is wel nodig om darem ruimte te gee vir die kreatiwiteit om na vore te kom en sodat die kinders wel ten volle kan deelneem aan hierdie reis deur in hierdie dimensie te kan ingaan.

> "The imaginary journey allows the child to retrieve memories of their involvement in events and experiences, and thus to gain insight" (Geldard & Geldard:2011:170).

Die terapeut kan die sessie as volg inlei:

> "We begin the imaginary journey by encouraging the child to sit or lie comfortably on a large bean bag. We then say to the child something like, 'In a minute, I'd like you to imagine that you are going on a journey by telling you about some of the things that you might see on the journey. The things I will tell you about are only my suggestions, so you can ignore them if you like" (Geldard & Geldard:2011:209).

**Verbeeldings-voorgee-speletjies:**

Dit is belangrik dat die kinders keuses kan maak wat kostuums, brille en ander hulpmiddels betref en dat hulle genoeg tyd gegee word om hulle in die rolle te kan inleef, en hulle ervaring van hierdie tipe rolle in die samelewing kan onttrek vanuit hulle geheue, sodat hulle hul kennis en kreatiwiteit hierin kan kombineer.

> "Imaginative pretend play allows young children to take on the role of others in play. Consequently, they can develop insight into the motives and behaviours of themselves and others" (Geldard & Geldard:2011:171).

**Miniatuur diertjies:**

Die meeste kinders is bekend met miniatuur diertjies en identifiseer maklik met diere. Dit is 'n gemaklike, lae-bedreiging oefening. "The use of miniature animals enables the child to gain insight into relationships as animals are placed near to each other or are distant from each other" (Geldard & Geldard:2011:171).

**Verf / Collage:**

Dit is veral, saam met tegnieke soos konstruksie, baie effektief om te gebruik met kleuterskool en laerskool kinders. Saam met konstruksie, bevorder hierdie metode die uitdrukking van meer funksionele en minder emosionele uitdrukkingservarings. "Construction

and collage also promote the exploration of insight and understanding of the child's own behaviour" (Geldard & Geldard:2011:205).

**Poppekas-poppe en sagte speelgoed asook simbole en figure:**

Kinders kan op hulle gemak gestel word, deur te vra dat hulle van hul eie sagte speelgoed saambring en dit deel van die spel maak. "Puppets and soft toys can be used with younger children, and symbols and figurines with older children, in a similar way to imaginative pretend play" (Geldard & Geldard:2011:171).

**Sandput:**

Dit is maar net belangrik om seker te maak dat kinders wel in die sand mag speel. Verseker ook dat die sand korrek behandel is. "Use of the sand tray allows the child to develop insight into events by developing a visual picture of the way in which events may have, or could have, occurred."

**Werksblaaie:**

Werksblaaie kan veral by groter kinders van groot waarde wees, omdat dit baie inligting kan versamel en later heelwat vertrekpunte vir verdere gesprekke verskaf.

> "Activities involving worksheets have many different forms, including answering questionnaires, working on quizzes, finding words, joining dots, looking for differences between pictures, finding hidden items in pictures and matching similar items. Some worksheets include measuring scales, such as pictures of thermometers, or continuum lines which stretch from one extreme to another, to measure attitude, performance or other criteria. Clearly, well-designed worksheets are inviting for children, who enjoy using them. Most importantly from the counsellor's point of view, worksheets act as a springboard for discussion because they tend to draw out and focus the child's thoughts about particular issues or behaviours" (Geldard & Geldard:2011:243).

**The Child's Voice Toolkit:**

Hierdie instrument is deur Me Irma Schutte en Dr. Ronel Duchen ontwerp (2012) en die primêre aanwendingsdoel is om as instrument te dien by mediasie en die opstelling van familieplanne deur mediators. Die opstellers van hierdie program is dit tog eens dat dit vir enige kinderterapie gebruik kan word op gelyke vlak met ander metodes soos spelterapie, tekening, verftegnieke en andere. As ons in ag neem dat egskeiding asook die verlies van ouers op ander maniere, van die mees algemeenste vorms van trauma vir kinders is, maar ook van die mees ingrypende vorme van verandering en dus oorsake van trauma is, kan hierdie


aanhaling uit die studie van Thoma & O'Kane (1998) in Schutte & Duchen (2012:40) ook van toepassing wees op kinders in die algemeen en as motivering dien dat die narratiewe benadering nie alleen 'n benadering tot berading is nie, maar ook selfs 'n behoefte by kinders bevredig:

> "Children considered it important to be listened to. They did not necessarily want to make decisions alone. Nor did they want adults to decide on issues that directly affected children without consulting with them" (Thoma & O'Kane (1998) in Schutte & Duchen (2012:40).

Belangrike fasette van hierdie metode is dat die kind sy/haar wêreld kan konstrueer met behulp van 'My Wêreld-kaart' en 'n pak foto-kaarte waarmee alle belangrike rolspelers in sy/haar lewe (insluitend die kind self) geplot word. Op die dieselfde wyse word 'My Skool-kaart' en 'My Buurt-kaart' ook hanteer. Dan kan die kind verder geleentheid kry om oor sy / haar emosies te praat met behulp van die emosiekaarte en ook sy/haar narratief verder vertel deur middel van 'n pak relevante en lewensgetroue foto's van werklike mense en lewensomstandighede.

Dit is 'n wonderlike eietydse, identifiseerbare en beproefde, maar tog moderne metode om die kind se denke, emosies en belewenis van feite te ontdek op 'n nie-bedreigende wyse wat die kind onbewustelik die geleentheid gee om oop te maak en selfs ontlonting te beleef.

Die opstellers van hierdie hulpmiddel is dit ook eens dat die metode 'n oop-instrument is, deurdat die foto's aangevul kan word om verskeie kulture te huisves en ook nuwe situasies wat mag opduik, te inkorporeer.



**Die toepaslikheid van Media en Aktiwiteite vir verskillende Ouderdomsgroepe (Geldard & Geldard:2011:164)**

| Media | Voorskool (2-5 jaar) | Laerskool (6-10 jaar) | Vroeë Adolessensie (11-13 jaar) | Laat Adolessensie (14-17 jaar) |
|---|---|---|---|---|
| Boeke / Stories | | | | |
| Klei | | | | |
| Konstruksie | | | | |
| Tekening | | | | |
| Vingerverf | | | | |
| Speletjies | | | | |
| Verbeeldingsreise | | | | |
| Verbeeldings-voorgee-speletjies | | | | |
| Miniatuur diere | | | | |
| Verf / Collage | | | | |
| Poppekas-poppe / sagte speelgoed | | | | |
| Sandput | | | | |
| Simbole / Figure | | | | |
| Werksblaaie | | | | |

**Die sleutel vir die tabel:**

| | |
|---|---|
| Mees toepaslik | |
| Toepaslik | |
| Minste toepaslik | |

Verduisterde toekomsverhale van kinders kan dus op verskeie maniere opgevang en raakgesien word, maar indien dit nie gebeur nie en ontken word, kan dit lei tot ongesonde en onvolwasse volwassenes wat dikwels deur middel van regressie gaan probeer om die verwonding van die kinderjare te verlig en soekend gaan bly na 'n beter toekomsverhaal. In die volgende hoofstuk gaan daar juis weer gefokus word op die pastorale behoeftes wat kinders ondervind en na dors en spesifiek kinders in 'n informele nedersetting. Wat is die maniere om hierdie behoeftes te ontdek en aan te spreek? Is daar in die informele nedersetting genoeg bereidwilligheid om deel van die oplossing te wees, of wat is dalk die eerste stap van bewuswording? Lê die antwoord primêr buite of binne die sisteem, of word daar verlang na 'n kombinasie van die twee?

Wie gaan raaksien dat 'Anansi' aan elke been 'n tou vas het en dat hy moeilik loop en dat dit hom gaan verstrengel? Wie gaan met die skêr gereed staan om hom te verlos, of lê die oplossing eerder daarin dat hy vooraf reeds geleer moes gewees het om nie in so 'n situasie te beland nie?

Is die oudste seun in die verhaal van die verlore seun in die informele nedersetting of in die gemeenskap rondom die informele nedersetting? En is die verlorenheid van die jongste seun noodwendig groter en erger in die informele nedersetting as in die res van die wêreld? Wat maak dié verlorenheid dan soveel anders? En wie gaan eerste ontdek dat hulle moet word soos die pa - die jongste seun of die oudste seun; en wie is hulle nou weer en kan hulle so maklik in geografiese gebiede ingedeel word of verwys dit eerder na hulle wat hulle verlorenheid en die vader se genade albei die meeste besef?

> "When the world builds bridges that bring the ends together, it makes weapons. When the church build bridges that brings the ends together, it should make music. Which will we produce? Instruments of healing? " (Sweet 2008:180)?

# HOOFSTUK 5:

## ‘N SAMEVATTING VAN DIE PASTORALE BEHOEFTES VAN KINDERS IN ‘N INFORMELE NEDERSETTING AS GEVOLG VAN TRAUMA: GEVOLGTREKKINGS, BEPERKINGS EN SLOTOPMERKINGS.

In die lig van die voorafgaande literatuurstudie, die demografiese inligting en statistieke en die oorwegend kwantitatiewe navorsing asook die onderhoude en die oorwegend kwalitatiewe navorsing, kan daar nou sekere gevolgtrekkings gemaak word wat betref die narratiewe benadering en verstaan tot en van die pastorale behoeftes van getraumatiseerde jong kinders (7-12) in ‘n informele nedersetting (plakkerskamp). Dit is nodig om tog te kwalifiseer dat die keuse geval het op die Princess Plakkerskamp in Roodepoort, Gauteng en dat daar kontekstueel en wat die relevansie van hierdie navorsing betref, tog duidelike en wesenlike onderskeide getref kan word tussen sekere gevestigde en selfs gegoede dele van ‘n normale ‘Township’. Laasgenoemde kan nie in alle opsigte meer deurgaan as tydelik en informeel nie. ‘n Plakkerskamp wat in sy eksistensiële bestaan, doel en aard, duidelik kwalifiseer as tydelike behuising en bekend staan as ‘n ‘informele nedersetting’ met die minimum formele infrastruktuur, stabiliteit en dienslewering, - oor ‘n wye spektrum van behoeftes – sou selfs in ‘Townships’ as *básies*, geklassifiseer kon word.

Verder wil die skrywer aan die hand van ‘Anansi’ se agt bene, agt gevolgtrekkings maak vanuit hierdie studie.

Die eerste gevolgtrekking wat baie nodig is om te maak, is dat jong kinders in ‘n informele nedersetting beslis in ‘n baie groot mate blootgestel is aan stressors en gebeure wat trauma kan veroorsaak en wat die potensiaal het om baie pyn daarmee saam te bring. Die gebeure is in baie gevalle lewensbedreigend, maar holisties gesien binne die verstaan van die mens as liggaam, siel en gees, wat beteken dat blootstelling aan immoraliteit byvoorbeeld net soveel skade doen as die blootstelling aan gesinsgeweld en die blootstelling aan gesingeweld net soveel skade doen as die moontlikheid om dalk MIV-positief te wees en selfs VIGS te hê, kan alles as lewensbedreigend gesien word. Kwaliteit lewe word bedreig, veronderstelde sorgelose kinderlike bestaan word bedreig asook normale ontwikkelingsmylpale ten einde verantwoordelike volwassenheid te bereik. Die feit dat hierdie jong kinders op ‘n baie groter skaal aan hierdie omstandighede blootgestel is en blootgestel word as hulle portuurgroep wat in ander omstandighede opgroei, veroorsaak omstandighede met heelwat pyn, verwerping, ‘n

verlies aan identiteit en 'n verlies aan onvoorwaardelike aanvaarding en liefde. "The deepest pain in suffering is the fear of being rejected for who one is without any guarantee of unconditional love" (Louw 2012:22).

Hiermee saam veroorsaak hierdie trauma-oorsake en stressors dat hierdie kinders se lewe in baie opsigte soos 'n rivier is met verskeie stroomversnellings en hindernisse. Dit is ontstellend dat destruktiewe omstandighede en gebeure kinders se ontwikkeling laat versnel, - en nie altyd ten goede nie - aangesien hulle soms tot volwassenheid geforseer word en verantwoordelikhede aan hulle toevertrou word; verantwoordelikhede waarvoor hulle nie eers altyd die inligting en kennis het nie, wat nog te sê lewenswysheid wat onontbeerlik is in 'n volwasse wêreld waar volwasse besluite geneem moet word.

> "The art of living life meaningfully does not imply adopting a 'quick-fix' appproach, but involves a life-long journey and process of learning. Life is like the flow of a river with many rapids. For the process one needs more than knowledge and information. One needs wisdom. One needs that kind of knowledge which can help one to make a true discernment between right and wrong, between what is inappropriate, what really counts and what does not matter" (Louw 2012:23).

Hierdie kinders het in baie gevalle nie die luukse gehad van 'n 'life-long journey and process of learning' nie, en is as gevolg van verkeie faktore in die diep kant van hierdie rivier ingegooi en moes maar net swem.

> "The urge to achieve wisdom dovetails with the need for maturity, identity and responsibility. Responsibility then is a commitment to ..." (Louw 2012:23). Hammerskjöld (1993:81) in (Louw 2012:23) sê: "Your responsibility is a 'to –': you can never save yourself by a 'not-to-'".

Die Vader in Lukas 15 het hom verbind om verantwoordelik te bly vir sy jongste en oudste kind al kon hy hulle nie keer om weg te gaan nie, maar hy het gekies om gereeld te gaan kyk of die jongste teruggekom het en om aan die oudste 'n persoonlike en pertinente uitnodiging te rig om terug te keer na hom en saam te kom feesvier. Die kerk het nodig om te 'commit to ...', sodat daar 'n pad geloop kan word met kinders wat verantwoordelikheid geleer moet word, sodat hulle kan 'commit to ...' en nie meer slagoffers sal wees nie, maar oorwinnaars en op die wyse ook kan 'commit to ...' Jesus Christus as hulle Verlosser.

'n Tweede gevolgtrekking is dat hierdie kinders se uithouvermoë en weerstand teen traumatiese ervarings baie hoog is en in daardie opsig word daar deur sommige van die rolspelers en ook van die persone met wie onderhoude gevoer is, geredeneer dat hulle nie oortuig is daarvan dat hierdie kinders noodwendig getraumatiseer is nie.

> "Resilience is the ability to thrive in the face of difficult circumstances. Some children are able to survive traumas and able to continue to develop without permanent emotional scarring" (Lewis 1999:10).

Rina van 'From the Heart' Kleuterskool en Elaine van 'Princess High' het gevoel dat die kinders vanuit Princess Plakkerskamp nie noodwendig hulle grootste probleem is en dat hulle nie dink dat die kinders noodwendig in alle opsigte getraumatiseerde en derhalwe ongelukkige kinders of wanaangepaste kinders is nie.

> "Many studies show that one of the most important factors that leads to resilience in children is a close, loving relationship with a supportive, available caregiver. Such relationships act as a protective shield for the child during times of trauma" (Lewis 1999:12).

Hierdie aanhaling van Lewis werp dus meer lig op Rina Smith se waarneming dat die kinders by haar kleuterskool gelukkige kinders is en oënskynlik nie so diepgaande ge-affekteer is deur die plakkerskamp-omgewing en omstandighede nie. Dit is dus toe te skryf aan die liefde van die versorgers en die stabiliteit wat hulle aan die kinders bied, selfs as die ouers dan soms vergeet of nalaat om die kinders te kom haal. Net so bied Susan Rammekwa en haar personeel by Tshepang (OVC) ook stabiliteit aan kinders wat liefdevolle versorging asook beskikbare versorgers insluit en dit bevestig ook mev Elaine Powell se opmerking dat daardie kinders uitstaan en nie getraumatiseerde gedrag demonstreer nie.

> "The resilient child also usually has sources of emotional support outside of the family for example with community or religious leaders, neighbours, teachers or peers. Whereas resilient children usually seek out these relationships on their own, these types of relationships can be created for all children to assist them to develop resilience" (Lewis 1999:12).

Weer eens bied van die kleuterskole soos dié by 'Tshepang' en 'From The Heart' en die OVC-programme ook hierdie emosionele ondersteuning, godsdiensonderrig en selfs mentorskap aan.

Garmezy et al. (1984) in Donald et al. (2000:10-11) hanteer drie modelle wat die maniere uitspel waarop weerstand opereer. Die tweede is hier van toepassing.

> "The second is the challenge model. Here the child's exposure to a moderate amount of stress acts to strengthen its ability to cope with difficulties at later points in life. This model explains the finding that children who have been exposed to adversity, and have learned to cope well, are likely to feel more competent in coping with future difficulties" (Donald et al 2000:11).

Daarom is almal wat liefde, ondersteuning en stabiliteit bied van onskatbare waarde vir die toekoms van hierdie kinders. Dit beklemtoon die belangrikheid om te fokus op die verstaan

van die trauma van hierdie kinders, maar meer speifiek lê die prioriteite by die daarstelling van 'n vertrouenspad en die skep van volhoubare luister-en verstaansverhoudings. Dit is dus 'n toekomsbelegging om nie noodwendig die trauma weg te neem nie, maar hulle te begelei om dit met genoegsame ondersteuning deur te gaan en sterker daaruit te kom, veral wat die ontwikkeling na volwassenheid en verantwoordelike asook verantwoordbare volwassenheid in die besonder betref.

'n Derde gevolgtrekking is dat hierdie kinders honger is vir stabiliteit en dus is die eerste pastorale behoefte om erken en aanvaar en gehoor te word. Hierdie gevolgtrekking word veral gesteun deur die 320 kinders wat by Susan Rammekwa by Tshepang die OVC-program bywoon, en Susan se noodkreet dat sy nie 'n groter kapasiteit vir meer kinders het nie. Rina Smith van 'From the Heart' kleuterskool het bevestig dat Susan baie meer kinders sou kon inneem as haar fasliteite en infrastruktuur dit sou kon toelaat. Die behoefte is beslis daar. Rina sou self ook heelwat meer kinders kon inneem, maar fasiliteite is ook deels die oorsaak dat sy departementeel vir net 140 kinders geregistreer kon word. Mev Powell, die skoolhoof van 'Princess High', se hartsbegeerte is dat meer kinders by die programme ingeskakel kan word, en selfs kinders van omliggende 'townships' en nie eers net Princess Iinformele Nedersetting op sigself nie.

Hierdie kinders wil soos alle kinders en mense oor die algemeen erken, aanvaar, liefgehê en versorg word.

> "We all have basic needs. The need to be intimate with others, the need to be free, the need to have expectations and meaning, the need to be part of a support system and the need to experience life fulfillment" (Kuyler 2008:3).

'n Vierde gevolgtrekking dat daar beslis 'n behoefte is aan 'n sterk evangeliese onderbou wat gefundeer is in skrifgetroue uitleg, aangesien die kerkgroepe wat die sterkste staan, nl. Die Twaalf Apostels en die ZCC almal ondertone het van Afrika-tradisionele godsdienste met vooroueraanbidding wat veral by die Twaalf Apostels 'n prominente rol speel. Hulle het nodig om God te ontmoet en te leer ken in hulle situasie te midde van lyding en traumatiese ervarings.

> "The identification of God with suffering is inexplicable. God provides no logical explanation for the origin of suffering" (Louw 1979:182) in Louw (2008:225).

Godsdiens en kerke is, soos reeds vroeër in die studie genoem, baie populêr en kerke in die besonder is die vinnigste groeiende besigheidssektor in dié informele nedersetting, maar of hierdie godsdiens-beoefening vrae oor God en Lyding beantwoord en diepgaande worstelings aanspreek, is 'n ope vraag. Wat is die bron van die teologiese begronding? Is die Woord altyd die bron-dokument of is die motivering heelwat meer oppervlakkig? Word daar gefokus op woorde wat gerusstel en selfs polities-korrek is of op kitsantwoorde wat 'terugkere' verseker en die besigheid laat groei? Daar is nie in trauma en lyding maklike oplossings en antwoorde nie. Dit is en was nooit God se bedoeling nie en enige maklike resepte en oplossings en oorsaak - gevolg verbande is heel moontlik nie skrifgegrond en van God af nie.

Verder verklaar Louw (2008:225) dit as volg:

> "A logical answer does not, in any case, provide comfort – it merely settles one's qualms temporarily. God does not always provide answers to our logical why-questions, but, in the midst of our struggle, he places the therefore (the illogical reason) of the cross. God does not provide a solution but a salvation".

Te midde van die situasie, is God altyd daar. Hy weet hoe om Sy teenwoordigheid sigbaar en voelbaar te laat geld te midde van lyding, swaarkry, verwerping en verlatenheid.

> "The challenge of the poor in informal settlements call for an approach of mediating love by the church. The church is also the church under the cross. Therefore the church reaches out to desperate people who are also living under the cross to allow them to experience the love of Him who, by dying on the cross, has opened up a new life of the new people before God. The cross is not the end. The cross is followed by the resurrection. As people of God, the love of the resurrected One is radically proclaimed to the poorest of the poor" (Verster 2012:84).

Is die Kerk nie veronderstel om sy nabyheid en sorg te demonstreer en as liefdevolle vaders verlossing aan te kondig nie, en selfs met skêre in die hande te staan om spinnedrade van 'Anansi' se pote af te sny nie?

> "Start with mission and it is likely that the Church will be found. We engage first in incarnational mission, and the church, so to speak, comes out of the back of it" (Hirsch 2006:143-144).

Die reg om kerk te mag wees en deel van die kerkgemeenskap te word of om investerend betrokke te raak in die reeds bestaande evangeliese kerke se leierskap-en mentorskapstrukture (indien funksionerend), sal moet begin by die kerk as verteenwoordiger en agent van God se nabyheid en versorgende hand.

> "In a certain sense, God was present in Christ's suffering and death on the cross. That God is present in suffering implies that the believer can count on his faithfulness in the midst of suffering. The cross reveals the fact that God's providence and the promises cannot be separated" (Louw 2008:225).

Kuyler (2008:3-4) maak gebruik van Louw (2008: 65) se 'Life Dimensions of Healing' en maak melding daarvan dat daar baie dinge is wat 'n aanval loots op ons, sodat ons lewensbehoeftes nie vervul kan word nie. In die lig hiervan word genoem dat probleemoplossing nooit maklik is nie en hy aksentueer enkele fokuspunte in die verstaan van probleemoplossing. Daar moet 'n begrip wees vir dit wat ons lewens en die lewens van ander om ons affekteer. Dan is dit belangrik om eienaarskap en verantwoordelikheid vir probleme te aanvaar. Nuwe moontlike van probleemoplossing moet ontdek en ontgin word, maar sal moontlik voorafgegaan moet word deur 'n nuwe posisionering van die geaffekteerde. Binne die fokuspunte, bly die realiteit selfs vir Christene ook van toepassing, nl."... we need to remember that solving problems is not easy" (Kuyler 2008:4).

> "To announce, however, that the Liberator is sitting among the poor and that the wounds are signs of hope and that today is the day of liberation, is a step very few can take. But this is exactly the announcement of the wounded healer: 'The master is coming – not tomorrow, but today, not next year, but this year, not after all our misery is passed, but in the middle of it, not in another place but right here where we are standing" (Nouwen 2010:95).

'n Vyfde gevolgtrekking is dat daar met hierdie kinders verhoudings gebou sal moet word, sodat hulle binne vertrouensverhoudings hulle stories op kindervriendelike, kultuureie wyse kan vertel en oorvertel, sodat hulle nie langer slagoffers bly nie, maar rolspelers wat op hulle vlak gekonsulteer kan word.

> "The process of telling and re-telling in response to the therapist's questions, and also in contexts outside therapy, frees persons to re-position themselves in relation to their problems and to identify and take up preferred ways of living and relating" (Payne 2000:102).

Dit is juis buite die konteks van formele terapie waar die narratiewe benadering bevrydend en waardevol kan meewerk in die totstandkoming van vertrouensverhoudings. In sulke vertrouensverhoudings word kinders se ongeïnhibeerde menings en begeertes ten beste gehoor en vind informele konsultasie plaas, maar – debatteerbaar - heel moontlik meer geloofwaardige konsultasie wat tot voordeel van die kind se welstand sal strek.

> "In these circumstances children are not usually consulted about these dilemmas over what sort of parental action might be effective, about what consequences might be in the children's own best interest in the long run, or about aspects of the children's know-how that might be applicable to the situation. When these circumstances are present in families seeking therapy, this can be an ideal time for therapists

> to consult children in ways that make possible the exploration of their solution knowledges, and in ways that present options for them to take these up in addressing the concerns" (White 2000:22).

'n Sesde gevolgtrekking hou verband met die feit dat die meeste versorgers nie voldoende toegerus is vir die dienswerk wat hulle doen nie, en dus word hulle nie net oorval deur die lading van gevalle nie, maar ook deur die uitdagings wat die intensiteit daarvan aan hulle stel en derhalwe die gevoel dat hulle nie opgewasse is vir die eise wat aan hulle gestel word nie. Daarmee saam is daar 'n tekort aan ondersteunings-, ontlonting-, mentor-, traumaberading- en toerustingstelsels om hulle arms in hierdie omstandighede te sterk. Daar is enkele individue en instansies wat groepwerk met van hierdie 'caregivers' en selfs vrywilligers doen asook programme met hulle behandel, maar dit is meestal te min en die intense behoefte van ontlonting en traumaberading word nie altyd effektief genoeg, gereeld genoeg en deurlopend aangespreek nie.

'n Sewende gevolgtrekking is dat die Gemeenskap rondom die Princess informele nedersetting en selfs bietjie wyer as die onmiddellike gebied, nog nie voldoende ontgin is en gesensitiseer is aangaande die werklike toedrag van sake in hierdie gebied nie. 'n Totale holistiese gemeenskaps-aanslag en 'n gees van diensbaarheid en samewerking word benodig.

> "Given the highly politicised nature of informal settlements (often accompanied by land invasions), tendencies to boycott perceived 'top down' and unpopular initiatives are common within the South African context. The high incidence of social problems such as unemployment, violence, low income levels and poverty in such areas, requires that informal settlement upgrading projects should be facilitated in a more participatory manner. To date, however, little has been done to identify tested and proven criteria to ensure true and meaningful community involvement in the upgrading of informal settlements - particularly ones tailored to the South African context" (Botes 1999:3).

Daar is vaders met oop arms nodig wat op 'n gereelde basis gaan kyk of daar nie verlorenes is om te ontvang nie. Hierdie vaders moet gereed staan met vetgemaakte kalwers en nuwe klere en sagte liefdevolle hande en oë. Daar is heelwat gemeenskapsorganisasies en kerke wat fisiese hulp kan verleen aan spesifieke instansies soos Tshepang en From the Heart Pre-Primary School.

Die agste en laaste gevolgtrekking is dat die narratiewe benadering om die volgende redes baie geskik is vir die verdere verstaan van die pastorale behoeftes van hierdie gemeenskap oor die algemeen en die getraumatiseerde kinders in die besonder:

- Die *nie-direktiewe aard* van die benadering wat nie van bo af kom adviseer oor omstandighede waarvan die berader nie altyd eerstehands kennis het nie. In 'n Suid-Afrikaanse konteks teen die agtergrond van rassehaat en –spanning, is enige ander benadering oor die kleurgrense heen heel moontlik gedoem, omdat advisering vanuit 'n hoogmoedige en beterweterige posisie binne hierdie milieu so goed soos vertroue-selfmoord is.

- Die *eksternalisering van die probleem* neem die angel van vingerwysing en afskuif van verantwoordelikhede effens uit die scenario uit en bevorder probleemoplossende denke en 'n gefokusde uitkomsbenadering.

- Die moontlikheid van *unieke uitkomste* is juis die invalshoek vir die presentering van 'Hoop' vanuit die Evangelieverhaal in die besonder en die Woord van God in die algemeen. Op die markplein word dikwels gehoor: 'Crasy times asks for crasy measures'. Net so vra informele nedersettings vir unieke, nuwe, verrassende, vernuwende oplossings, benaderings en uitkomste.

- Die *verhoudingsaard* van die narratiewe benadering, is presies wat nodig is om brûe te bou en klowe oor te steek. Die invloed van probleme op verhoudings, is van kardinale belang in 'n omgewing waar gesins- en familieverhoudings anders lyk as wat tradisioneel aanvaarbaar en bekend is. Vaardighede om in hierdie nuwe sisteme en strukture goeie verhoudings te vestig en te handhaaf is essensiëel vir 'n gesonde samelewing.

- Die klem wat op *luister en dekonstruksie* geplaas word, ontsluit die potensiaal van ontwikkeling van lewensvaardighede en die aanvaarding van eienaarskap van probleme en die oplossings vir probleme.

Die storie van 'Anansi', asook die verhaal van die barmhartige vader en die verlore seuns, het gepoog om die hele verhandeling in 'n narratiewe verpakking aan te bied. 'Anansi' kon tuis geëet het of 'Anansi' kon langer vertoef het by die verskillende vriende en tyd spandeer het en dus daar klaar geëet het, sodat hy nie potte aan sy pote gehad het nie. 'Anansi' kon bloot 'nee' gesê het vir van die aanbiedinge om saam te eet, en dan het hy ook nie so baie bagasie gehad nie.

Die gevolgtrekkings wat gemaak is, verteenwoordig dan ook keuses en dit impliseer ook dat nuwe keuses in die toekoms gemaak kan word en die gevolge van vorige keuses, nuut geïnterpreteer en in toekomsplanne nuut geïmplementeer word. Daar is dus nuwe en verrassende uitkomste wat wag om 'n nuwe alternatiewe verhaal te konstrueer. Op dieselfde wyse sou die verhaal van die vader en sy seuns ook gedekonstrueer word en nuwe uitkomste, nuwe verhale en hernude hoop bring.

Daar is wel ook beperkings aan die studie. Die volgende beperkings is betekenisvol wat betref die uitkoms en gevolgtrekkings van die studie, maar is ook belangrik om in ag te neem wanneer verdere studies oor hierdie onderwerp in die toekoms beplan en onderneem word.

Die omvang en tyd van die studie het op sigself sekere beperkings gestel aan die ...

- aantal onderhoude wat gevoer kon word.
- lengte van die onderhoude en die skopus van die vraagstelling.
- die hele benadering rakende die kwantitatiewe navorsing, die aantal vrae op die vraelyste en die aantal respondente.
- die opsporing van vorige soortgelyke studies.
- die literatuurstudie en die kursoriese omvang met die bronne wat wel gebruik is.

Verder het die relatiewe onbekende en vreemde gebied vir die navorser sekere uitdagings gebied, waarvan sommige oorkom is, maar ander eers oor 'n langer tydperk oorkom sal word en dit op sigself bied sekere beperkings en dalk selfs tekortkominge in terme van die studie. Dit sluit faktore in, soos ..

- vertrouensverhoudings wat eers gevestig moet word met belangrike rolspelers in die gemeenskap.
- taalverskille wat op hierdie stadium en in die toegelate tyd van die studie meegebring het dat nie alle verlangde onderhoude met soveel effektiwiteit en sukses gevoer kon word nie.

- taalverskille wat dit binne die konteks en omvang van hierdie studie nog nie moontlik gemaak het om met die kinders self d.m.v. 'n narratiewe benadering interaksie kon gehad het nie.

- die problematiek om onderhoude met werklik prominente leiers in die gebied te kon kry. Een voorbeeld hiervan is dat die skrywer nie daarin kon slaag om met mnr. Alfred Ndau, 'n vooraanstaande ANC-leier en voormalige raadslid, 'n suksesvolle onderhoud kon gehad het nie, nadat ons drie afsprake gehad het en hy nooit by enige van die drie opgedaag het nie en beloftes om 'n vierde afspraak van sy kant te maak, nooit nagekom is nie.

- die statistieke van die gebied wat nie maklik bekombaar was nie en dat selfs dié wat wel bekom is, moontlik bevraagteken kan word as gevolg van die inwoners wat nie baie entoesiasties deelneem aan sulke projekte soos sensusopnames nie, omdat baie van hulle juis gesigloos en naamloos wil bly as gevolg van verskeie faktore wat verband hou met name op verskeie waglyste vir behuising, onwettige immigrante ens.

- antieke statistieke, omdat die 2011-sensus se statistieke nog nie beskikbaar was nie, en daar dus gebruik gemaak moes word van 2001 se statistiese syfers.

Die bogenoemde beperkings stel dan ook alle gevolgtrekkings en aannames in konteks en beklemtoon dat hierdie studie op geen manier daarop aanspraak maak om volledig te wees of poog om naastenby die laaste woord te sê oor 'n baie komplekse en groeiende vraagstuk in 'n Suid-Afrikaanse konteks nie. Hierdie is hoogstens 'n verkennende en inleidende studie en die hoop word uitgespreek dat dit verdere in-diepte-studie sal stimuleer en aanmoedig.

Verdere studies sal die geleentheid bied om hierdie narratiewe terapie in hierdie gebied met kinders te gaan doen en die verskille van die narratiewe benadering teenoor ander benaderings in die praktiek bloot te lê en uit te lig.

In 'n moontlike doktorsgraad navorsingsvoorstel en proefskrif, sal daar na die volgende gekyk kan word:

Narratiewe opleiding aan 'caregivers' en ander vrywilligers in die gemeenskap wat met kinders werk.

Opleiding in traumaberading en ontlonting.

Die toepassing van narratiewe terapie met 'n aantal kinders waar daar gebruik gemaak word van allerhande verskillende tegnieke.

Die toepassing van narratiewe terapie met individue, groepe en gesinne.

Die evaluering van ander benaderings.

Die evaluering van die narratiewe benadering, nadat dit met 'n aantal kinders, gesinne en groepe gedoen is.

Vergelyking van verskillende benaderings binne die konteks van 'n Informele Nedersetting.

Wat onteenseglik bewys en ervaar is, is dat hier wonderlike geleenthede is om met behulp van 'n naratiewe benadering betrokke te raak by en 'n verskil te maak tot die pastorale behoeftes van getraumatiseerde kinders in Princess Informele Nedersetting, en dalk kan dit uitkring na ander Informele Nedersettings asook ander gebiede waar soortgelyke nood en behoeftes is en mag ontstaan. Dit was 'n voorreg om hierdie besondere navorsingsgeleentheid en studies te kon aanpak en te kon voltooi, en daar is beslis 'n verwagting dat hierdie as inleiding kan dien van 'n meer in-diepte navorsingsprojek en deurlopende, doelgerigte praktiese werk om werklik 'n verskil in die lewens van getraumatiseerde kinders en selfs gesinne in 'n Informele Nedersetting te maak.

## BIBLIOGRAFIE


Bybelgenootskap. 1983. Die Bybel in Afrikaans. Die Nuwe Vertaling. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van SA.

Bosch, D.J. 2010. Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission. Maryknoll, New York: Orbis Books.

Botes, L.J.S. 1999. Community Participation in the Upgrading of Informal Settlements: Theoretical and Practical Guidelines. Ongepubliseerde D.D.-tesis: Universiteit van die Vrystaat.

City of Johannesburg. 2010-11. Adopted Budget: Regions.

Collins, G.R. 2005. Die A tot Z van Berading: Bybelse Perspektiewe op Probleemoplossing. Die mees omvattende Gids. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Dinokeng Scenario. 2009. The Dinokeng Scenarios. 3 Futures for South Africa.

Donald, D et al. 2000. Addressing Childhood Adversity. Kaapstad: David Philip Publishers.

Donn, L. Why Anansi has eight Thin Legs. Ancient story retold by Lin Donn. www.http//mrdonn.org/anansi/html

Dreyer,Y & Endres, A. 2009. Pastoraat en Jeugtrauma, die 'sondebokmodel', en Jesus as Rolmodel. HTS 65 (1): 251-256.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. Narrative Therapy. The Social Construction of Preferred Realities. New York, London: W.W. Norton & Company.

Geldard, K & Geldard, D. 2011. Counselling Children: A Practical Introduction. London, California, New Delhi, Singapore: SAGE Publications Ltd.

Gerkin, C.V. 1984. The Living Human Document. Re-Visioning Pastoral Counseling in a Hermeneutical Mode. Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C.V. 1986. Widening The Horizons. Pastoral Responses to a Fragmented Society. Philadelphia: The Westminister.

Hansel, T.C. et al 2010. Attention to Process and Clinical Outcomes of Implementing a Rural School-Based Trauma Treatment Program. Journal of Traumatic Stress. 23 (6): 708-715.

Hawtin, M & Percy-Smith, J. 2007. Community Profiling: a practical guide. Berkshire, New York: McGraw-Hill Open University Press.

Hirsch, A. 2006. The Forgotten Ways. Reactivating the missional church. Grand Rapids, Michigan: BrazosPress.

Kumona, M. September 2011. For the love of Children. Roodepoort Rekord, p. 44-45.

Kuyler, D. 2008. The viruses that destroy our lives and God's ARV to keep us alive. Six sermons addressing the most basic needs of people and their search for meaning. Unpublished.

Landman, C. 2007. Doing narrative counselling in the context of township spiritualities. Ongepubliseerde DTh-tesis: Universiteit van Suid-Afrika.

Lewis, S. 1999. An Adult's Guide to Childhood Trauma: Understanding traumatised children in South Africa. Kaapstad: David Philip Publishers.

Lewis, A. 2009. Assessing childhood trauma: a holistic perspective. Child abuse Research: A South African Journal. 10(1): 14-26.

Louw, D.J. 1999. Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Wellington: Lux Verbi.BM.

Louw, D.J. 2008. Cura Vitae. Illness and the healing of life. Cape Town: Lux Verbi.BM.

Louw, D.J. 2012. Network of the Human Soul: On Identity, Dignity, Maturity and Life Skills. Stellenbosch: Sun Press.

Maqoko, Z & Dreyer,Y. 2007. Child-headed households because of the trauma surrounding HIV/AIDS. HTS 63(2): 717-731.

Meintjes, B. 2006. Restoring Dignity: Sinani Handbook for Trauma Support Workers. Kwazulu Natal: Sinani KwaZulu-Natal Programme.

Mekoa, K.J. 2010. Towards a Pastoral Methodology for Traumatised Children. Ongepubliseerde mini-verhandeling. Universiteit van die Vrystaat.

Miller, A. 1991.The Untouched Key: Tracing Childhood Trauma in Creativity and Destructiveness. New York: Anchor Books.

Mouton et al. 1989. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, J. 1996. Om tot Verhaal te kom: Pastorale Gesinsterapie. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, J. 2000. Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering. Wellington: Lux verbi. BM.

Neuman, M.G. 1998. Helping Your Kids Cope with Divorce the Sandcastles Way. New York: Random House.

Nouwen, H.J.M. 1995. In the Name of Jesus: Reflections on Christian Leadership. New York: The Crossroad Publishing Company.

Nouwen, H.J.M. 2007. Die Terugkeer van die Verlore Seun: 'n Ware verhaal oor tuiskoms. Wellington: Lux Verbi. BM.

Nouwen, H.J.M. 2010. The Wounded Healer: In our own woundedness, we can become a source of life for others. London: Darton, Longman and Todd Ltd.

Osmer, R.R. 2008. Practical Theology. An Introduction. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company.

Payne, C & Edwards, D. 2009. What services and supports are needed to enable trauma survivors to rebuild their lives? Implications of a systematic case study of cognitive therapy with a township adolescent girl with PTSD following rape. Child Abuse Research in South Africa. 10(1): 27-40.

Retief, Y. 2004. Healing for trauma in the South African context. Genesing vir Trauma. Kaapstad: Struik Christian Books.

Rossouw, P.J. 1983. Grondlyne van 'n Pastorale Model – Gerben Heitink. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Rossouw, P.J. 1992. Pastoraat. Departement Diakoniologie. Diktaat. Bloemfontein: UOVS.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 2012. Qualitative Interviewing. The Art of Hearing Data. Los Angeles, London, New Delhi, Singapore, Washington DC: SAGE Publications, Inc.

Rubin, J.A. 2005. Child Art Therapy. 25th Anniversary Edition: DVD-ROM illustrates art therapy techniques in actual therapy settings. Hoboken: John Wiley & Sons, Inc.

Rubin, J.A. 2005. Child Art Therapy. 25th Anniversary Edition. Hoboken: John Wiley & Sons, Inc.

SACLA. 2004. South African Leadership Assembly. Being Real Christians in the Real South Africa. SACLA Giants. Retrieved 7 September 2011 from the World Wide Web: http://www.sacla.za.net/public_html/7giants.htm

Schutte, I. & Duchen, R. 2012. Child Participation in mediation and litigation: Two day training course. Centurion: Familyzone.

Schutte, I. & Duchen, R. 2012. Child's Voice Toolkit. Centurion: Familyzone.

Siegel, J. & Bryson, T.P. 2012. The Whole-Brain Child: 12 Revolutionary strategies to nurture your child's developing mind. New York: Bantam Books.

Smith, C. & Nylund, D. 1997. Narrative Therapies with Children and Adolescents. New York: The Guilford Press.

Smith, P. 2009. To Weep for a Stranger: Compassion Fatigue in Caregiving. California: Createspace.

Spacetime Research Pty Ltd. 2012. Census 2001. Retrieved 14 September from the World Wide Web: www.str.com.au

Swart, Röcher, Green, Erasmus. 2010. Religion and Social Development in Post-Apartheid South Africa. Perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press.

Sweet, L. 2008. Aqua Church 2.0: Piloting Your Church in Today's Fluid Culture. Colorado Springs: David C. Cook.

Verster, P. 2012. A Church with the Poor – Lessons from Scripture and from Congregations in Informal Settlements. Acta Theologica. Supplementum 16: 70-88.

Waisenkinder. 2009. Beschreibung des Tshepang Programme for Orphans and Vulnerable children. Retrieved 31 July 2012 from the World Wide Web: www.hiv-waisenkinder.de/kontakt-de.html

Weyers, M.L. 2011. The Theory and Practice of Community work: A Southern African Perspective. Potchefstroom: Keurkopie.

White, M. & Epston, D. 1990. Narrative Means to Therapeutic Ends. New York, London: W.W. Norton & Company.

White, M. 2000. Reflections on Narrative Practice: Essays & Interviews. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Wilson, L. & Van Wyk, C. 2009. Intervention with sexually abused children in middle childhood: guidelines for therapists. Child Abuse Research: A South African Journal. 10(2): 1-9.



UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY